

nyg: buig; Ndl. *nijgen* (Mnl. *nīghen*, “buig”), Hd. *neigen* — misk. is Ndl. *neigen*, Afr. *neig* (q.v.) ’n kous. hiervan en hou albei verb. m. Lat. (*con*)*nivere*, “saamspan”.

nylon: tekstielstof; intern. wd. i. d. handel, eerste spinnery v. nylon-garing i. 1938/9 d. Du Pont de Nemours geopen, ben. na anal. v. tekstielstowwe se name op *-on* soos *dacron*, *orlon*, *rayon*, ens.

nywerheid: industrie; (eers) Nnl. *nijver*, wsk. saamgetrek uit *in ijver* (vgl. *noeste*), reeds d. Kil verbind m. *uveren*, “begeer” en *uveren/nuveren*, “vra, verlang”, dan wsk. ook verb. m. Ned., Gron. en Fri. *nüver/nüfer*, “netjies, ywerig”, en Brab. *nuver*, “ywerig”.

O

oase: plek m. water i. d. woestyn (veral i. d. Sahara); eers Nnl. *oase/oasis*, Hd. *oase*, Eng. en Fr. *oasis* uit Lat. *oasis*, Gr. *oasis/auasis* uit Kop. *ouahe*, “beboubare grond” (uit *wahe*, “woon”, en *sa*, “drink”).

oblietjie: gew. dim., “dun wafelagtige gebakkie”; Ndl. (reeds Lmnl.) *oblie*, Fr. *oblie/oublie* uit Ll. *obl(e)ia/oblagia/oblata*, eint. verk. v. *hostia*, “offer”, *oblata*, “aangebied”, verl. dw. v. Lat. *offere*, “aanbied, offer”, d.w.s. die wafeltjie wat by d. R.K. Kerk se erediens voor die wyding daarvan aangebied is; by vWiel (20, 47) *oblietjie(s)* blb. as lekkerny.

obstinaat: eiesinnig, koppig, by Trig (1Ro T DLT 255) *opstinaat*; Ndl. *obstinaat* (nie in WNT nie), soos Eng. *obstinate* uit Lat. *obstinatus* (uit *obstare*, “aanhou, volhard”).

obstrawasie: (dial. v.) “moeilikheid, obstruksie”, misk. kontamv. van *obstruksie* en *strawasie* (q.v.).

obstruksie: dwarsboming; hindernis; Ndl. *obstructie* (nie in WNT nie), soos Eng. *obstruction* uit Lat. *obstructio* (*ob-*, “teen”, + *struere*, “bou..”).

oek v. ook.

oeltjie v. oueltjie.

oemfaan: — *fanja(a)n* — , (dial. v.) jong naturelleseun; Ngu. *um-fana*, dim. v. *um-fo* (vgl. NSo., SSo. en Tsw. *bana*, “kinders”).

oemgesisa: pln. (vlgs. Mar 84, 121 s.v. *umgezisa* is dit dies. as *kieper=sol*, *sambreeboom*, ens., nl. *Cussonia umbellifera*, fam. *Araliaceae*); Ngu., v. *um-gezisa* (Doke-Vil 245), asook Watt-BB 1380 v. Pon. en Xh.

oemjela: — *oemjele* — , pln. (vlgs. Mar 69, 84, 125 s.v. *umjela* is dit *Rauwolfia natalensis*, fam. *Apocynaceae*); Zu. *um-jela/jele* (Doke-Vil 358), maar ook Pon. en Xh., v. Watt-BB 1432, dus Ngu.

oemkwenkwe: pln. (vlgs. Mar 47, 84, 108 s.v. *umkwenkwe* is dit *Pittosporum viridiflorum*, fam. *Pittosporaceae*, ook bek. as *bos-boekenhout*, *kasuur*, *seephas*, *stinkbas*); Xh. *um-kwenkwe*, v. Watt-BB 1427.

oemsimbeet: pln. (vlgs. Mar 84, 111 s.v. *umzimbeet* is dit *Millettia caffra (grandis)*, fam. *Leguminosae*); S.A. Eng. *umzimbeet*, i. Afr. ook bek. as *kafferysterhout*; Ngu. *um-simbithi* (Doke-Vil 756, Krop 369).

oer-: voorv. m. bet. “oud” (bv. *oermens*, *oeroud*, *oertaal*); Ndl. *oer-* uit Hd. *ur-*, hou verb. m. Got. *us-* en Ndl./Afr. voorv. *oor-* en *er-*, ouer bet. “uit”.

oer-oer: (veral visserst., dial. v.) seekwal (Scho PD 26); Mal. en Mal.-Port. *oeboer-oeboer* (v. Schu KS IX 139 en Frank TB 128).

oes I: s.nw. en ww., insamel(ing) v. gesaaides/vrugte; opbrings v. vee (bv. *lammeroes*); Ndl. *oogst* (Mnl. *ōghest/oochst/oogst*, dial. Ndl. *oest*), Fr. *août* (ouer *aoust*) uit Ll. *Agustus* uit Lat. *Augustus*, d. naam v. d. maand waarmee d. ou Rom. jaar begin het; by vRieb *oegst*, vgl. Kloe HGA 206, 305.

oes II: b.nw. en bw., sickerig; afl. v. naam v. student Ochse (uitspr. *oes*) is vlgs. Kem WFA 52 “nog nie gestaaf nie”; Frank (TE 19–20) seek verb. m. De. s.nw. *usling*, “drommel”, en b.nw. *us(s)el*, “sleg”, en i. dies. bet. Got. *unsēls*, Mnl. *onsalich/-selich* en OFri. *ös* en *ösen*, asook Gron. *ouzeg*, “vuil”, Za. *ousig*, “muf”, en Drech. *ousk*, “muf”, maar dan moet misk. ook gedink word aan Fri. *oef*, “interj. als uiting van het gevoel van uitputting” (Dijk), mntl. m. byg. aan *kroes*, *verfoes*, *woes*; misk. egter ook te dink aan mntl. verb. m. Hott. *uisa*, “naar”, waarvan Kroen 313a alleen die verst. Na. vorm *ui-uisa*, “eklig, afscheulich”, vermeld.

+ **oesbeentjie:** (dial., Bolands v.) dolossie (vWiel 186); misk. hou dit verb. m. die Fr. (*jeu des*) *osselots*, “’n spel m. beentjies” (wat die kinders v. d. Fr. Hugenote mntl. ook geken het); v. **dolos** I.

oester: eetbare skaaldier (*Ostra edulis*); Ndl. *oester* (Mnl. *oester*), via Ll. *ostria* uit Lat. *ostrea/ostreum* uit Gr. *ostreon*, “skaaldier” (verb. m. Gr. *osteon* en Lat. *os* (gen. *ossis*), “been”), hou verb. m. Hid. *auster* (wsk. uit Nnl.) en Eng. *oyster* (uit Ofr. *oistre*), Fr. *huître*.

oestyd: by vRieb *ougsttijt* teenoor sy *oegst* s.v. *oes* I hierbo (v. Kloe HGA 305).

oewer: wal v. rivier, ens.; Ndl. en Mnl. *oever*, Hd. *ufer*, hou verb. m. Gr. *épeiros*, “(vaste)land”.

offer: s.nw. en ww., “aanbied(ing)”; Ndl. en Mnl. *offer* en *offeren*, Eng. *offer*. uit Lat. *offerre*, “aanbied”, terwyl Hd. *opferen* blb. teruggaan op Lat. *operāri*, “aalmoese skenk”.

offerande: wat aan d. Godheid/godheid geoffer word; geskenk; Ndl. *offerande* (Mnl. *off(e)rande*), Mned. *offerhande*, via Fr. *off-rande* uit Lat. *offerenda*, “wat aangebied moet word”.

+ **offresseer:** dies. as Ndl. ww. *offeren*, Afr. *offer*, maar nou via Sp. *ofreecer*, by vRieb (d.d. 17.12.1653) as *offresseren*, “aanbied”.

+ **ofte:** veral nog i. verbg.: *nooit ofte nimmer*; ouer vorm v. Ndl. *of*, nl. *oft(e)* en vglb. vorme i. ander ou Germ. dial., hou verb. m. Got. *aiththau* — herk. v. eerste lid (vlgs. Fei) onseker; tweede lid hou blb. verb. m. Ndl. *doch*, Afr. *dog* en Eng. *though*; by vRieb nog *ofte*.

oggend: môre; Ndl. *ochtend/uchtend* m. parag. -*d* na anal. v. *avond*, v. *aand* (Mnl. *ochten/uchten*, i. sprt. *ochend/ochte*), hou verb. m. Gr. *aktis*, “sonstraal”.

ogief: — *ojief* — , “kruisboog v. gewelf”; Afr. ondersk. nie of nie skerp nie tussen *ogief* en *ojief*, Ndl. soms wel; Ndl. *ogief/ojief* (Mnl. *oghijf*), Hd. *ogive*, Eng. *ogee/ogive*, Fr. *ogive* (ouer *augive*), 16e eeu nog Lat. *augiva*, vr. v. *augivus* uit Lat. *augere*, “vermeerder, versterk”.

ok v. ook.

okapi: wilds., veral bek. i. d. Kongo (*Okapia johnstoni*, fam. *Artiodactyla*) — die okapi is in 1900 d. sir Harry Johnston ontdek en die naam hou misk. verb. m. Mpo. *okapo*, “maer, skraal”, d.w.s. in vergelyking m. d. giraf waarop dit enigins lyk.

oker: kleurstof; Ndl. (reeds by Kil) *oker*, Hd. *ocher/ocker*, Eng. *ocher/ochre*, Fr. *ocre*, Lat. *ochra*, Gr. *ὄχρος*, “bleek, geel”.

okkerneut: — *onkerneut* — , vrug- en pln. (*spp. Juglans*, fam. *Juglandaceae*); Ndl. *ok(k)ernoot*, dial. SNdl. *okerneute* (Mnl. *ōker-/ockernōte* uit *nōkernōte* waarvan eerste lid verb. hou m. Fr. *noyer* (ouer *nohier*) uit Ll. *nuca-/nuce-/noga-/nugerijs* uit Lat. *nux* (gen. *nucis*), “neut”, asook d. tweede lid (v. *neut*); eint. tout. *neut-neut*, *dubbelneut* (met sy twee doppe en naat).

oksel: holte onder d. arm; Ndl. *oksel* (Mnl. *ocsel(e)/oecsel(e)* naas *assel(e)*, “skouer; vleuelholte”), Hd. *achsel*, hou verb. m. Lat. *axilla*, “okselholte” (verderop m. Lat. *ala*, “vlerk, vleuel”) en m. Eng. *axil* en *axilla*; v. as II.

oktrooi: vergunning, patentreg; Ndl. *oktrooi* (Mnl. *o(c)troy/ottroy/outruy*, “vergunning”) uit Ofr. *otrei/otroi/octroi*, hou verb. m. Lat. *auctor*, “lasgewer; maker; uitvinder”, dan ook m. Afr. *outeur*, Eng. *author* en afl. en ss. daarvan.

olap v. oulap.

oleander: die kultuurplant is blb. *spp. Nerium*, fam. *Apocynaceae*, die S.A. wilde daarenteë *Adina galpinii*, fam. *Rubiaceae*, en hoort by een v. d. soorte **matoemie** (q.v.) en by **mingerhout** (q.v.), die ben. *oleander* kan via Ndl. *oleander* (17e eeu) of via Eng. *oleander* (16e eeu) ons bereik het en is mntl. via Fr. *oleandre* en verderop via It. of Sp. *oleandro* ontln. aan Ll. *lorandrum* wat berus op Lat. *rhododendron* (Gr. (*h*)*rodon*, “roos”, *dendron*, “boom”); v. ook **selonsroos**.

olie: vetterige vloeistof wat grotendeels uit koolwaterstof bestaan; Ndl. *olie* (Mnl. *ōlie/ōly*), Hd. *öl*, Eng. *oil*, Fr. *huile* uit Ll. *olium* uit Lat. *oleum* uit Gr. *elaion*, “olyfolie”.

oliekolonie: reukwater; òf via Ndl. òf via Eng. albei lede volkset. v. Fr. *eau-de-cologne*, “water van Keulen”, by Trig (1Ro T DLT 255) *oude kolonie*.

olienhout: — *oliewenhout* — , te ondersk. v. die kultuurplant **olyf** (q.v.), die wilde soort vroeër geïd. as *Olea verrucosa*, nou *O. africana*, vlgs. Pal-Pit 301, in Afr. m. ongedift. *i(e)* uit *oliewenhout* (v. 1Ro T BKA 59); Ndl. *olijf*, Hd., Eng. en Fr. *olive*, Port., Sp. en It. *oliva*, hou almal verb. m. Lat. *olea/oliva* en Gr. *elaia*, “olyfboom”, asook m. Lat. *oleum* (v. **olie**); v. Kloe HGA 45–6.

oliepit v. bergpruim, kaambessie, noupit e.a.

oliewenhout v. olienhout.

olifant: diers. (*spp. Elephas*, fam. *Elephantidae*); Ndl. *olifant* (Mnl. *olifant* as diern. en ook in bet. “ivoor”, naas *el(e)phant*), Hd. *elefant*, Eng. *elephant*, Fr. *éléphant* as diern. en *olifant* in bet. “ivoorhoring”, Lat. *elephantus/elephas*, Gr. *elephas* en *elephant-* in ss. v. “dier” en “ivoor”; v. ook **ellie**.

olifantsdoring: Scho (PD 90) wys op gebr. by Lic en ident. dit as *Acacia haematoxylon*, maar vlgs. Mar 110 is lg. blb. *vaalkameel-* (*doring*).

olifantsgras: vgl. Scho (PD 70) wsk. “so genoem weens sy grootte”, vgl. hom geïd. m. *Danthonia elephantina* d. Thun i. FC, so ook by Mar 134).

olifantskos v. spekboom.

olifantspoot v. ghaas, olifantsvoet.

olifantsroer: Scho (TWK/NR 7, 2, p. 14) wys op gebr. by Lic i. d. Du. teks v. *Elephantengewehr* m. *Olifantsroer* tussen hakies en kurs., wat in d. Eng. teks (I 345) ook so behandel word.

olifantsvoël: Bur se *olifants-vogel* (I 245) is vgl. Scho (PD 86) blb. nie meer as ben. bek. nie.

olifantsvoet: Scho (PD 70) wys op gebr. by Pat — dit kom ook by Bur voor, v. ook **nakaa** — nog geïd. as *Testudinaria elephantipes*, fam. *Dioscoraceae*, het vgl. Scho “ongetwyfeld sy naam aan die grootte van sy bol te danke”; v. ook **ghaas, olifantspoot**.

olik: siekerig (vgl. oes II); Ndl. *o(o)lijk*, naas ouer *oyelick*, “oulik, slim”, dial. SNdl. “nie goed in sy soort nie” (Mnl. *odelijc*, “ge-ring, nietig”, by Kil *oodelick|oyelick|oolick*, o.a. in bet. “ledig; siek”), wat, soos Hd. *öde*, verb. skyn te hou m. ’n ou wd. *ode* wat nog in *olik* en *ootmoed* voorkom, blb. versk. bet. gehad het, o.a. “genadig; maklik; nederig; sieklik; woes”, en nog nie bevredigend verkl. is nie.

ollap v. oulap.

olyf: die kultuurplant (*Olea europaea*, fam. *Oleaceae*); Ndl. *olijf* (Mnl. *olive*) v. verder **olienhout**; v. Kloe HGA 329.

omber I: bep. kleurstof; (eers) Nnl. *omber*, soos Hd. en Eng. *umber*, uit Lat. *Umbria terra*, “Umbriese aarde”, verb. m. Lat. *umbra*, “skaduwee”, onseker.

+ **omber II:** outydse kaartspel; Ndl. *omber* (blb. sedert 17e eeu) uit Fr. *hombre* uit Sp. (*el*) *hombre*, “(die) man” — daarnaas ouer Ndl. vorm *lomber* uit Fr. *l’hombre* (d.w.s. met lw. saamgsmelt).

omelet: geklitste eiers in dun skyfies gebak; (eers) Nnl. *omelet* uit Fr. *omelette*, maar i. d. 17e eeu *amelette* uit Fr. *alumette|alumelle* wat verb. hou m. Lat. *lamella*, “metaalplaatjie”.

omie v. oompie.

omklaar v. onklaar.

omlangs v. onlangs.

omma: — *omme* — , uitr. teenoor diere (veral teenoor 'n koei om by die melk reg te staan), slot-*a* uit *-e* is gew. i. Afr. (v. *-a*); Ndl. *om* (Mnl. *ombe/omme*, wat verb. hou m. Lat. *amb-*, Gr. *amphi-*), vgl. kompo. m. *omme-* in Ndl./Afr., soms net verst. soos in *ekke*.

omnibus v. bus II.

omoemboroembonga: (dial. v.) pln. (*Combretum primigenum*, fam. *Combretaceae*), kom vlgs. Mar 62 i. Damaraland voor, naam wsk. òf Dam. òf Her., by Watt-BB 194, 1374 5 as Her. *omum=borombonga* e.a., terwyl die *C. imberbe* blb. ook bek. is as **hardekoel** (q.v.).

+ **ompagger:** omhein (veral m. bome en stompe hout); Ndl. *ompag=geren* (sedert 17e eeu, o.a. ook by vRieb, asook *paggeringe*); Ndl. *pagger* uit Mal. *pagar*, “heg, omhcining”, ens.; v. Kloe HGA 282, 305.

omslag I: 1. “uiterlike bekleding” (bv. v. 'n boek); 2. “gereedskap=stuk, ook bek. as *omslagboor*”, hou verb. m. Ndl. s.nw. *omslag* en ww. *omslaan*, in bet. “omwikkel; in d. rondte draai”.

omslag II: “moeite, omhaal”, so bv. by Trig (1Ro T DLT 252), blb. van dies. herk. as **omslag I**, maar veral beïnv. d. bet. v. d. afl. *omslagtig* en *omslagtigheid* (in Ndl. eers na Kil en na anal. v. *neerslachtig*).

omsons: tevergeefs; Ndl. *omzonst/omzonts* (i. d. 17e eeu gebr., nou veroud.), Hd. *umsonst*, hou verb. m. Hd. *sonst*, “anders; bowen=dien; gewoonlik; origins; vroeër”, en m. Ndl. *zus* (*of zo*), Afr. *sus* (*of so*) uit Ndl. *zo(o)* na die vb. v. *dus*.

omstandigheid: heersende toestand; Ndl. *omstandigheid* (na Kil) as leenv. via Fr. *circonstance* of direk uit Lat. *circumstantia* na d. vb. v. Gr. *peristasis*, “uiterlike omstandighede” (lett. “om=heenstanning”).

omtrent: bw. en voors., “ongeveer; baie; betreffende”; Ndl. *omtrent* (Mnl. *om(mc)trrent/-trint/-trant*, “aan alle kante, in die rondte; geheel; ongeveer” as bw. en “aangaande, omstreeks, rondom” as voors.) hou verb. m. Eng. *trendle*, “ring”, en *trundle*, “wiel”, maar verb. m. Hd. *trennen*, “skei”, onwsk., hoewel nie onmnl. nie — ouer bet. blb. ong. “rond/rondte”; by Trig (1Ro T DLT 252) *omtrind* in bet. “ongeveer” en “i. d. nabyheid van”.

on-: Frank (TE 23–5) het 'n uitv. art. aan d. funk. v. d. pref. *on-* in Afr. (m. verwysing na Cha en Mans, asook na Gra.-Afr.) gewy en betoog dat d. priv. funk. soms deur d. suf. *-loos* opgehef

is en soms verst. gebr. is na d. vb. v. oostelike Ndl. dial. (veral Gel.-Ovy.) wat dit wsk. uit Du. gekry het, sodat dit ong. = intens. *in-*, o.a. in *onbeskof*, *ongroot*, *onguur*, *onkoste*, *onveranderlik*, *onverskillig*, *onweer*.

onanie: selfbevelekking; Ndl. (sedert 18e eeu) *onanie* d. geneesh. gebr. n.a.v. die gedrag v. d. Bybelse fig. Onan wat (Gen. 38:9) geweier het om by sy broer se weduwee kinders te verwek.

onbekwaam: 1. “onbevoeg, ongeskik”; 2. “onryp” (v. vrugte); Scho (TWK/NR 7, 2, p. 14–5) wys n.a.v. art. d. Frank daarop dat dit nie in WNT voorkom in lg. bet. nie., wel a. d. Kaap i. 1689; by vRieb (d.d. 11.11.1652) *onbequaem* i.v.m. ’n visnet, maar 17e-eeuse gebr. v. *bekwaem/bequaem/bequeem* (Bosh VT 137) dui mntl. op ’n destydse gebr. v. *onbekwaam* in dié bet.

onbeskof: ongemanierd; Ndl. *onbeschoft* (sedert Kil wat ook *beschoft* aangee), ouer bet. is “lelik, wanstaltig”; WNT soek verb. m. ww. *scheppen* in bet. ong. “nie mooi geskape nie”, waarteen dVri J NEW 483 beswaar maak en verb. m. *beschaafd* bepleit; vgl. ook **on-** hierbo.

onderbaadjie: gew. moulose baadjie onder d. baadjie gedra, by Trig (1Ro T DLT 253) *onderbaatje* en *onder baatje*; Ndl. *onderbaadje* (mntl. soos *baadje* sedert 17/18e eeu, v. **baadjie**), maar 1Ro be-toog dat die Ndl. kledingstuk nie presies met d. Afr. ooreenstem nie; v. ook Frank TB 198 en 206, No. 79 m. dokg. in 1808.

onderhawig: “waarvan sprake is, ter sprake”, alleen attr., blb. dies. as *onderhewig* (alleen pred.); Ndl. *onderhavig* (reeds mid. 16e eeu, tans enigsins veroud.) nou vervang d. *onderhevig* in bet. “onderworpe”, maar *onderhavig* (wsk. uit Ofr. *onderhava*) in bet. “ter sake”, opnuut uit Hd. *unterhabend* in ou vorm *onderhavig* ingevoer — sowel Ndl./Afr. *havig/hawig* as *hevig/hewig* hou verb. m. Ndl. *hebben*, Hd. *haben*, Eng. *have*, Afr. *hé*.

onderhewig v. onderhawig.

onderkant: die ontw. v. *onderkant* uit (*aan die*) *onderkant van* tot voors. soos by **anderkant** (q.v.), weer eens te sien by Wik en Trig by wie ondersk. *onderkant* en *onderkand* (Scho TWK/NR 7, 2, p. 15 en 1Ro T DLT 253).

onderling: b.nw. en bw., “wedersyds”; Ndl. *onderling* (Mnl. *onderlinghe* naas *onderlanghe*), kompo. uit *onder* en *-ling* uit suf. *-ing* by ml. persn. met slot-*l* en dan anal. uitbreiding tot ander name en wds.

onderspit: fig. in: (*die*) *onderspit delf*, “d. neerlaag ly”; lett. (by wingerdspit) in: (*die*) *onderspit dolf/dolwe*, “’n moeilike taak

as 'n ander verrig'; in Ndl. is d. uitdr. *het onderspit delven* blb. net fig. — Afr. bied hier aanvullende gegewens t.o.v. die onsekerheid omtrent d. herk. en toep. in Ndl.; v. ook **spit**.

Onderveld v. Boland.

onegaal: — *inegaal*, naas *onegalig/oneengalig* — , “ongelyk, ver-anderlik”; Ndl. alleen *inegaal* (Scho TWK/NR 7, 2, p. 15); v. ook **eengalig**.

ongans: ongesond; Ndl. (16e eeu) *ongans(ch)* uit priv. **on-** (q.v.) en *gans(ch)*, “gaaf, gesond”; Hd. *ganz*, verb. m. *genees*, asook m. *gaan* en *gang*, onwsk., misk. via Hd. uit Slaw. — by vRieb *ongans/ongansch*; v. ook *ongantse koe* by Kloe HGA 311.

ongedierte: gevaarlike, wilde dier(e); monster(s); insek(te), muis(e), rot(te); uitwendige parasiet(e), bv. luis(e), vlooi(e), ens., in e.g. bet. by Trig (1Ro T DLT 253); Ndl. *ongedierte* (blb. sedert 17e eeu); mntl. is **on-** (q.v.) hier verst.

ongedurig v. wispelturig.

+**ongesoeneerd**: veroud. uitspr. in volst. v. *ongegeeneerd*, “onmanier-lik”; Ndl. *ongegeeneerd*, verl. dw. v. ww. (*zich*) *gene(e)ren* (Mnl. *ghenēren*, “onderhou, red, voed”), Fr. *gēner*, afl. v. *gēne* wat mntl. berus op Ohd. *jehan*, “verklaar”, hou wsk. verb. m. Hd. *nähren* en Afr. *genees* en **nering** (q.v.).

ongeveer: min of meer, omtrent; Ndl. *ongeveer*, (ouer ook) *ongevaar*, albei m. afl. *-lijk* (OMnl. *āne geverde*, “sonder listigheid”, by Kil *onghevaer(lick)*, “ongeveer”), hou verb. m. Mnl. *aen/an/āne*, “sonder”, en *ghevaer* (vgl. Eng. *fear*), maar is blb. ontl. aan Hd. *ungefähr*.

onguur v. guur.

onkantig: gesê v. 'n pers. wat moeilik is om mee oor d. weg te kom (vWiel 163); hou wsk. eerder verb. m. *onkant* van tekstielstof as m. *onkant* by sport, want blb. dial. en plattelands.

onkerneut v. okkerneut.

onklaar: — *omklaar* — , 1. “nie gereed nie”; 2. “verward”, by Trig (1Ro T DLT 252) *om klaar* in bet. 2., wsk. ontw. uit 17e-eeuse seemt. (Bosh VT 165 en Scho TWK/NR 7, 2, p. 15).

onkoste v. on-, kos I en koste.

onlangs: — *omlangs* — , “kort gelede”; Ndl. *onlangs* (Mnl. *onlange/onlanc*, “meermalen met *omlanc* . . . verward”), uit **on-** + *lang* + bw. *-s*; Hd. *unlängst* (met parag. *-t*).

onlekker: “onbehaaglik, siekerig”, maar dial. ook “onsmaaklik”; Ndl. (veral Ind.-Ndl.) ken dit blb. veral in e.g. bet.

onlus: 1. afkeer; ongemak; 2. geweldpleging, oproer(igheid); Ndl. (reeds Mnl.) *onlust* in albei bet., maar by Kil alleen in bet. 1, by vRieb (d.d. 22.5.1656) is “tot al vrij wat onlust ende hinder in de handelinge” nie volkome duidelik nie.

onnie: leerlt. v. onderwyser(es).

onnosel: gew. “dom”, selde “onskuldig”; Ndl. *onno(o)zel* (Mnl. en dial. ook nog “onskuldig”, so ook by Kil, maar vRieb se “onnosel aenkeecken” en “op een onnoselen bloet” kan moeilik uitsluitel oor bet. gee) hou wsk. verb. m. Mnl. *nosen*, “hinder, skade aandoen”, wat verw. kan wees aan Eng. *noise*, “lawaai”, Fr. *noise*, “getwis”, en Lat. *nausea*, “narigheid”, maar dit kan misk. verb. hou m. Lat. *nocēre*, “skade aandoen”, en indien wel, dan beantw. *onnosel* aan Eng. *innocent* en *innocuous*.

onnutsig: ondeund; stout (veral v. kinders gesê); Ndl. *onnut*, “nut-teloos” (v. sake gesê); “onbruikbaar” (v. pers.), ong. so ook by Kil, mntl. dui Afr. vorm op Hd. invl., vgl. *unnütz(lich)* en v. ook *niksnuts*.

onpassabel: ondeurgaanbaar, ondeurwaadbaar, by Trig (1Ro T DLT 253) *onpassawel*, by 1Ro self dial. *ombesaweld*, by Scho TWK/NR 7, 2, p. 15 vb. v. gebr. in S.A. uit 1778 en 1803; verder ook in bet. “ongemaklik, oordadig”, bv. *Hy het hom onpassabel geëet*, ’n gebr. wat aansl. by Ndl. *onpasselijk*.

ons I: tans gew. m. genas. uitspr. as /õ:s/, pers. vnw., 1e pers. nom. mv. (soms mv. *onse* by woordspeling m. **ons I** en **ons III**), dokg. v. gebr. deur nie-blankes a. d. Kaap i.p.v. Ndl. *wij* sedert 1691, ’n ruim kwart eeu later ook i. d. sprt. v. blankes en daarna ook i. hulle skrt. (Frank TB 92–5, 173–4, 179–80, 194); Ndl. akk. *ons* beantw. aan Hd. *uns* en Eng. *us*, maar Fr. *nous* en Lat. *nōs* is akk. vorme wat as nom. fungeer, soos ook in enkele Germ. tale en dial. (bv. Se.), vgl. Scho TO Hfst. 4 en 5; afgesien daarvan beantw. d. nom. vorme v. subst. i. d. Rom. en i. d. Germ. tale (sowel by verw. wd. as by later onthn.) gew. aan d. akk. of ander verboë vorme v. d. betrokke Lat. wd.; v. ook **ons II** en **III**, asook Kloe HGA 298, 305, 339, 350.

ons II: uitspr. soos by **ons I**, bes. vnw., 1e pers. mv. (soms verboë vorme i. vaste verbg. soos: *Onse Vader*; *ons(e)lieweheersbesie*; gedenk *onser*; *onses* insiens, vgl. ook verbg. soos: *ons s’n/syne*); Ndl. *ons* (verboë vorme soos *onze*, *onzer*), Hd. *unser*, Eng. *our*, Fr. *nos/notre*, Lat. *nostrī/nostrum* (v. verder Scho TO, Hfst. 4 en 5).

ons III: uitspr. soos by **ons** I en II, s.n.w., “gewig”; Ndl. *ons* (Mnl. *once/onse/unce/unse*) grotendeels d. metrieke stelsel verdring; òf soos Eng. *ounce* (ook verb. m. lengtemaat *inch*) via Fr. *once* òf soos Hd. *unze* direk uit Lat. *uncia*, “n twaalfde deel”; by oor= bemarktoning v. eie doen en late dikw. woordspeling m. **ons** I en **ons** III i. vraag: *Hoeveel onse op jou pond?* Tydens Men se verblyf a. d. Kaap gew. ter bespotting van pers. wat *wij* d. *ons* vervang het; v. ook **unster**.

onsies: onsin; wsk. kontamv. v. *onsin* en Eng. *nonsense*, v. **nonsens**.

onstuimig: stormagtig; voortvarend; Ndl. *onstuimig* (sedert Kil *onstuemigh/onstuymigh* naas *onghestuem(igh)/onghestuymigh*), blb. uit Hd. *ungestüm* (Mhd. *ungestüeme(c)*, Mned. *ungestüme/unge=stümich*, “onstuimig, stormagtig”), herk. onseker.

onsuiwer I: afwykend, gemeng, onrein, vuil; Ndl. *onzuiwer* (by Kil *onsuyver*, “impurus”).

onsuiwer II: maaiers in bedorwe vleis; Frank (TE 20) lei (wsk. tereg) af v. Hd. *un(ge)ziczfer*, wat i. Vl. as *ongesiefert/ongetsiefert* voorkom by Schue 425.

onsydig: 1. neutraal; 2. nie manlik of vroulik nie (as gram. term); Ndl. *onzijdig* (in 17e eeu vir *onpartijdig*, misk. uit puristiese oor=wegings); in bet. 2. sedert Moonen (1706) as vert. v. Lat. term *neutrum* (uit *ne*, “nie”, + *utrum*, “een (van beide)”).

ontbyt: oggendete, vroegstuk; Ndl. *ontbijt* (Mnl. *ontbijt*, “ligte maaltyd”, ww. *ontbīten/ontbijten*, Os. *an(t)bītan*, Ohd. *imbīzan*), eerste lid misk. *in-* met ink. funk., dan “begin eet”; betreklik laat in alg. gebr. in Afr. gekom.

onthuts: verbyster; Ndl. *onthutst* (sedert 17e eeu, eint. verl. dw. v. *onthutsen*, uit pref. *ont-* + *hutsen/hutselen*, Mnl. *hutsen*, “skud”) hou verb. m. Eng. *hustle*, ouer bet. blb. “uit jou gewone gang geskud/versteur”.

ontong: s.n.w. en b.n.w., “geluk(kig), voorspoed(ig)”, veral deur geheimsinnige mag; ook as eien. v. Kaapse Kleurlinge en Maleiers, vgl. Malh se Jakob Ontong in *Somerdae*; Mal. *oentoeng*, “baat, fortuin, geluk, voordeel, wins”; sowel Fortuin as Ontong kom onder slawen. voor, die eerste wsk. soms as vert. v. d. tweede; vlg. Scho PD 26 ook ben. vir seedier of vis; dit is *spp. Sepia*, fam. *Sepiidae*.

+ **ontramponeer**: beskadig, verniel; Ndl. *ontrampe-/ontrampone(e)=ren* (nog nie by Kil nie, wel sedert 17e eeu, veral i.v.m. skepe, by vRieb *ontramponeert* en nog i. Holl. sprt., in Afr. nog nie teë=gekom nie).

- ontstentenis:** afwesigheid, gebrek; Ndl. (eers 17e eeu) *ontstentenis*, “afwyking, nalating, ontwyking”, hou verb. m. Mnl. *ontstaen*, wat in oostelike dial., soos in Mned. *entstān*, “ontbreek”, bet. het.
- ontuis:** (gew. fig.) “nie op sy gemak voel/wees nie”; (dial. ook lett.) “nie tuis wees nie”, albei m. priv. funk. van **on-** (q.v.); ontbreek in Ndl. wat alleen *thuis* (uit *te huis*) ken in lett. en fig. bet. “by d. huis wees” en “op sy gemak voel/wees”.
- ontwil:** “ter wille van”; as selfst. wd. geabstr. uit uitg. *-ent* in Ndl. *om mijnent/zijnent wil(le)*, in Afr. uitgebrei van *om my/sy ontwil* tot bv. *om haar/hom/hulle/julle/ons ontwil* en tot verbg. m. s.n.w., bv. *om Jan/Sannie/die kinders ontwil*; v. ook **uwentwil**.
- onweer:** donder(weer), stormagtige weer; so ong. ook Ndl. *onwe(d)er*, v. **weer I**, **waai I**, **on-**.
- onwettig:** 1. in stryd m. reg en wet; 2. stout (vWiel 147); Ndl. *onwettig* blb. slegs in bet. 1.
- onwilliger:** blb. outydse krygstern v. iemand wat weier om kommandodiens te verrig, wsk. na d. vb. v. *vrywilliger* (*S.A. Argiefstukke. O.V.S., No. 4. Volksraadsnotule IV*, 1859, Kaapst., 1965, p. 218).
- oog:** 1. gesigsorgaan; lis/lus (bv. in tou); holtetjie (bv. in ertappel); opening (bv. in naald); 2. begin, bron, oorsprong (bv. van rivier); 3. kroeg; Ndl. *oog* (Mnl. *ōghe*), Hd. *auge*, Eng. *eye*, Got. *augo*, hou verb. m. Lat. *oculus*, Gr. *omma*, “oog”, en *opē*, “gat, opening” — bet. onder 1. deur Ndl. gebr. gedek; bet. onder 2. reeds by Wik (o.a. ook in Boes. en Mal.), vgl. Scho TWK/NR 7, 2, p. 15; bet. onder 3. wsk. ontw. in aansl. by dié onder 2; v. **toon III**.
- ooi:** vr. skaap; Ndl. *ooi* (Mnl. *ooi(e)/ou(we)/oo*), dial. Hd. *ae*, Eng. *ewe*, hou verb. m. Lat. *ovis*, Gr. *ois*, albei “skaap”; v. Kloe HGA 176-8 met kaart.
- oobok:** by Wik (v. Scho TWK/NR 7, 2, p. 15) *ooybok*, blb. in bet. “bokooi”, tans word gew. ondersk. tussen *bokooi* (mak dier) en *oobok* (wilde dier).
- oievaar:** soort groterige trekvoël (*spp. Ciconia*, fam. *Ciconiidae*); Ndl. *oievaar* (Mnl. *odevare*), Mned. en dial. Hd. *adebar*, dial. Ndl. (Gron.) *aibert*, herk. v. albei lede in dispuut n.a.v. ouer bet. as “skatbringer, kinderbringer” of “moerasvoël” (v. dVri J NEW).
- ooit:** altyd; Ndl. *ooit* (Mnl. *ōit/ōi(e)nt*), gew. aanvaar dat dit ’n ss. is v. wd. wat nog in Got. voorkom as *aiws*, “leeftyd, tydperk”, en verb. hou m. Lat. *aevum*, Gr. *aiōn*, “leeftyd” (v. ook **iewers**) en ’n wd. wat nog in Eng. *yet* (Oeng. *giet/gieta*) voorkom.

ook: — (sprt. dikw.) *ok/* (dial.) *oek* — , bowendien; Ndl. *ook*, dial. *ok* (Mnl. *ooc*), Hd. *auch*, Eng. (veroud.) *eke* (Oeng. *eac*), verb. m. Lat. *aut*, “of”, *autem*, “egter”, Gr. *au(gê)/auti*, “weer”; verb. m. die ww. Lat. *augere* en Gr. *auxein*, albei “vermeerder”, word minder wsk. geag; v. was III.

oom: broer v. vader of moeder; Ndl. *oom* (Mnl. *oom*, “broer v. vader of moeder; oupa; swaer”), Hd. *oh(ei)m*, hou verb. m. Got. *awo*, “ouma”, en Lat. *avus*, “oupa; voorouer”. dim. *avunculus*, “moedersbroer”, blb. uitgangspunt v. Hd. *onkel*, Eng. *uncle*, Fr. *oncle*; Hd. vorm *oheim* dui op ss. m. Hd. *heim*, Ndl. *heem* (v. **heemraad**) as tweede lid, maar of *oom* ’n verbleekte ss. of ’n afl. m. dim. uitg. is, bly nog onbeslis; in Afr. ook teenoor ’n ouerige nie-familieid gebr., vgl. ook **neef**, **niggie**, **tante** (v. Kloe HGA 129, 356).

oomblik: kort tydjie; Ndl. *o(o)genblik*, ook *oogblik* (Mnl. *ōghenblic*, in 17e-eeuse volkst. *oomblik* (bv. by Bredero) en allerlei dial. vorme), Hd. *augenblick*; v. ook **blik I**.

oompie: nor. dim. v. **oom** (q.v.), d.w.s. vlgs. d. patroon v. dim. v. *boom*, *soom*, *toom*, ens. — is ww. *omie* misk. beïnv. d. *tannie*?

oond: plek om iets droog, gaar of warm te maak; Ndl. *oven* (Mnl. *ōven*, OFri. (*bak*)*āfend* (tDK I 82), Gron. *oven/ovent* (tLa NGW) en Hinde. *oond* (Dijk II 336) en wsk. nog in ander dial.), Hd. *ofen*, Eng. *oven*, verw. hoërop onseker, maar gesoek in Lat. *aul(I)a/olla*, “pot”, in Gr. *ipnos*, “oond”, en in Skt. *ukhā-s*, “kookpot”. Soos bg. dial. en soos in **aand** (q.v.) het Afr. parag. -d.

oondbos: vlgs. Mar 62, 120 ook bek. as *bakbossie* (*Conyza ivaefolia*, fam. *Compositae*), so genoem, omdat daarvan oondbesems gemaak en daarmee misk. ook vuur in bakoonde gemaak is — ook vir med. doeleindes gebr.

oop: — *ope-* (in kompo.)/*open* (as ww.) — , “nie dig/toe nie”; Ndl. *open* (Mnl. *ōpen*), Hd. *offen*, Eng. *open*, hou verb. m. **op**, Hd. *auf*, Eng. *up*, vgl. Lat. *sub* en Gr. (*h*)*upo*, blb. “van onder af op”; ook dial. Ndl. ken *oop*, v. Kloe HGA 206.

oor I: gehoororgaan; Ndl. *oor* (Mnl. *ōre*), Hd. *ohr*, Eng. *ear*, Got. *auso*, hou verb. m. Lat. *auris* en Gr. *oūs*, albei “oor”.

oor II: — *ower* (in afl. en kompo., bv. *owerheid*, *owerpriester*, *owerste*, *verower*) — , bw., voegw., voors.; Ndl. *over* (Mnl. *ōver*), Hd. *über* (dial. *ober*), Eng. *over*, Got. *ufar(o)*, hou verb. m. Lat. *super*, Gr. (*h*)*uper* (v. ook **oop**) — vorme m. gesink. v/w ook dial. Ndl., bv. *oer* (by Dijk II 228), *oor* (by Debo s.v. *oor* en ss.); vgl. verder Scho TWK/NR 7, 2, p. 15.

oor-: nog as pref. in enkele wd. soos *oorbaar*, *oorkonde*, ens.; Ndl. *oor-* (Mnl. *oor-* naas verswakte *er-* (veral by ww.), nog in Ohd. *ur-*, Got. *us-*); v. ook **oer**.

oorbaar: betaamlik, passend, toelaatbaar; Ndl. (aanv. s.nw., nou veroud.) *oorbaar*, “gebruik, nut, voordeel” (Mnl. *oorbare/or=ber(e)/orbore*, “inkomste, opbrings”, ens.), blb. reeds in Mnl. as b.nw. in bet. soos o.a. “dienstig, geskik”, vandaar soms ook *orbarlijc*, uit pref. *oor-*, + suf. *-baar* + suf. *-lijc?* of kom *baar* uit Germ. ww. *beran*, “dra”, voor dit tot suf. ontw. het?

oorbietjie: — (minder gebr.) *oribie* —, soort klein antilooop (*Oure=bia ourebi*, fam. *Bovidae*); Hott. (by ou skrywers) o.a. *orebi/orabi/oribi/ourebi* en selfs *erwetie* (maar dié bokkie gew. verwar m. d. **noemetjie** (q.v.) wat as *Capra/Cephalophus monticola* geïd. is), vgl. Scho PD 43 en Nien HOTT s.v. **oorbietjie**; die uitg. *-bi(e)* is wsk. d. ou vol vorm v. d. ml., soos in Na. *!gore-b* (vlgs. Hah SN 25–6) uit ouer *!gore-bi* (vgl. Mein LNS 118), gevolg d. die Afr. dim. *-tjie*, mntl. n.a.v. kleinheid v. d. bokkie (ook by **geitjie**, **noemetjie**, ens.).

oorbodig: onnodig, te veel; Ndl. (meer bep. NNdl.) *overbodig* (Mnl. *orbōdich* teenoor Mned. *ōver-/orbōdich*), Hd. *erbötig*, “bereid, genec”, blb. is ouer bet. ong. “meer as nodig aanbiedend”.

oorhans: — *oorhands* —, “manier om naat/soom te naai”, ook bek. as *agtersteek*; Ndl. *overhands(ch)*; vgl. **hanslam**.

oorheen: uitspr. dikw. *ooreen*, “oor iets heen”; Ndl. *overheen*, eerste lid **oor** II en tweede Ndl./Afr. *heen*, Hd. *hin/von hinnen*, verb. m. *her* en *hier* en Eng. *hence*.

+**oorhêr**: aanstoker, leier, ophitser, by Trig (1Ro T DLT 255) *overhebber*; blb. nie in Ndl. bek. nie, vgl. Afr. vorm **liefhêr**.

oorkant: aan d. ander kant, by Trig (1Ro T DLT 255) *overkand* en *over kand* (vgl. Scho TWK/NR 7, 2, p. 15 en v. **anderkant**, **on=derkant**).

oorkom: die onskeib. ww. *oorkom* m. klem op tweede letg. en die skeib. ww. m. klem op eerste letg. loop in Afr. deureen, so reeds by vRieb, bv. “welcke vallende sieckte hem . . . voor d’eerste mael . . . hier bij ’t fort overgecomen was” (d.d. 20.8.1655).

oorkonde: skriftelike bewysstuk/verklaring; Ndl. *oorkonde* (Mnl. *o(o)rconde*, “getuienis” en ook “getuie”) uit *oor-* (q.v.) en afl. v. (*er*)*kennen*; Hd. *urkunde*.

oorkrabbetje v. **krabbetje**.

oorlams: nog sonder slot-*s* by Cha en Mans (KHI), maar reeds by Vet (OW 10) *orlams* en *oerlams* (na anal. v. wd. soos *skrams* of uit ss. soos *oorlamsinok* en *oorlamsstreek* geabst.), “bedrewe, geleerd; uitgeslape”, teenoorgestelde v. **baar** VI (q.v.); via Ndl. (17e eeu) *oorlam* (by vRieb *orangh lammen*) uit Mal. *orang lama* (*datang*), “iemand wat al lank gelede (na die Ooste) gekom het”.

oorleer: boleer (bokant sool) v. skoen; so ong. ook Ndl. *overle(d)er*.

+**oorlees:** voetvormige model v. hout waaroor oorleer getrek word om velskoene te maak (misk. m. byg. aan *oorleer*) in teëstelling m. *ysterlees* (waarop spykers in skoensole geslaan word), terwyl *lees* en *schoenlees* die een of die ander kon wees, v. **lees** II.

oorlog: kryg(sverrigtings); Ndl. *oorlog* (Mnl. *o(o)rloghe*, “geveg, stryd”), Ohd. *urlogi*, *urliugi*, *urlag(i)* en *urlegi*, “oorlog”, maar *urlac*, “noodlot”, so ook Oeng. *orloge*, “oorlog”, maar *orlaeg*, “noodlot”; eerste lid **oor-** (q.v.), maar oor tweede lid nog geen eenstemmigheid nie (v. dVri J NEW); vgl. ook Frank TB 167 No. 46.

oorlosie v. **horlosie**.

oormakie: soort halfaap uit Afrika (*spp. Galago*, fam. *Lorisidae*); Nnl. *oormaki*, wsk. uit ’n inboorlingt.

+**oorsaker:** “aanstigter, veroorsaker; skuldige”, so bv. by Trig (1Ro T DLT 254); Ndl. *oorzaker* (sedert 17e eeu, “thans ongebruikelijk”).

+**oorskiet:** as bw. v. graad; Scho (TWK 14, 1, p. 24–5) gee ’n vb. v. gebr. in S.A. uit 1864.

oortollig: meer as wat nodig is; Ndl. *overtollig* (Mnl. o.a. *overtal=lig/overtellig*, lg. loop in so ’n mate m. *overtallig* in herk., bet. en gebr. deureen dat dit lyk of hulle as wv. ged. doeb. geword en in elk geval mekaar wedersyds beïnv. het) — *tallig* hang saam m. *tal* en *tel*, en *tol* m. ’n ou wd. *tol*, “belasting”, maar verb. tussen *tal* en *tol* nie duidelik nie (v. Kem WFA 271).

oorwaks: klap teen d. kop/ore, oorveeg; Ndl. (na Kil) en dial. het o.a. *oorvaag*, *oorva(ge)*, *oorveeg* en *oorvijs*, misk. anal. gevorm en nie aan Hd. *ohrfeige* ontl. nie; tweede lid v. Afr. vorm, nl. *waks*, wsk. verb. m. Hd. *watsche*, “oorveeg” (vgl. Hd. *wichsen*, “afransel”), mntl. is Afr. wd. as geheel uit Hd. *ohrwatsche* te verкл.; v. **waks**, **wiks**.

ootmoed: nederig-/onderworpenheid; Ndl. *ootmoed* (Mnl. *oot=moede|ootmoet|ōmoet*, “genadig-/nederigheid”), ss. v. ou wd.

wat voorkom in **olik** (q.v.) en *moed*, wsk. deur kerkt. in gebr. gekom en aangepas by bet. v. Lat. *humilitas*, “laagheid; nederigheid”, vgl. ook jonger *deemoed*.

op v. **oop**.

opaal: bep. edelgesteente; Ndl. *opaal* (nog nie by Kil nie), wsk. via Fr. *opale* uit Lat. *opalus* via Gr. *opallios* uit Skt. *upala*, “edelsteen, juweel” — Eng. *opal* misk. ook via Fr., maar It. en Sp. *opale* mntl. direk uit Lat.

+**opblaser**: versk. viss. in 17e en 18e eeu nog so genoem (*spp. Tetradon*, fam. *Tetradontidae*) v. Scho PD 18, sedertdien vervang d. ben. *blaasop* (v. WAT s.v. **blaasop** in bet. 3.).

+**opbrand**: ernstig aanspreek, maan; Scho (TWK 14, 1, p. 25) gee vb. v. gebr. in S.A. uit 1864 en 1872 en verwys na PW en Afr. *brander* (v. **brander** in bet. 1. hierbo).

opdok: betaal; WNT behandel Ndl. *opdokken* onder vier lemmas waarvan slegs een (*opdokken* I, “betaal”) v. Afr. geld, maar **dokkies** (q.v.) kan daarmee of met *opdokken* IV, “slaan”, verb. hou, vgl. Frank TE 17, noot 2.

opdonder: slae gee; Ndl. *opdonderen* ook in Afr. bet. bek., maar blb. minder gebr., andersyds in 17e eeu en dikw. by vRieb in bet. “bo die gesigseinder te voorskyn kom” (veral v. skepe gesê).

opdraand: teenoorgestelde v. **afdraand** (q.v.); Scho (TWK/NR 7, 2, p. 16) gee vb. v. gebr. v. *opdraand* in S.A. uit die 18e eeu en by Trig, met opm. oor Ndl. en dial. vorme en gebruiksevalle.

opdrifsel: wat d. water uitgespoel word; daar dgl. wd. op *-sel* gew. van ww. gevorm word, moet ons vir Ndl. *opdrijsel* v. *opdrijven* verwag, tensy daar ’n ww. (*af-*)/(*op-*)*driften* bestaan; Scho (TWK/NR 7, 2, p. 16) gee vb. v. gebr. in S.A. v. *opdriftzel* en *opdriftsels* uit end 18e eeu en eerste kwart 19e eeu, maar geen verkl. v. vormingswyse nie, terwyl Kem WFA (438, 449) blb. ook geen raad weet nie — is hierdie samest. afl. misk. na die vb. van ss. soos *driftgoed* en *drift(t)zand* gevorm?

op-cn-top: deur en deur, heeltemal, terdeë; Ndl. *op-en-top*, uit ouer *op ende op* (nog nie by Kil nie) wat oor *op ent op* tot *op-en-top* en selfs tot *op ’n top* ontw. het.

opera: sangtoneelspel; Ndl. (sedert 17e eeu) *opera* uit It. *opera* (uit *opera in musica*), sedertdien intern. (Hd. sedert 18e eeu egter *oper*), hou verb. m. Lat. *opus* (mv. *opera*), “werk”.

operment: — *orpiment* — , “verfstof”; Ndl. *operment/oppermen* (Mnl. *ōperment*) soos Ohd. *ōrgimint* uit Lat. *auripigmentum*, “goudkleurige kleurstof”.

opgaaf: vasgestelde hoofbelasting v. naturelle, doeb. v. *opgawe*, “verslag”; Ndl. *opgaaf/opgawe* as ww. — *opgawe*, “taak”, as ’n Germe. (Hd. *aufgabe*) beskou.

opgeitjie: — *opcheities* (Watt-BB) — , gew. mv., ben. v. kersieagtige bessies en plant (*Gardenia neuberia*, fam. *Rubiaceae*), ook bek. as *mispel* (Watt-BB o.a. 898, 1223, 1396) en in Eng. as *Kaffir cherry* (Mar en Watt-BB), wat Pet A (20, 218, 241) t.g.v. sy gelykstelling v. *Kaffir cherry* en *Hottentot cherry* en verwysing na *aasvogelbesje* m. lg. verwar het, ’n verwarring misk. i. d. hand gewerk deur die (vroecër bek.?) herk. v. d. naam, want *gei* (gevolg d. Afr. dim. *-tjie*) kan mntl. verb. hou m. IVa se *V-gha ip*, “aasvoël”, wat o.a. ook in vorme *gai-*, *ghai-*, *kai-* en *kei-*, “groot”, voor- kom en vlgs. Nien (HOTT 204) as \neq *ghai-p* gelees moet word en by bet. “aasvoël” pas, omdat dit in Hott. eint. “groot-kraai” genoem word — of voorafgaande *op-* verb. hou m. IVa se *ourien* Na. *!uri*, “wit” (v. Nien HOTT s.v. *witkraai* I en II) of m. Na. \neq *û-b*, “vrug” (d.w.s. die bessies v. d. plant) is nie sonder meer uit te maak nie.

ophits: aanspoor, opstook; Ndl. *ophitsen*, (ouer) *ophiss(ch)en* (by Kil *ophisschen/ophitschen*, by vRieb (verl. tyd) *ophisten*), wsk. kn., soos uit Mnl. *hissen/hisscen* naas *hussen/husscen* blyk, vgl. ook Eng. *hiss*.

opium: bedwelmende kruie; sedert Middeleeue intern. wd., Lat. *opium*, Gr. *opion*, dim. v. *opos*, “sap”, hiervan weer Arab. *afiūm*, wu. Fr. *affion*, Sp. *afion*, Port. *anfião* en Ndl. *amfioen*.

opjoeks: opsigtelik versier, optakel, by Mans (KHI) *opgejoeks*, “opgetakel”, *opjoeks*, “knoei”, by Scho (TWK 14, I, p. 25) vb. uit 1867, m. opm.: “Herkoms duister”. WAT het *bejieks/bejieps* = *bejoeks/bejoets*, “verspot”, naas *betjoeks/betjoins/betjols*, “deurmekaar”, hiervan hou *betjoins* blb. verb. m. Fri. ww. *bitsjoene*, “beheks”, en Gron. *betjoend*, “beheks”. Bestaan daar verb. tussen *opjoeks* en hierdie wd.?

oponthoud: vertraging; Ndl. *oponthoud*, (eers) “verblyfplek”; (later) “vertraging”, mntl. na vb. v. Hd. *aufenthalt*.

opossum: Am. buideldier (*Didelphus vulgaris*, fam. *Didelphidae*); Ndl. *opossum* via Eng. *opossum*, wsk. uit Alg. *aposton/oposon/opasson*.

opper I: (gew. i. ss.) boonste, vernaamste; Ndl. *opper* (Mnl. *opper/upper*), OFri., Mned. en Eng. *upper*, hou verb. m. *op* (v. *oop*).

- opper II:** mied, stapel graangerwe; Ndl. *opper* (Mnl. *opper*, dial. Ndl. *hopper/ho(o)per*, misk. d. byg. aan *hoop*); of ww. Ndl. *opperen*, Afr. *opper*, 1. "op hope stapel"; 2. "noem, praat oor", hiervan afg. is of andersom, blb. nog nie uitgemaak nie; by vRieb *opperen* in bet. "graan opstapel".
- opreg:** eerlik, ongeveins; Ndl. (sedert 16e eeu in bet. "eerlik") *oprecht* (Mnl. *oprecht*, "regop"), Hd. *aufrecht*, "regop", Eng. *upright* in albei bet. — in Afr. ook "raseg" (veral v. vee gesê), nie in WNT nie, maar vb. uit S.A. (begin 19e eeu) by Scho TWK/NR 7, 2, p. 16.
- opsent:** verlore, weg; Ndl. *absent* (sedert 16e eeu) uit Fr. *absent* (v. WNT/Supp I 296), "afwesig", so nog in Afr., maar end 18e eeu *absent* en by Trig *opsent* in bet. "weggeraak" (v. Scho TWK/NR 7, 2, p. 16).
- opskud:** 1. bewerk deur te skud (bv. kussings); 2. gou maak; in lg. toep. mntl. na vb. v. Ndl. *opschieten*, "jou haas".
- opsluit I:** ww., toesluit (bv. in gevangenis, kamer); Ndl. *opsluiten* (Mnl. *opsluten*) uit *op* + *sluiten*, wat verb. hou m. *slot*, *sleutel*, ens.
- opsluit II:** heeltemal, totaal, volkome; Ndl. (sedert 17e eeu, uit Lat. *absolutus*) *absoluut* (WNT/Supp I 299), so nog in Afr., maar "volkse" vorm *opsluit* gedok. 1845 by Scho (TWK 14, 1, p. 25) wat verwys na Gron. *opsluit* by tLa NGW, daar ook *omsluut* en albei ook by Mole; vgl. ook **opsent** hierbo.
- opstal:** met huis(e) beboude ged. v. boereplaas; Ndl. *opstal*, o.a. "wat bo d. grond gebou is; woonplek" (Mnl. *opstal*, o.a. "opstand; pag; onbeboude grond (hoër as dié in omgewing)") — *stal* hou verb. m. *staan*, *stand*, ens.
- optel I:** opsom; saamreken; Ndl. *optellen* (nog nie by Kil nie) — *tel* hou verb. m. *taal*, *aan-* en *getal*, *vertel*, ens., m. Eng. *tale* en *tell*, m. Hd. *zahl* en *zählen*; v. ook **optel II**.
- optel II:** oplik; Ndl. *optillen* (nog nie by Kil nie) — *tillen* reeds Mnl. en ook by Kil — herk. v. *tillen* onseker, maar misk. verb. m. Eng. ww. *till* in bet. "arbei, werk" en/of m. voors. *till*, "tot op 'n bep. punt"; Ndl. *optellen* en *optillen* het in Afr. homon. geword, vgl. ook Ndl. *leggen/liggen*, *lekken/likken* en *zetten/zitten* m. Afr. *lé*, *lek* en *sit*; v. ook **optel I**.
- opvysel:** aanprys; Ndl. *opvizelen*, sedert 17e eeu in bet. "aanprys" (Mnl. *opvijselen*, "met 'n wenas/windas optrek"), v. **vysel I**.
- +opwerkens:** — *opwerkings* — , ben. v. 'n onbek. "ongesteldheid" (blb. sooibrand), 'n vyftal aanh. by Scho (TWK 14, 1, p. 25 en 14, 4, p. 191) tussen 1831 en 1890.

oragie v. orasie.

orakel: sg. godspraak; veelweter; Ndl. (sedert 16e eeu) *orakel* uit Lat. *oraculum* (m. suf. *-culum* uit ww. *orare*, "praat"), so Hd. *orakel*, Eng. *oracle*.

oral: — *orals* — , "op alle plekke"; *or-* uit *oor-* uit *ower-* uit Ndl. *over-* (Ndl. *overal*) met of sonder byw. *-s*.

orang-oetang: aaps. (*Simia satyrus*/*Pongo pygmaeus*, fam. *Simidae*/*Pongidae*); Ndl. (sedert 17e eeu) *orang-oetang*/*ourang-outang* (by vRieb *orangh-outang*), Eng. *orang-outang*/*orang-utan*, uit Lm. *orang oetang*, Mal. *orang oetan* (*orang*, "mens", *oetan(g)*, "bos", dus eint. "bosmens"); v. ook Frank TB 147-8, 151 No. 12.

orasie: toespraak; Ndl. *oratie* (Mnl. *oracie*), Eng. *oration*, uit Lat. *oratio*, "toespraak" (uit *orare*, "praat"), val soms saam met veroud. Ndl./Afr. *oragie*, "donderweer, geraas, lawaai; opstand", uit veronderstelde Ll. *auraticum* (uit Lat./Gr. *aura*, "lug, wind"), sodat *orasie* albei bet. behels.

ordentlik: behoorlik, fatsoenlik, doeb. v. *ordelik*; Ndl. *ordelijk* (Mnl. o.a. *ordenlik(e)* en hieruit (reeds 16e eeu) *ordent(e)lijk*, slegs ged. doeb. v. *ordelijk*); by vRieb "seer onordentlijcken ("onbehoorlik" of "onordelik"?) worden geschent" en "onder te ordentlijken ("behoorlike" of "ordelike"?) discipline ge=houden".

ordinêr: alledaags, gewoon; simpel; vulgêr; Ndl. *ordinaar*/*ordinair* in bet. min of meer soos in Afr. (Mnl. o.a. *ordineerlijk* en *ordineerlike*), soos Eng. *ordinary*, uit Fr. *ordinaire*, "gewoon, vlgs. reël en orde", uit Lat. *ordinarius*, "reëlmatic" (afl. v. *ordo*, "orde, reël"); vgl. Afr. *familiaar* en *familiêr*.

orent: regop; Ndl. *overeind*/*overend* — i.v.m. *or-* v. **oral**, en Ndl. *eind*/*einde*/*end*, Eng. *end*, Hd. *ende* hoërop verw. aan Skt. *anta*, "grens", i.v.m. *ei* i.p.v. *e* voor *n* plus dent. v. **heinde**.

orgaan: deel v. lewende wese m. bep. funk.; Ndl. *orgaan* (Mnl. *organe*, "orrel"), soos Eng. *organ*, uit Lat. *organum*, Gr. *organon*, "werktuig"; v. ook **orrel**.

organdie: bep. tekstielstof; Ndl. *organdie* (sedert vorige eeu), soos Hd. *organdi* en Eng. *organdy* uit Fr. *organdi* (18e eeu), vlgs. Lok na plekn. Urgan in Rus. Turkestan.

orgidee: versk. blomme (*spp. Disa*, *spp. Mystacidium filicorne*, *spp. Satyrium*, ens., fam. *Orchidaceae*); Ndl. *orchidee*, Eng. *orchid*, hou verb. m. Lat. *orchis*, Gr. *orxis*, "testiculus" (dim. v. *testis*) n.a.v. vorm v. tweetal bolle m. vlesige stam daarby.

orbie v. oorbietjie.

origens: — *owerigens* —, “verder”; Ndl. *overigens* (sedert 19e eeu) na d. vb. v. Hd. *übrigens* (v. *übrig* uit *über* na d. vb. v. *erstens*).

orkaan: hewige stormwind; Ndl. *orkaan* (sedert 17e eeu m. vorme soos *horkaan* en *orankaan*, by vRieb *orancaen/orcaen*), Hd. *orkan*, Eng. *hurricane*, Fr. (*h*)*ouragan*, It. *uragano*, Sp. *huracan*, in die meeste Eur. tale wsk. via Sp. — die vorme met *c/k* wsk. uit Hai., dié met *g* uit Kar.

orkes: musikantegroep; Ndl. *orkest* (nog nie by Kil nie) vroeër nog *orchestre*, soos Eng. *orchestra* wsk. via Fr. *orchestre* uit Lat. *orchestra*, Gr. *orxestra*, “plek v.d. koor” (hou verb. m. Gr. *orxeomai*, “dans”).

orlon: ’n veselfabriekaat soos *dacron* en *nylon*, vandag i. d. handel en d. nywerheid so alg. bek. dat dit, soos i. d. geval v. *portlandsement*, wsk. nie meer nodig is om dié ben. met ’n hoofl. te skryf nie.

orobok: (vlgs. sommige) “bokooi waarvan d. melk opgedroog het, droë ooi”, vgl. dan Na. /ō, “austrocknen (milch im euter)”; (vlgs. ander) “bokooi wat nog melk gee, ooi in melk”, vgl. dan Na. //ora, “milch geben (ziegen)”, albei by Kroen.

orpiment v. operment.

orrel: bep. musiekinstrument; Ndl. *orgel* (Mnl. *orgale/organe*), Hd. *orgel*, Eng. *organ*, reeds vroeg aan Lat. *organa* (mv. v. *organum*, v. *orgaan*), Gr. *organon*, “instrument”, ontl., vorme met *-el* misk. via Fr. *orgue* en wel in vorm v. dim. op *-el(le)*.

orreltjies v. horreltjies.

osoon: drieatomige suurstofmolekule; Ndl. *ozon*, Eng. *ozone*, Hd. *ozon*, in 1840 deur C. F. Schönbein ontdek en deur hom n.a.v. die reuk daarvan genoem *ozon*, dw. v. Gr. *ozein*, “ruik”.

ostong: by Mar (63, 126) *ossetong* (*Anchusa capensis*, fam. *Borraginaceae*), ook Ndl. volksn. *osse(n)tong(h)e* vir spp. *Anchusa* (v. Heuk 19), ben. n.a.v. vorm v. blare (WNT XI 1516).

otjie I: gew. dim., “vark” (veral i. kindt.); Frank (TE 20–1) wys op eien. Ot(te)/Otto, bv. Otje Dickmuyl (by Bredero) en *ot*, “dikkerd” (by Boek ZV), soos in WNT (XI 1518) en op Mnl. *or-ate* naas *orte/orete* (WMnl. 1917, 2015) = Kil se *oorate/oorete*, “oorskietkos”, en dink selfs aan mntl. verb. m. letter O (v. **o’tjie** hieronder), maar lê veral klem op wsk. verb. m. Gron.

orkebeer = *ortjebeer* o.a. in bet. "varkie" (soos by tLa NGW) — daarby te voeg by Mole *ôrbeer/ôrtheer*, "hermafrodiet", en *ort/ört*, "oorskietkos; stalvuil" — tog moet stellig ook m. kn. rekening gehou word, v. **otjie** II.

otjie II: gew. dim., visn. (vlgs. Gil 227 (Eng.) *grunter* en *chor-chor* en geïd. as *Pristipoma bennettii*; vlgs. Barn 143 *rock-grunter* en *chor-chor* en geïd. as *Pomadys operculare*, en vlgs. Bul 2, 98 *tjor-tjor* en (Eng.) *rock-grunter* en geïd. as *Pomadys incisus*, fam. *Pomadasyidae*), ben. wat almal op kn. dui; daarby by Gil *chor-chor* = *varkje*, in Bul 2, 97 *varkie* en geïd. as *Pomadys opercularis*, fam. *Pomadasyidae* — dus *chor-chor/tjor-tjor* = (*rock-*)*grunter* = *varkie* — net Gil (224, 227, 230, 231) noem dit ook *oortje* (Eng. uitspr. wsk. ong. *ootjie*), misk. eerder verb. m. Afr. **otjie** I as m. Gron. *ortje(beer)*. Vrae omtrent prioriteit v. ben. *varkie* (v. d. vis) en **otjie** II (wsk. later as **otjie** I) en omtrent motivering v. naamgewing is moeilik te beantw., maar bg. ben. en d. feit dat d. vis tot d. knorhaanfamilie (ook Ndl.) behoort, dui op kn. wat mntl. by ben. van **otjie** I en II bedoel was.

o'tjie: skryfwyse v. d. naam v. d. letter *o*.

otter: bep. roofdiertjie wat gew. i. water boer (*Lutra vulgaris*, fam. *Mustelidae*); Ndl. *otter* (Mnl. *otter*), Hd. en Eng. *otter*, hou verb. m. Gr. (*h*)*udōr*, "water", (*h*)*udra*/*(h)udros*, "waterslang", en m. Skt. *udra-*, "waterdier"; v. **water**.

ottoman: bep. tipe sofa; Ndl. (19e eeu) *ottomane* uit Fr. *ottomane*, gesubst. adj. *ottoman*, "Turks", uit Arab. *utmān*, na naam v. Osman I (1259 1326), grondvester v. d. Tur. dinastie.

ou I: attr. vorm v. b.nw. **oud** (q.v.), soms ook *oue*, maar nog *dagoud* *kuiken*, *jaaroud* *lam*, ens.

ou II: s.nw., mv. *oues*, "iemand wat oud is", mntl. uit ell. gebr. v. *ou* (*mens*, *jong*, *ta*), maar wsk. gesubst. gebr. v. **ou** I, wu. ook dim. *outjie* (veral t.o.v. kinders), vgl. Boek ZV s.v. *oud*.

ou III: s.nw., mv. *ouens*, jonger wd. as **ou** II en wsk. daaruit ontw.; van enigiemand (van watter leeftyd ook al) gesê wat min of meer 'n "maat" is en wsk. uit leerlt. en studt.

ou IV: ww., (dial. v.) "gee", by vWiel 158 as *ou/au*; Na. *ou* (Nien HOTT s. v. *gee* I).

oubaas: ou man; heer, meester; vader; by Bur *oud baas* (Scho TWK/NR 7, 2, p. 16) in bet. "heer, meester".

ouboet v. **boet** I.

oubos: by Mar 63, 109 as *oudebos* (*Leucosidea sericea*, fam. *Rosaceae*) — na uiterlike voorkoms?

oubout: (dial., veral in) *oubout staan*, “agterste in die tou staan”; Fr. *au*, “aan”, + *bout*, “uiteinde”. Hoe en wanneer dit in Afr. gekom het, voorasnog nie vas te stel nie.

oud: nie jonk nie, pred. vorm; Ndl. *oud* (Mnl. *out*), Hd. *alt*, Eng. *old*, hou verb. m. Lat. *altus*, “hoog, lank”, ouer bet. blb. “op-/uitgegroeï, volwasse”; v. ook *wêreld*, asook *ou* I.

+**oudak:** (dial. v.) “padda”, reeds by Mans KHI *ou’dák*; misk. volkset. en kontamv. v. Mal. *oewak*, “brul”, en *katak*, “padda”, vgl. Mal. *oewak-oewak*, “brulaap” — het Afr. dial. vorm v. *padda*, nl. *parrak*, misk. ook ’n rol gespeel?

oudoring v. *arrie* II.

oueltjie: (ouer) by Mar 63, 99 *ouweltje* (*Lycoperdon pratense*, fam. *Fungi*), dial. *oeltjie* by vWiel 174, 185, 186; verb. m. Ndl. *ouwel* (by vRieb *ouweltjes*), verw. aan *oblietjie* (q.v.), e.g. as “middel om briewe mee toe te maak”, nie duidelik nie, tensy die snuifpoffies v. d. plant aan ouweltjies of d. sg. ouweldose herinner het.

+**ougrietjie** v. *ousanna*.

ouhout: by Mar 63, 126, 127 *oudehout* (*Cordia caffra*, fam. *Borraginaceae*, asook *Halleria lucida*, fam. *Scrophulariaceae*) — na uiterlike voorkoms of taaiheid v. pale daaruit gekap?; v. ook *septee*.

ouko: — *oukoe* (Mar 63, 108)/(ook) *oukoei* (Watt-BB) — , ook bek. as *hondeoor*, *vark(ens)oor*, (Eng.) *pig’s ear*, *plaatjies*, *plakkie* en *kouterie* by Mar en Watt-BB (1377) wat dan sowel *Cotyledon reticulata* as *C. orbiculata*, fam. *Crassulaceae*, insluit — is ou- v. Afr. of v. Hott. herk. ? Hou *-ko* verb. m. *ko* (q.v.) of m. *kouterie* (waarnaas ww. *konterie/kruteri*, o.a. by Kid, plaat 2)? Nog nie mntl. om vrae te beantw. nie.

oukoei v. **ouko**, maar vlgs. Wh-Bo-Sl 1134 ook *Caralluma ramosa*.

oukolonie v. **oliekolonie**.

oulap: — (dial.) *ollap/ôlap* — , “pennie”; Ndl. *ou(d)e lap*, “iets minderwaardigs”, ook i.v.m. geld gebr., bv. Gron. *koperlap* by Mole 219 (v. Bosh VT 169).

oulik: gevat, slim, vroegryp (kind); aantreklik, mooi; Ndl. *ouwelijk* (Mnl. *oudelijc*, 17e eeu ook *oulijks*, “voormalig”), in Ndl. o.a. “ouderwets” en (anders as in Afr.) in minder gunstige sin.

ouma: grootmoeder; soos Ndl. (tans hoofsk. dial.) *oud(e)moeder*, hoewel Ndl. *oma* (in kindt.) v. *grootmama* afd. woord. Maar in Afr. is *ouma* nie kindt. nie en is *grootma(ma)* onbek., daarentoe wel *ouma-grootjie* en ook *grootouers*; vgl. ook *oupa*.

oumakappie: — (minder bek.) *moederkappie* —, versk. orgideë (fam. *Orchidaceae*) se name is aldus gevorm, bv. *mammakappie*, *moederkappie*, *oumakappie*, *ouma-trewwa* en *oupapyp* (o.a. *Pterygodium catholicum*, *Disperis capensis*, *Disa spathula*); v. veral *disa*, *ewwa-trewwa* en *trewwa*.

ounooi v. **boesmanpyl**.

oupa m.m. soos **ouma** (q.v.).

oupaiaan: betr. neol. wd., na anal. v. *Indiaan*, ens., gevorm v. *Ou Paaie*, d.w.s. iemand wat (veral in kerkverb.) d. “ou paaie” bewandel, m.a.w. konserwatief is (vgl. Kem WFA 324–5); vgl. ook **Posmianer**.

oupapyp v. **oumakappie**.

ouram; vlg. Wh-Bo-Sl 1134 *Caralluma pillansii*, vgl. **oukoci**.

+ **ousanna:** outydsk geweer; v. eien., vgl. *ougrietjie*, Afr./Eng. *Long Tom* (tydens Tweede Vryheidsoorlog, 1899–1902) en Eng. *Big Bertha* (tydens Eerste Wêreldoorlog, 1914–1918); v. Bosh VT 315.

ousie v. **ousus**.

ousus: dim. *ousie*; uit *ou suster*, gew. ben. en aanspr. v. “oudste suster”.

outa v. **ta I**.

outeniekwa(s)geelhout: pln. (*Podocarpus elongatus*, fam. *Taxaceae*), reeds by Barr (v. Scho PD 92), ook bek. as *geelhout* en hou verb. m. geogr. gebied Outeniekwa (wv. by Pet A SAPN 27) — *ou* misk. uit Hott. *au* (vgl. Na. *awa* = Afr. *abba*), “(in sakke op d. rug) dra”, en *teni/tine/denni/dini* (Na. *dáni-b*, “heuning”), m. agterv. *-kwa* (vgl. by **Namakwa**), m.a.w. “die gebied v. d. draers op d. rug v. heuning i. sakke”, die omgewing waar dié booms. aangetref word (Nien HOTT s.v. **heuning III**); v. ook **kalander III**.

outeur v. **oktrooi**.

outrewwa v. **ewwa-trewwa**, **oumakappie** en **trewwa**.

ouvolk v. skurwejantjie.

ouvrou: vroedvrou, by Trig *ouwe vrouw* (Scho TWK/NR 7, 2, p. 16 en 1Ro T DLT 255); v. vroedvrou.

owerigens v. origins.

+owerigheid: owerheid, regering; by vRieb o.a. *scheepsovricheydt*, *scheepsoverigheden*, *d'overicheyt*.

P

pa: — *papa/pappa/paps* — , mv. *pa's*, *papa's*, *pappas*, dim. *pa'tjie*, *papa'tjie*, *pappatjie*, *pappie*; Ndl. *pa*/(17e eeu) *papa*/(tans ook) *paps*, Hd. *papa/pappa*, Eng. *pa/papa* (Am.-Eng. *poppa*), Fr. *papa/pappa*, It. *pappa*, Lat. *papa/pappa*, Gr. *pappa/papas* (*pappos*, “oupa”), soos *ma* (q.v.) wsk. oorspr. “Lallwort”.

paai I: s.nw., dikw. voorafgegaan d. *ou* en ook dikw. gevolg d. eien. of ben. v. beroep, in bet. “ou matroos; ou man; ou jong”; mntl. via 17e-eeuse seemt. òf uit Port *pãe/pai*, “vader”, òf uit Mal.-Port. *pay*; Scho (TWK/NR 7, 2, p. 17–8) sluit egter by Verc (BEW) se afl. uit dial. en Mnl. *pade*, Hd. *pate*, uit Lat. *pater*, “vader”, aan en betoog dat “d. afl. v. *paai* uit Port. nie vas staan nie” en beweer dat d. parallelisme *maai* (wsk. uit slawet.) — *paai* nie deurslaggewend is nie vanweë pej. bet. v. *maai*, al toon ook *moer* so 'n pej. bet., vlgs. hom “nie vas voor ouer en oortuigende bewysplase uit d. Ndl.-Ind. seemt. a. d. lig gebring is nie” (afk. v. ons); v. ook **paaiboelie**.

paai II: ww., “kalmeer, tevrede stel”; Ndl. *paaien* (Mnl. *paeyen*, “betaal; bevredig”), Eng. *pay*, uit Ofr. *payer*, “betaal; tevrede stel”, uit Lat. *pacāre*, “tot vrede bring” (verb. m. *pax* (gen. *pacis*), “vrede”); dus ook verb. m. Ndl. *pais/peis en vre(d)e* en m. Eng. *peace*.

paai boelie: s.nw., “vreesaanjaer”; ww., “m. geweld of mag baas= speel oor”; herk. v. albei lede onseker — oor eerste v. **paai I**; oor tweede is verb. voorgestel m.: 1. Mal. *boelai/boelé*, “albino, wit mens/witmens” (dTo P 55, d. Hes HA² 86 aanvaar); 2. Ndl. *bulleman* (Smi OT 549–53); 3. eien. v. 'n slaaf, soos Dombouly en Jamboely (Bosh VT 236) wat by Dehé CBE 209 voorkom, terwyl Frank (TB 143 No. 20) dTo se verkl. aanvaar en as oudste vindplek gebr. by Boniface (1832) aangee; by Meurant *baboulie* (uitg. Nien p. 53).

paala v. impala.

paap: “R.K. geestelike”; soms ook “pous”; Ndl. *paap* (Mnl. *pape*), Hd. *pfaffe*, wsk. nie aan Lat. *papa*, “hoër geestelike”, ontl. nie, maar via Got. *papan* aan Gr. *papās*, “laer geestelike”; v. ook **pous**.

paar: s.nw. en onbep. telw., gew. “twee”, maar ook “etlike”; ww. “twee-twee saamvoeg; geslagsdaad verrig”; Ndl. *paar* (Mnl. *paer*) aan Lat. *par*, “gelyk” ontl., terwyl Eng. *pair* via Fr. *paire* uit Lat. *pāria*, “die gelyke” stam — Ndl. ww. *paren* (in Mnl. ongew. en in bet. “geslagsdaad verrig” nog nie in Mnl. en by Kil nie).

Paas(feese): — *Pase* — , herdenkingsfees i.v.m. die opstanding v. Christus; Ndl. *Paasfeest*, *Pasen* (Mnl. *pāschen/paeschen*, verboë vorm v. *pāsche*), hou verb. m. Got. *paska* uit Gr. *pascha* uit Hebr. *pēsah* (Aram. *pesha*), “opstandingsfees” (Lok s.v. *pēsah*).

pad: strook grond waaroor verkeer m. vee en/of voertuie geskied; weg; ruimer toep. as i. Ndl. waar *pad* ong. = “nie-gemaakte verkeersgang” teenoor “gebaande weg”, maar reeds by vRieb in Afr. toep. (vgl. Kloe HGA 305 en Scho TWK/NR 7, 2, p. 18, 35 waar ook verkl. word dat *padgee* en *pad verloor* nie Angme. in Afr. is nie).

padda: — (dial.) *parra*/(plat) *parrak* — , bep. amfibie (*spp. Rana*); Ndl. *pad/padde* (Mnl. *padde*, dial. o.a. *pedde* en *pod*), Eng. (dial.) *pad* en in *paddock*, herk. onseker (v. dVri J NEW).

paddabos: pln. (*Cliffortia polygonifolia*, fam. *Rosaceae*); paddas skuil graag daaronder, v. **ranonkel**.

paddaklou: pln. (*Teucrium africanum*, fam. *Labiatae*), ook bek. as *akkedispoet*, ben. n.a.v. blomv.

paddaman: neol., iemand wat onder d. water ondersoek doen i.v.m. seelewe, beskadiging v. skepe, ens.; uit Eng. *frogman*?

paddaslagter: stomp mes; Hag. *padde(n)vilder* (Tue 491).

paddastoel: pln. (*spp. Agaricus, Amanita*, ens., fam. *Fungi*); Ndl. *paddestoel*.

paddavis: jong padda m. stert wat hom na 'n vis laat lyk; dial. Ndl. *paddevis* ook i. dié bet., i. Ndl. gew. *kikkervis*. origens is Ndl. *paddevis* 'n soort vis (fam. *Batrachoididae*).

+ **padie:** rys, (eint.) ongepelde rys, by vWiel 39 *peddie*; Ndl. (17e eeu) *padie*, by vRieb *pady*, Eng. *paddy* (1623), maar reeds by sir Francis Drake (1580) *paree* (Hob-Job s.v. *paddy*), uit Mal. *padi*, “rys”.

+ **padika**: soort dans; Eng. *pas de quatre* ('n Eng. dans m. 'n Fr. naam), ook Ind.-Ndl. bek. (vWel VAH 179), eint. “danspas v. vier”.

padisja: Pers.-Tur. titel; Eng. *padishah/padshah*, uit Pers. *padshah* (*pade-/padi-* uit *pati*, “heer, meester”, + byv. *shah*, “groot”, v. *sjah*).

padkos: kos/voedsel op reis meegeneem; vb. v. gebr. in S.A. tweede helfte 18e eeu by Scho TWK/NR 7, 2, p. 18.

padmaker: vlgs. Lic (begin 19e eeu) eint. “opsigter oor paaie” (en dan seker ook oor padmakery) by Scho TWK/NR 7, 2, p. 18.

pag: “huurbesit” (waarvoor sg. **rekonie** (q.v.) betaal word); Ndl. *pacht* (Mnl. *pacht*), Hd. *pacht*, uit Ll. *pactum/pactus*, “kontrak, ooreenkoms i. s. huurgeld oor bep. termyn” — *die wysheid in pag hê*: “doen of jy permanente besitreg daarop het”.

+ **pagaai**: kort roeispaan; Ndl. (17e/18e eeu) *pagaai* (vroëer ook *pangaai*) uit Mal. *pengajoeh*, “roeiriem”.

+ **pagger I v. baar V en bager/bagger**.

+ **pagger II v. ompagger**.

pagoda: Oosterse tempel; Ndl. (17e/18e eeu) *pagode*, Eng. *pagoda/pagode*, Hd. en Fr. *pagode*, It. *pagodo*, Port. *pagoda/pagode* (wsk. skakel v. Ndl.); vlgs. sommige kontamv. v. Pers. *butkada* (uit *but*, “afgodsbeeld”, en *kada*, “huis”) en Pra. *bhagodi*, “god=delik, heilig” (Lok s.v. *butkädä*).

pajama: — *pijama* — , slaappak; Ndl. *piama/pyama* (20ste eeu); Eng. (1800) *pyjamas* (Am.-Eng. *pajamas*), Hindo. *paejama* (Pers. *pae/pai*, “voet”, en *gamah/jamah*, “bekleding”) — oorspr. wye broek v. heupe tot oor voete, later slaapbroek en dan slaappak; in S.A. sedert end vorige eeu en vervang dan geleidelik d. ouderwetse “naghemp”.

pakaters: kaperjolle, lawaaierige pret; misk. verb. m. Mal. *perkara*, “ding, drukte, geding, ophef, saak”, mntl. m. byg. aan Ndl. *kater* (vgl. Ndl. uitdr. m. *kater* en bet. “te kere gaan”) en/of Afr. *blikskater(s)*.

pakkaas: gew. “nie-gewilde geselskap v. ongedissiplineerde/onopgevoede mense”, soms ook *pakkasie* genoem, maar lg. kan sowel “goedererommel” as “menserommel” insluit; vlgs. WNT (XII 173) is *pakkage* (vroëer *pakkagie*, maar nog nie by Kil nie), wsk. vroeg 17e eeu na d. vb. v. *bagage* of regstreeks ontl. a. Eng.

package, lg. behels nog hoofsk. koll. "goedere", maar *baggage* kan ook "menserommel" insluit en pas o.i. beter by *pakkaas* as by *pakkasie* — Scho TWK 14, 1, p. 26 gee vb. v. *pakkasie* in bet. "gespuis" uit 1862 en verwys na bet. "leërtros" (by WNT) en na dial. Ndl. *begaaschje*, "bedelvolk, grauw" (by Dor I 12) en lg. bring dit ook in verb. m. Fr. *bagage* — d. vraag rys of ons in *pakkaas* en *pakkasie* ww. het of doeb. of toevallige saamval v. twee wd. uit *bagage* en *pakkage* ondersk.

pal: in Afr. nog in verbg.: *pal staan*; Ndl. *pal* (nog nie by Kil nie, maar sedert 17e eeu), "pen, klamp" (om by wyse v. 'n wig 'n rat vas te sit), vandaar (veral i. seemt.) *te pal staan/zetten* (vgl. Kem WFA 31), by weglating van *te* net *pal staan*, d.w.s. "soos 'n pal, paal of pen vasstaan" (WNT XII 197) — *pal* hou misk. verb. m. Lat. *palus*, "paal, stut".

palankyn: draagstoel; geslote Oosterse rytuig; (eers) Nnl. *palankijn* uit Fr. (17e eeu) *palanquin* uit Port. *palanquim* uit Tel. *pallakī* uit Skt. *palyanka/paryanka*, "bed" (Lok s.v. *paryanka*).

+ **palawer**: onderhoud, onderhandeling; (eers) Nnl. *palabber/palaver*, Eng. *palaver* (1735), Sp. *palabra*, Port. *palavra* — Nnl. *palaver* en Eng. *palaver* wsk. uit Port., maar Eng. het *palabra* (1594) wsk. uit Sp. — , hou ook verb. m. It. *parola*, Fr. *parole* (ww. *parler*, "praat"), Lat. *parabola*, Gr. *parabolē*, "gelykenis; vergelyking", dus verder m. *parabool* en *parool*.

paleis: vorstehuis; praalwoning; Ndl. *paleis* (Mnl. *pala(e)s/palais/paleis*), Hd. *palast*, Eng. *palace*, Fr. *palais* (11e eeu) uit Lat. *palātium*, "paleis v. keiser Augustus op d. Palatynse berg".

paling: visn. (*Anguilla vulgaris*, fam. *Anguillidae*); (net) Ndl. *paling* (Mnl. *pāline/paellinc*, wsk. ouer *paeldinc/paeldrinc*), verb. voorgestel m. *paal* en m. Mnl. *pail*, "plas, poel" (v. Kem WFA 405), maar onseker.

palissade: ry pale (gew. ter verdediging); Ndl. *palissade* (17e eeu), soos Eng. *palisade*, "ry pale" (1600); "verdedigingswerk" (1697), uit Fr. *palissade* uit Prov. *palissade*, koll. v. *palissa*, "heining", verb. m. Lat. *palus*, "paal, stut"; by vRieb *palissaden*.

palissander: hout- en pln. (*Jacaranda brasiliana*, fam. *Rosaceae* ?); Ndl. (17e eeu) *palissander*, soos Eng. *palisander/palis(s)andre*, uit Fr. *palis(s)andre*, wsk. uit inboorlingt. v. Guiana.

+ **paljas** 1: grappemaker, hanswors; Ndl. (na Kil) *paljas*, "strooi matras", (later) "met strooi getooide hanswors, (dan) hanswors", uit Fr. *paillasse* (afl. v. *paille*, "strooi"), It. *paglia*, Lat. *palea*, "kaf", Gr. *pallein*, "tril", hou verb. m. *polenta* (q.v.), "pap". en m. Eng. *pollen*, "stuifmeel".

paljas II: — *poljas* — , toormiddel; Mal. *pelijas*, “toormiddel” — die Kaapse Maleiers staan nog bek. as toornaars (dan gew. Sla-maiers genoem).

palm I: handvlak; Ndl. *palm* (Mnl. *palme*), soos Hd. *palme* en Eng. *palm* via Ofr. *palme* (Fr. *paume*) of direk uit Lat. *palma*, “handvlak”.

palm II: pln. (*spp. Palma*, fam. *Palmae*); Ndl. *palm* (Mnl. *palme*, “palmboom”), Hd. *palme*, Eng. *palm* — boom genoem na d. vorm v. d. gevingerde blare, dus toep. v. **palm I**; enkele S.A. wilde soorte behandel onder **ilala**, **inkombo** en **lisoendoe**.

palmiet: pln. (*Prionium serratum*, fam. *Juncaceae*; soms ook *spp. Typha*, v. **papkuil**); Ndl. *palmiet* (ouer vorme *palmyt/palmijt*, by vLin *palmito*), Eng. *palmetto* en *palmito*, Sp.-Port. *palmito*, dim. v. *palma*, v. **palm II** — by vRieb *palmit*; v. Scho PD 25, asook TWK/NR 7, 2, p. 18 oor *palmietbrug* by Lic.

pamflet: brosjure, vlugskrif; Ndl. *pamflet* (eers in Nnl. uit Eng. *pamflet/pamphlet* wat dit mntl. albei via Fr. *pamphlet* gekry het — as Fr. dit nie self aan Eng. ontl. het nie — uit Ll. *panfletus*, wat berus op d. naam van d. skrywer, Pamphilus, v. ’n gewilde middeleeuse skool drama, *Ars amandi*, in Fr. bek. as *Pamphilus, seu de Amore* (v. NED en WMnl VI 200).

pampas(gras): grass. (*Gynerium argenteum/Cortaderia argentea (selleana)*, fam. *Gramineae*); (eers) Nnl. uit Sp. *pampa* uit Peru. *bamba*, as berggras blb. ten onregte na d. boomlose steppegebied v. S.Am. vernoem.

pampelmoes v. pompelmoes.

pamperlang: flikflooi, vlei; vlgs. Mans (KHI) s.v. *pampeláng*, o.a. “ronddraai, witvoetjie soek, sanik”, waarvan hoofs. “witvoetjie soek” (soos by Elf-Vil *pamperlangen*, “flikflooi, mooipraat”) sem. bevredig, te dink aan dial. Ndl. *pampelen*, maar dit bet. (soos SNdl. *pamperen*), “koester, troetel”, en hieruit vlgs. NED ook Eng. *pamper*. Frank (TE 14) sluit hierby aan deur byg. aan *pamperen* te aanvaar, maar verkl. te soek i. WVI. *paplameren*, “koester”, dog te gedwonge. Intussen het Pet A afg. v. Mal. *pambujukan*, “flattery, coaxing”. hoewel sem. goed, nie (soos ook d. Frank) opgespoor nie, ook nie d. enigste Mal. wdb. i. sy bibliografie nie, nl. dié v. J. Crawford (1852), en dan ook d. Bosh (VT 370) en Frank t.a.p. bestry. Wel i. Mal. *boedjoek* (= *mem*-), “vlei”, en *pemboedjoek*, “vleier”; maar fonet. besware. Malh DF (AS 287) het weer afg. v. Mal. *paparan*, “opheldering, uitlegging”, maar sowel sem. as fonet. besware — misk. kontamv. v. OFri. *pampeln*, “klets” en (*an*)*langen*, “aankom” (tDK), ong. = “met kletspraatjies aankom”?

pampier v. papier.

pampoens: — *pompoen* — , vrug- en pln. (*Cucurbita pepo*, fam. *Cucurbitaceae*); Ndl. *po(m)poen(e)/pa(m)poen(e)*, ook ww. m. *pe-* (by Kil *pampoene/pompoen*, Hd. (veroud.) *pfebe*, Eng. *pumpkin*, Ofr. *pompon* (Fr. *pépon*), It. *popone* uit Lat. *pepo*, Gr. *pepōn*, “deur d. son gekook” (ww. *peptein*, “kook”, vgl. **appelkoos**); by vRieb *pompoenen*.

pampoentjies: dim. v. *pampoens*, alleen in mv. in bet. “klieraan-doening” (*parotitis*), by verergerde graad (*orchitis*) bek. as *kal=bassies*.

panasee: alg. geneesmiddel, wondermiddel; Ndl. *panacee* (vroeër *panacea*) via Fr. (18e eeu) *panacée* uit Lat. *panacea* uit Gr. *panakeia* (*pan*, “alles”, + *akéomai*, “heel, gesond maak”).

pandit: geleerde Hindoe; Ndl. *pandit* (wsk. 17e/18e eeu), Eng. (minder gew.) *pandit* naas *pundit* (1672) uit Hind. *pandit*, Skt. *pandita*, “geleerde”.

pandoer: bep. soort soldaat; teen end 18e eeu korps gewapende Hott. en basters i. S.A.; Ndl. *pandoer*, Eng. *pandoor/pandour*, Hd. *pandur*, Fr. *pandour*, Ser.-Kro. en Hong. *pandur* n.a.v. ge-wapende korps in 1741 deur baron Trenck ter verweer teen Turke gevorm, ben. berus op ouer vorme *bandor/bandur* wat mntl. verb. hou m. Ll. *banderius*, “banierdraer”, en dan ook m. Ndl./Afr. *banier* en *bandelier*, Eng. *banner* en *bandoleer*, ten slotte m. (Germ.) *band*.

pandok v. pondok.

panga I: viss. (*Sparus/Pterogymnus laniarius*, fam. *Sparidae*); wsk. Mal. (*ikan*, “vis”) *pangeran(g)*, “prins”, dus “prinsvis”; vgl. Frank (TB 142, No. 17 s.v. *pangas* en veral *pangha*, *Pagrus laniarius*).

panga II: groot kapmes; misk. verb. m. Ngu. ww. *panga*, “geweld pleeg, plunder, roof”, dus “rowersmes”; Zie wys (in ’n pers. skrywe) op Swah. *panga*, “hak-/kapmes”, Ven. *lufhanga* (mv. *phanga*), “mes”, en So. *mphaka* (mv. *mefaka*), “mes”.

paniek: groot (paniese) skrik; Ndl. *paniek*, Eng. *panic* (1603) uit Fr. (16e eeu) *panique* uit Lat. *panicus* (*panicus terror*, “paniese vrees”), Gr. adj. *panikos* (*panikos phobos*, “paniese vrees”), s.nw. *panikon*, “paniek”, hou verb. m. naam v. d. Gr. god Pan wat mense in die bosse tot vrees kon dryf.

panorama: vergesig; Nnl. *panorama* uit Eng. *panorama*, vlg. dVri J NEW “omstr. 1789 in Engeland door d. uitvinder R. Barker

gevormd uit Gr. *pan*, “al” en (*h*)*órama*, “schouwspel” — dit dui op ’n kunsmatige voorstelling v. ’n gesigsbeeld d. middel v. ’n toestel, oudste dokg. by NED 1796; in huidige toep. v. “ver=gesig” in NED eers sedert 1828.

panter: luiperds. (*Felis/Panthera pardus*, fam. *Felidae*), Ndl. *panter* (Mnl. *pantēre/pantier*), Hd. en Eng. *panther* via Fr. *panthère* (ouer *pantère*) of direk uit Lat. *panthēra*, Gr. *panthēr*, verb. m. Skt. *pundarīka*, “tier”, onseker.

pantoffel: ligte kamerskoen; grotendeels verdring d. *sloffie* en Eng. *slipper*, o.a. nog in *pantoffelheld*; Ndl. *pantoffel* (Lmnl. *panto(e)f=fel*), Hd. (end 15e eeu) *pantoffel*, uit Fr. *pantoufle* uit It. *pantofola* — in verb. gebring m. Gr. *pantóphellos*, “geheel v. kurk”, maar betwyfel; oor (weinig bek.) **pantoffelheid** v. Kem WFA 374.

pantser: metaalbekleding v. liggaam, skepe, treine, ens.; dop=bekleding v. bep. diere; Ndl. *pan(t)ser* (Mnl. *pan(t)ser*), Hd. *panzer*, uit Ofr. *pancier* of uit It. *panciera*, “bedekking v. onder=lyf”, hou mntl. verb. m. **pens** (q.v.).

papa v. **pa**.

papaja: vrug- en pln. (*Carica papaya*, fam. *Papayaceae*); Ndl. *papaja* (nie in WNT nie), Eng. *papaw* (1598), vroeër ook *papay(a)*, Sp. en Port. *papaya/papayo* uit Kar. dial.

papawer: blom- en pln. (*spp. Papaver*, fam. *Papaveraceae*); Ndl. *papaver* (Lmnl. *papāver*), Eng. *poppy* (alleen plantk. en skeik. terme m. *papav-*), uit Lat. *papaver*, misk. verb. m. *papula*, “puisie”.

papegaai: voëls. (*spp. Psittacus*, fam. *Psittaceae*); Ndl. *papegaai* (Mnl. *papega(e)y/papegoy*), Hd. *papagai*, Eng. *popinjay* (blb. nie verb. m. *parrot* nie), wsk. via Fr. *papegai* of Sp. *papagayo* uit Arab. *babagā* (Lok s.v. *babagā*), mntl. uit Ind.; v. ook **gaai** II.

papegaaipek v. **kraaipek**, **snoekgaljoen**.

papelelekoors: voorgewende siekte; mntl. (soos d. Mans KHI s.v. *papelelekoors*) verb. m. Ndl. *papelarden* (nie in WNT nie, wel in WMnl. VI 116 s.v. *papelaerdie*) uit Ofr. *papelardie* uit Ll. *papelardia*, “skynheiligheid” (Bosh VT 228 en EWA).

paperasse: snipperpapier; koll. v. *papiere*; Ndl. *paperassen* (altyd mv., soos in Afr.), bet. soos in Afr., maar later ook “allerlei drukwerk”, eers Nnl. uit Fr. *paperasse*, afl. v. *papier*.

papie: larwestaat v. sommige insekte, dim. v. **paap** (q.v.); so ook Ndl. dim. *paapje* (WNT XII 35), verb. m. Ndl. *pop* en Eng. *pupa* in bet. “papie” word betwyfel; bevredigende motivering v. naamgewing gewens.

papier: materiaal (uit hout en tekstiel) v. druk- en skryfwerk; Ndl. *papier* (in NNdl. en SNdl., soos in Afr., ook *pampier*, Mnl. *pap(p)ier/pampier*, by vRieb gew. *pampieren*), Hd. *papier*, Eng. *paper*, direk of via Fr. *papier* uit Lat. *papyrus*, Gr. *papuros*, ben. v. d. rietgras waaruit in Egipte materiaal v. skryfwerk gemaak is.

papierblom: 1. kunsmatige blom; 2. bep. soorte blomme: a. *Statice purpurata* en *S. rosea*, fam. *Plumbaginaceae* — die eerste sedert Thun (Scho PD 41), die tweede ook bek. as *strandroos* —, b. ook d. blom v. bougainvillea (*spp.* *Bougainvillea*, fam. *Nyctaginaceae*).

+ **papillot:** — *papiljot* —, haarkrulpapier-tjies; vb. by Scho TWK 14, 1, p. 26 as *papiljotte* uit 1861; Ndl. *papillot* (na Kil) uit Fr. *papillote*, hou verb. m. *papillot*, “skoenlapper”, dim. v. *papillon*, m. byg. aan *papier*.

papkuil: pln. (*spp.* *Typha*, fam. *Typhaceae* — hoewel **palmiet** (q.v.) ook *spp.* *Typha* omvat, nie daarmee te verwar nie); Ndl. *pape(n)kul* (Mnl. *papencullen*) — *pap-* hier uit *paap*, “priester” en *kuil* uit **kul** II, spottende ben. sedert d. Hervorming; vgl. Scho PD 19 — reeds by Bosh VT 304.

pappa v. **pa**.

pappelas v. **babalaas**.

+ **pappenheimers:** net mv., gew. i. uitdr.: *hy ken sy pappenheimers*, d.w.s. “hy ken sy mense”; Ndl. *pappenheimer(s)*, “soldate v. genl. Pappenheim”, veldheer v. d. keiserlike troepe i. d. Dertigjarige Oorlog (1618-1648).

paprika: spesery- en pln. (*Capsicum annum*, fam. *Solanaceae*); Ndl. *paprika* (nie in WNT nie), Eng. *paprika* (1898) uit Hong. uit Ser. *papar*, “peper”, gew. bek. as *Hongaarse paprika*, “rooi-peper”.

paps v. **pa**.

paraaf: verk. naamtekening, voorletter(s); Ndl. *paraaf* (na Kil) uit Fr. *paraphe*, “krul by naamtekening; verk. naamtekening”, uit Ll. *paraphus*, i. d. 15e eeu nog verk. v. *paragraphus*, “para-graaf”, hieruit ww. *paragrafeer* (Gr. *para-*, “langsaaan”, + *graphein*, “skrywe”).

parade: wapenskou; oefenplein; uiterlike vertoon; Ndl. *parade* (na Kil) uit Fr. (16e eeu) *parade*, “inhou v. d. perd”, uit Sp. *parada*, “stilstaan” (uit ww. *parar*, “intoom”) uit Lat. *parāre*, “voor berei”, verb. m. Eng. *parade* en (*pre*)*pare*.

paradys: lushof; d. hof Eden (Bybel); Ndl. *paradijs* (Mnl. *paradijs*), Hd. *paradies*, Eng. *paradise*, Fr. *paradis*, uit Lat. *paradisum* uit Gr. *paradeisos*, uit Opers. *pairidaeza*, “omheining, park”; deur Bybel en kerkt. intern. gemaak.

paraffien: vloeibare brandstof d. distillasie verkry; Ndl. *paraffine*, Eng. *paraffin(e)*, intern., berus op naam wat Von Reichenbach (1830) kunsmatig gemaak het uit Lat. *parum*, (te) “min”, en *affinis*, “verwant”, n.a.v. geringe affiniteit m. ander stowwe.

parallel: ewewydig; Ndl. *parallel* (nog nie by Kil nie), Eng. *parallel* (1598), via Fr. *parallele* uit Lat. *parallelus* uit Gr. *parallēlos* (*para*, “langsaan”, + *allēlos*, “mekaar”, dus “naas mekaar, ewewydig”).

parallelepipedum: prismatiese liggaam d. parallelogramme begrens; Ndl. *parallelepipedum*, Eng. *parallelepiped*, blb. term in d. Meet- en Wiskunde sedert 16e eeu, uit *parallēlos*, “ewewydig”, + *epipedon*, “vlak”, vgl. **parallel**.

+ **parang:** kapmes (nie m. **panga** II te verwar nie); Ndl. *parang/parrang* (17e eeu, Colenb DB, aang. in WNT XII 431) uit Mal. *parang*; vgl. Frank TB 60, 106.

pardoem: — *pardoems* — , uitr., veral by in-die-water-val; Ndl. *pardoets/perdoes*, dial. *pardoens*, Hd. en OFri. *pardauz*, wsk. d. seemt. uit Ned. en oorspr. kn.

pareer I: afweer, keer (bv. by skermkuns); Ndl. *pare(e)ren* (nie in dié bet. in Mnl. of by Kil nie) uit Fr. *parer* uit Lat. *parāre*, “ge-reed maak, voorberei”, by Scho TWK 14, 1, p. 26 m. vb. uit 1850, sy spesiale bet. “(met jou hande) keer dat jy nie jou ewewig verloor nie”, nòg in Ndl. nòg in Afr. wdb. opgespoor.

+ **pareer II:** gehoorsaam (eint. ou regsterm); Ndl. *pare(e)ren* (1632) uit Lat. *parēre*, “bevredig, gehoorsaam, onderwerp”, d. Scho t.a.p. by **pareer I** vermeld.

paregorie: — *paregoor* — , pynstillende, opiumbevattende middel; nie in WNT of vDal nie, by Elf-Vil as Z.A. en as *paregorik*, dan wsk. ontl. in S.A. aan Eng. *paregoric* uit Fr. *paregorique* (sedert laaste kwart v. d. 17e eeu), uit Ll. *paregoricus*, Gr. *parêgorikos* (*para-*, “langsaan”, en *agoreuein*, “praat”, *agora*, “volks-byeenkoms”), ontl. v. d. wd. werp weinig lig op gebr. en bet.

paria: uitgeworpene, verstotene; Ndl. *paria* (vroeg 18e eeu), Eng. *pariah* (1613), uit Tam. *paraiyar* (mv. v. *paraiyan*), lid v. lae kaste, eint. “trommelslaner” (*parai*, “groot trom”).

park: ingeslote ruimte m. plantegroei, eint. doeb. v. *perk*; Ndl. *park* (Mnl. *pa(e)rc/perc/parric/perric*, “lushof; jagterrein”), Hd.

park en doeb. *pferch*, Æng. *park*, uit Ll. *parricus* wu. ook Fr. *parc* — die aanlê v. parke v. versk. aard het eint. eers v. d. 18e eeu af i. d. mode gekom; by vRieb dim. *parchien* (d.w.s. parkie of stukkie grond vir koringland).

parkiet: voëls. (*spp. Psittacus/Conurus*, fam. *Psittacidae*); Ndl. *parkiet*, ouer vorme *perkiet/parouit*, vRieb noem (d.d. 21/22.1. 1661) 2 bote: “de Perkyt . . . ende ’t Musquitjen”, dan ouer dokg. v. *perkyt* as van *perkiet* by WNT XII 500 uit Schou; Eng. *parakeet* (1581) sluit by Ndl. vorm aan, maar sy wv. *parouet* nader by dié v. Ofr. *parouet* (Fr. *perroquet*), lg. vorme gaan terug òf op It. *parochito/parrochetto*, dim. v. *parroco*, “geestelike”, òf op It. *parruchetto*, dim. v. *parucca*, “pruik”, n.a.v. kopvere — van watter herk. ook al, wsk. verb. m. Eng. *parrot*, v. **papegaai**; Sp.-Port. is *periquito*.

parlement: volksraad; Ndl. *parlement* (Mnl. *pa(e)rlement/parlament*, “gepraat; vergadering; geskil; pleidooi; rumoer”) uit Fr. *parlement*, “dispuut”; (sedert 13e eeu) “geregshof” (afl. v. ww. *parler*, “praat”) uit Ll. *paraulare*, “woord”; in bet. “volksraad”, veral in Eng. *parliament* (sedert 17e eeu).

+ **parlevink:** — *polvink* — , “rondskarrel; bontpraat”; Ndl. *parle= vinken* (s.nw. *parlevink* reeds 17e eeu; ww. òf destyds òf later); eerste lid uit Fr. *parler* (v. **parlement**), tweede lid hou mntl. verb. m. naam v. d. lawaaierige voëls. — in Ndl. volkst. heet byna elke kleinerige voëltjie ’n *vinkje/vinkie*, selfs d. eerste vliegtuie is *blikvinke(n)* genoem.

parmantig: astrant, brutaal; Ndl. *parmantig* (later afl. v. b.nw. *parmant* (v. ook Kem WFA 399), albei reeds by Kil in bet. “ernstig, gestreng, waardig”), bet. “trots” (bv. op klere, opskik, tooi) het laat dink aan ontl. aan Fr. *parement*, “opskik”, maar betwyfel en tans aansl. gesoek by Mnl. *premant*, “stoutmoedig, vermetel”, wat (vlgs. WMnl. VI 649) sem. = *parmant*.

parodie: bespotting; grappige nabootsing (bv. v. ’n gedig); Ndl. (blb. 18e eeu) via Fr. *parodie* (17e eeu) of direk uit Lat. *parodia*, Gr. *parō(i)dia* (*para-*, “langsaaan”, + *ō(i)dē*, “sang”, eint. “newe= sang”).

parra(k) v. padda.

parrie: soort rog (vgl. Scho PD 26); wsk. uit Mal. visserst. en wel Mal. (*ikan*, “vis”) *pari*, “rog”, dus eint. “rogvis”.

pars v. pers I.

parsie: — *persie* — , vorm v. diarree; hou verb. m. **pers I** (q.v.).

partikulier: — (dial. en volkset. ook) *pieterkielie* — , 1. “privaat”; 2. “gesteld op, nougeset”, na d. vb. v. Eng. *particular* en dus ’n Angme.; Ndl. *particulier/partikulier* (Mnl. *particulier*), “be-sonder, persoonlik, privaat”, aldus ook by vRieb *particulier*; uit Fr. *particulier* uit Lat. *particularis*, afl. v. *particula*, dim. v. *pars* (gen. *partis*), “deel”.

partisaan: partygenoot, volgeling; guerrillavegter (nie lid v. leër nie); Ndl. (sedert 17e eeu) *partisaan/partizaan/partisan/partigian*, Eng. (sedert mid. 16e eeu) *partisan/partizan*, Fr. *partisan*, Tos. *partigiano*, It. *partisano* (uit *parte*, “deel, party”, vgl. **partikulier**).

partituur: alle partye v. ’n meerstemmige musiekstuk; Ndl. (blb. na 17e eeu) *partituur* uit Lat. *partitura*, “verdeling”, verb. m. Lat. *pars* (gen. *partis*), “deel”, en Fr. *partie* (vgl. **partuur/portuur**).

partuur: — *portuur* — , “gelyke”; Ndl. *partuur/portuur* (Mnl. *pa(e)rture*, o.a. “gelyke”) uit Ofr. *part(e)ure*, “geveg tussen gelyke teenstanders”, uit Lat. *partitura* (vgl. **partituur**).

party: deel; groep mense (bv. v. dies. politieke oortuiging); persoon of persone (by ’n regsgeding betrokke); geselligheid; sommige; Ndl. *partij* (Mnl. *pa(e)rtie*), Hd. *partei*, Eng. *party*, Fr. *partie*, gesubst. dw. v. ww. *partir* uit Lat. *partire*, “verdeel” — sonder lw. vooraf word *party* as onbep. telw. in bet. “sommige” sowel in Ndl. as in Afr. gebr., soos bv. by vRieb “partij beesten”; v. verder Kem WFA 57, Kloe HGA 305 en by Trig (1Ro T DLT 256).

parvenu: spoggerige ryk mens m. min innerlike beskawing; Ndl. (sedert 19e eeu) *parvenu* uit Fr. *parvenu*, dw. v. *parvenir*, “tot ’n posisie kom”, hou verb. m. Lat. *parvenire*, “tot op ’n punt kom”.

pas I: s.nw., gang (bv. *pasgang* v. perd), stap, tree (bv. *danspas*; i. d. *pas* loop); regte plek/tyd (*te pas*, *van pas*, vgl. *paslik*); deurgang (bv. *bergpas*); verlofbrief (bv. *paspoort*), in S.A. veral n.a.v. Eng. *pass* vir inboorlinge sedert begin 19e eeu; vlak (bv. *waterpas*); Ndl. *pas* (Mnl. *pas*) uit Fr. *pas* uit Lat. *passus*, “skrede, tree”.

pas II: bw., onlangs (bv. *so pas*); nouliks (*pas genoeg*); Ndl. *pas* (nie Mnl. en nog nie by Kil nie), hou verb. m. **pas I**, meer bep. i.v.m. begrip “tyd”.

pas III: ww., afmeet; geskik wees; aantrek (om bv. vas te stel of iets na fatsoen en/of grootte reg is); skik na; oplet (bv. *oppas*); Ndl. *passen* (Mnl. *passen*), Hd. *passen*, uit Fr. *passer*, hou verb. m. Lat. *passus* (v. **pas I**).

+ **pasagtersteek:** trippelgang, by Scho TWK 14, 1, p. 26 *pasachter-steek* uit 1850 en *pas-achter-steek* by Meurant (uitg. Nien 27); tans nog *pasgang* en *trippelgang*; v. **agtersteek III**.

Pase v. Paasfees.

pasella: — (in Afr. en S.A. Eng. o.a.) *basella*/-*sêla*/*ban*/-*pansella*/-*sêla*/*bon*/-*ponsella*/-*sêla* — , “present”; vroeër verкл. uit Afr. *baas*, Afr./Eng. *present*, Eng. *parcel* of *pass* kan nouliks nog gehandhaaf word, want reeds by Döh (1857) s.v. *bansa* “to be kind, benevolent (lit.; to open the hand wide), to give” en afl. *bansela*, “to be kind to, to give to”, met opm. *bansela* = *basela*, wat gesteun word d. Doke-Vil (1958) *bansa*, “be additional”, afl. *bansela*, “give small present (above a purchase) to”, en s.nw. *um-banselo*, “small present added to article purchased”; dus wel verb. m. Ngu. (later ortografie) *bha(n)sela*, “fooitjie/presentjie”; vgl. ook Scho TWK/NR 7, 2, p. 18, m. vb. uit ong. jare 1827, 1835 en 1844.

Pasga: eint. Joodse fees t. herinnering a. d. uittog v. d. Israëliete uit Egipte; Ndl. *Pascha* (al in Bybelvert. v. 15e eeu) via Lat. *pascha*, Gr. *pascha* uit Hebr. *pesach*, “verbygang”; v. ook **Paasfees**.

patiënt: sieke; Ndl. *patiënt* (Mnl. *pacient*/*patient*, lg. ook by Kil in bet. “kalm, lydsaam, vreedsaam”, ook reeds gesubst. uit b.nw.) uit Ofr. *pacient*/*patient* uit Lat. *patiens* (verboë *patientis*), teenw. dw. v. ww. *patior*, “ly, ondergaan”, wu. ook Eng. *patient*.

pasja: titel v. Tur. offisiere v. hoë rang; Ndl. *pacha*/*pasja* (eers i. 18e eeu ter vervanging v. ouer vorm *bassa*), Hd. *pascha*, Eng. *pacha*/*pasha*, Fr. *pacha* (in versk. tale ouer vorme m. anl. *b*-), uit Tur. *pāsja*/*bās*j, “hoof” (*bās*j, gew. “groot”).

paskwil: — (vroeër nog ondersk. tussen) *paskewil*, gedoente”, en *paskwil*, “skimpskrif; klug”, i. d. jongste tyd net *paskwil* — , Ndl. *paskwil* (sedert 16e eeu en by Kil), Fr. *pasquille*/*pasquin*, It. *pasquillo*, Lat. *pasquillus*, dim. v. Pasquino, naam v. ’n pers. wat digby d. plek gewoon het waar ’n beeld opgegrawe is na aanleiding waarvan jaarliks ’n skou gehou en spotverse voorgedra is.

passaat: dikw. i. ss. *passaatwind*, “min of meer konstante seisoenwind”, ook bek. as *moesson*(wind); Ndl. *passaat* (veral sedert vroeg 17e eeu), mntl. na Sp. vb. gevorm — Sp. het wel *monzon* geken, maar dit was veral Port. *monção*/*moução* wat wsk. d. gebr. v. Ndl. *monsoen*/*moesson* bevorder het, gevolg d. Fr., Eng. en It., lg. het eers *vento regolare* gebr. en later tot *monsone*/*mussone* oorgegaan.

passabel: deurgaambaar; Scho TWK/NR 7, 2, p. 18 gee vb. uit Wik en wys daarop dat WNT net een sitaat en wel uit 20e eeu gee; v. **onpassabel**; v. ook +**passado**.

+ **passado:** — *passato* — , “afgelope, verbygegane”; hierdie Sp./Port./It. vorme, soms in verbg. *anno passato* (*passato*) nog dikw. by vRieb, herk. uit verl. dw. v. Ll. *passare*, “verbygaan”.

passasie: deurvaart; oorvaart; stuk uit 'n boek; Ndl. *passage* (Mnl. *passage*, reeds 17e eeu ook *passagie*), soos Eng. *passage*, uit Ofr. *passage*, afl. v. ww. *passer* uit Ll. *passare*, “verbygaan”.

passato v. **passado**.

passersteek: gaatjie i. d. een been v. *passer* by maak v. kol vir teiken-skiet (Scho TWK 14, 1, p. 26–7).

pasta: deegagtige preparaat; Nnl. *pasta*, ontl. aan Ll. *pasta*, “deeg” (lg. wsk. uit Gr. *pasté*, “gortpap”).

pastei: vleis i. deeg gebak; Ndl. *pastei* (Mnl. *pastei(d)e/pastēde/posteide*), Hd. *pastete*, Eng. *pasty*, uit Ofr. *pasté* (Fr. *pâté*) uit Ll. *pasta* (v. **pasta**), verderop verb. m. Eng. *pastry*.

pastel: kleurkryt; kleurkryttekening; Ndl. *pastel* (reeds by Kil) uit Fr. *pastel* of It. *pastello*, hou verb. m. **pasta**.

pasteuriseer: op 'n bep. manier steriliseer; Ndl. *pasteurise(e)ren*, Eng. *pasteurize*, Fr. *pasteuriser*, na naam v. Fr. geleerde, Louis Pasteur (1822–95), wat d. metode ingevoer het.

+ **pastinaak:** bep. wortelgewas, ook bek. as *witwortel* (*Pastinacea sativa*, fam. *Umbelliferae*); Ndl. *pastina(a)k* (Mnl. *paste(r)nake*, volkset. *pinksternakel*, by vRieb o.a. *pinstenakelwortelen/pestenaakelsaet/pinsternaker/pastenakel/pastenaken*), Hd. *pastinak*, It. *pastinaca*, Fr. *panais/(ouer) pasnaie*, Eng. *parsnip/(ouer) pastenade*, uit Lat. *pastinaca*, hou verb. m. *pastinare*, “omspit”, *pastinum*, “pikgraaf”; v. ook *witwortel*.

pastoor: R.K. priester; geestelike herder v. gesindtes (buite d. drie Afr. kerke); Ndl. *pastoor* (Mnl. *pastoor*), Hd. *pastor*, “predikant” (v. egter ook **pastor**), uit Lat. *pástor* (gen. *pastóris*), “herder”; vlg. WNT v. d. verboë vorm, met aksentverspringing, soos Afr. vorme *professor*, *senatoor*, ens., na anal. v. d. mv.

pastor: geestelike herder v. Duitse (bv. Lutherse) kerke, soms ook in Lat. verbg. soos *pastor loci*; Ndl. *pastor*, v. verder **pastoor**.

pastorie: predikantswoning; Ndl. *pastorie*, met o.a. bet. soos in Afr. (Mnl. *pastorie*, “pastroorskap”, tot tydens Kil *pastoorije* nog “pastroorskap; kerk; kerkinkomste”), uit Ll. *pastoria*, “pastroorskap”, ens.

+ **patache:** bep. outydse soort boot; Ndl. *patas* naas *patasje* (by vRieb mv. *pataches*), Hd. *patas*, Eng. en Fr. *patache*, Sp. *patache*, Port. *patacho/pataxo*, It. *patacchia/patascia*, herk. verderop onbek.; v. + **pectache**.

+ **patakka**: bep. Port. muntstuk; Scho (TWK 14, 4, p. 192) gee vb. v. gebr. aan d. Kaap i. d. tweede helfte v. d. 19e eeu; Port. is *pataco/patacão*.

patat: — *patatta* —, e.g. meer Bolands, lg. meer Ondervelds, bep. rankplant m. soeterige knolvrug (*Ipomoea/Convolvulus batatus*, fam. *Convolvulaceae*; die S.A. wilde soort is vlgs. Mar 65, 132 *Othonna auriculaefolia*, fam. *Compositae*); Ndl. *pataat/patat* (m. talle ww., by vRieb bv. *pattat(t)issen*, vglb. m. dié v. Trig by IRo T DLT 256–7), maar in Ndl. en dial. is *pata(a)t*, nes Eng. *potato*, “ertappel” (*Solanum tuberosum*, fam. *Solanaceae*), in Eng. ondersk. teenoor *sweet potato* — d. ben. *patat(ta)* wsk. via Sp. *batata/patata* uit Tai. *batata*, end 16e eeu i. Eur. bek.; vgl. Scho TWK 14, 1, p. 27 i.s. uitdr. soos: “met d. hele mandjie patats”.

+ **patattavel**: Kaapse Kleurling; Scho (TWK 14, 1, p. 27) gee vb. v. gebr. aan d. Kaap uit 1861.

pater: ordepriester, geestelike vader; Ndl. *pater* (Mnl. *pater*) uit Lat. *pater*, nog in Lat. verbg. *pater familias*, “gesinshoof”, in It., Port. en Sp. *padre*, “geestelike”, ook in Eng. *padre*, “geestelike, priester” (1584), “kapelaan” (by d. leër), terwyl in Eng. leerlt. en studt. *pater*, “pa, vader” (1728); verb. m. Eng. *paternal*, *paternity*, ens.

paternostertjie v. **bidbessie**, **ghoemsie(bessie)**, **kraalbessie**, **minnaars-boontjie**.

patois: dialek; minderwaardige/plat taal; Ndl. en Eng. (m. Fr. uitspr.) uit Fr. *patois* (13e eeu) — in Eng. 1643; herk. onseker, hou misk. verb. m. Lat. *patria*, “vaderland”, en m. Ndl./Afr./Eng. *patriot*, “vaderlander”.

patrollie: groep polisie/soldate wat verkenningswerk verrig; Ndl. *patroelje*/(m. Fr. uitspr.) *patrouille* (16e eeu) uit Fr. *patrouille* (afl. v. ww. *patrouiller*, wsk. verb. m. *patte*, “poot, voet”, ouer bet. ong. — “te voet deur modder loop”), Hd. *patrouille/patrulle*, Eng. *patrol*, in bet. “patrolleerwerk” (1664), in bet. “polisiegroep” (1670), Sp. *patrulla*, Port. *patrulha*, It. *pattuglia*.

patroon: 1. beskermheer, voog; raadgewer, werkgewer; baas, eie-naar; 2. hoeveelheid buskruit v. skoot, huls v. projektiel, projektiel; 3. model, voorbeeld; Ndl. *patroon* (Mnl. *patroon/patrone*), wsk. via Ofr. (Fr.) *patron* uit Lat. *patronus* (afl. v. *pater*, “vader”), “beskermheer, voog”.

patrys: voëls. (*Perdix cinerea*, fam. *Phasianidae*); Ndl. *patrijs* (Mnl. *pa(r)trise/perdrijsel-trise*, by vRieb *pardrijsen*), naverw. aan d. Afr. soort, vlgs. Scho PD 11 eint. *spp. Francolinus*, waarby o.a.

ook *spp. Dendroperdix*, fam. *Phasianidae*, via Ofr. *pertris/-dris* (Fr. *perdrix*) uit Lat. *perdix*, Gr. *perdix*, “patrys” — terwyl Eng. *r* in eerste letg. in *partridge* behou het, het dit in Ndl. na d. 17e eeu verdwyn.

patryspoort: lig- en lugvenstertjie in kajuite v. skepe; Ndl. *patrijs-poort* (1777), dVri NEW (510) trek Verc BEW (258) se verkl. (blb. dies. as dié v. WNT XII 801–2) wat n.a.v. uiterlike ooreenkoms verb. m. *patrysgat* aanvaar, in twyfel; Fr. *hublot*, “patrys-poort” (vlgs. Hat-Dar) uit *hulot* uit Hd. *hohl* (Ndl./Afr. *hol*, “gat”) skyn steun aan Verc se verkl. te verleen, vgl. ook Eng. *porthole*; daarby is Ndl./Afr. *poort*, Eng. *port* al geruime tyd i.v.m. voëls d. min of meer tegn. term v. “anus”.

+ **pavane:** soort swierige dans; Ndl. (sedert 16e eeu) *pavane*, uit Fr. *pavane* (wu. ook (1535) Eng. *pavan*), It. *pavana*, Sp. *pavana/pabana*, misk. verb. m. Sp. *pavo*, “pou”, n.a.v. pronkerige dansers.

paviljoen v. pawiljoen.

pawee(perske): — *pawie(perske)* —, perskes. (*Prunus persica*); uit Fr. *pavie*, na die plekn. Pavie, “ville d’Italie, d’ou cette espèce a été importée en France, XVIIe S.” (Hat-Dar s.v. *pavie*); v. ook **perske**; ook in Eng. (1675) *pavy*.

pawiljoen: — *paviljoen* —, 1. openbare gebou m. stygende rye sit-plekke vir toeskouers by sportwedstryde; 2. ouderwetse soort ledekant, vroeër ook bek. as **babbeljoentje** (q.v.).

+ **pawiljoentjie:** dim. v. **pawiljoen** (q.v. en v. ook **babbeljoentjie**); blb. alleen dim. in bet. “trapsoetjies, verkleurmanneltjie” by Scho TWK 14, 1, p. 27 *paweljoentje* uit 1863, en 14, 4, p. 192 *papeljoentje* uit 1889; wsk. (volkset. ?) verwarring tussen *pawiljoentjie/babbeljoentjie* en *kameleo(e)ntjie* i. fig. bet., d.w.s. “iemand wat in sy beskouings ’n verkleurmanneltjie is,” soos uit eerste aanh. by Scho blyk; dim. deur byg. aan *babbeljoentjie* — *trapsoetjies/verkleurmanneltjie*?

pê: 1. uitr. t. uittarting, bv. “pê, jy kry dit nie” (*pê* = *wê*), misk. kn. (vgl. *pê/kwêvoël*); 2. s.n.w., bv. “hy kan nie pê (ba of boe) sê nie”, mntl. d. letter P of kn. ?; 3. s.n.w., bv. “sy pê (blus/gô) is uit”, kan dit verb. hou m. *pee/peeg/pei*, “taak” (Debo 728, te Brugge)?; 4. b.n.w./bw., bv. “ek is/voel pê, “siekerig”, sou dit verb. kan hou m. Mal. *pajah*, “siek”?

+ **pedak:** loods, skuur; wsk. via Ndl. uit Mal. *petak*, “afskorting v. skeepsruim”.

pedant: s.n.w. en b.n.w., “wysneus(ig), skoolmeester(agtig); Ndl. (sedert 17e eeu) uit Fr. *pédant*, “skoolmeester” via It. *pedante*

wat verb. hou m. *Gr. paideuein*, “opvoed” (*pais*, “kind”, *deuein*, “bearbei”); d. vorm *pedanties* in Afr. wsk. na d. vb. v. Hd. *pedantisch*, misk. ook beïnv. d. Eng. *pedantic*.

pedigree: afstamming, stamboom (veral d. boere gebr. i.v.m. stam=boekdiere); soos Ndl. *pedigree* ontl. aan Eng. *pedigree* (15e eeu *pedegru* uit Ang.-Fr. *pié* (Fr. *piéd*, “poot, voet”), *de*, “van”, en *grue*, “kraanvoël”, n.a.v. beeld (♣) van so 'n stamboom.

peer: vrug- en pln. (*Pyrus communis*), ook (d. oordr.) “*testiculus*”; Ndl. *peer* (Mnl. *perē*), soos Eng. *pear*, vroeë ontl. aan Ll. *pira* uit Lat. *pirum*, wu. It., Port. en Sp. *pera*, Fr. *poire*.

pees: spierbundel; Ndl. *pees* (Mnl. *pēse*), afl. *pēzel*, *pezerik* (Mnl. *peseric*), v. ook **peester**.

peester: “*penis*” (aanv. v. diere, later ook v. mense); Scho (TWK/NR 7, 2, p. 18) gee vb. v. S.A. gebr. v. *peezer* uit 1803, wu. dan met *t* tussen *s* en *-er* (vgl. *yster*) Afr. *peester* (so d. Frank TE 27 aanvaar); Ndl. *pezerik* (Mnl. *peseric*, by Kil *peserick*), “*penis*” (v. diere soos bul, os, vark), vgl. OFri. *pesel/päsel*, Ned. *pesel* en Vl. *pezel*; hou almal verb. m. **pees** (q.v.).

peet: dim. *peetje*, veral in ss. *peetdogter/-kind/-oom/-ouers/-tante/-vader*; dim. in uitdr.: “loop na jou peetje” (vgl. . . . na jou *maai/moer*), “trap”; “hy is na sy --”, “afgetakel; dood”; “jou — af (“lank”) wag”; Ndl. *peet(je)* hou verb. m. Mnl. *peter* (vgl. Hd. *pate*, dial. *pfette*) en m. Ll. *patrimus/patrina*, (ondersk.) “doopvader; doopmoeder”, verderop m. Lat. *pater*, “vader”, asook m. Ndl./Afr. **patroon** (q.v.) en Eng. *patron*; vlg. Frank TE 36 egter verb. m. d. eien. Piet, een v. d. name i. d. Ndl. volkst. v. d. duiwel.

+ **pega**: veral in redupv. *pega-pega*, herhaalde male by vRieb steeds met “schut(t)wering/schutwering(h)” daarby en 'n enkele maal *pegaspegas*, “tot meerder beskerminge”, almal in verb. m. aanplanting v. ry bome om Kaapse nedersetting teen Hott. te beskerm — Port. *pega* (blb. afl. v. ww. *pegar*, “verbind”) nie net seemt. en net “ezelshoofd” nie (soos Hes HA² 91 sou laat vermoed, maar ook alg. “samevoeging, vastigheid; slaweketting”) — of *pega* (of *pega-pega*) verb. hou of deureengeloop het m. Mal. *pagar* (v. **ompaggar**) is nie sonder meer uit te maak nie.

peil: s.nw. en ww., hoogtemerk; hoogtepunt; gehalte, standaard; Ndl. *peil* (Mnl. *peil(e)*, 17e-eeuse Ndl. ook *peyl* naas *pēghel*), “maatteken; waterstandsteken; hoogte-/diepteteken”, wu. Hd. (18e eeu) *pegel*, “waterstandsteken”, herk. onseker; afl. hiervan is ww. Ndl. *peilen* (Mnl. *pēgelen*), “diepte/hoogte/gehalte meet”, ook in Hd. (1657) as *peilen/peyelen*, mntl. verb. m. Eng. *pail*.

peilvlak: reguit lyn by bouwerk en landmetery.

peins: bedink, nadink; Ndl. *peinzen* (Mnl. *pe(i)nsen/peisen/pinsen*), uit Fr. (10e eeu) *penser*, “dink, oorweeg”, uit Lat. *pensāre*, “teen mekaar af- of opweeg”.

peits: ligte sweep vir karperde; mntl. via Ndl. *peits* uit Hd. *peitsche*, misk. v. Slaw. herk., v. ook Kloe HGA 35 en **piets**.

pekari: soort Am. wildevark (*spp. Tayassu*, fam. *Tayassuidae*); Eng. (17e eeu) *pecari/pec(c)ary*, Fr. *pecari*, Sp. *pacquire*, uit Kar. *pakira/paquira* — Web handhaaf blb. nie meer sy vroeër verkl. i.s. mntl. verb. m. Port *bacora*, “varkie”, nie.

pekel: soutwater; moeilikheid; Ndl. *pekel* (Mnl. *pekel(e)*, dial. *peckel*), Hd. *pökel*, Fri. *pikel*, Eng. *pickle*, herk. hoërop onseker.

pelgrim: bedevaartganger; Ndl. *pelgrim* (Mnl. *pelegrijn/pelgrijm/-grim/-grom*), Hd. *pilger/pilgrim*, Eng. *pilgrim*, wsk. Ofr. uit Lat. *pelegrinus* uit *peregrinus* (*per*, “deur”, *ager*, “land”), eint. “ie=mand wat deur een na ’n ander land trek”.

pelikaan: voëls. (*spp. Pelecanus*); Ndl. *pelikaan* (Mnl. *pēlicaen/pellicaen*), Hd. *pelikan*, Eng. *pelican* uit Ll. *pele-/pelicanus*, Gr. *pelekan*, “houtkapper(voël)”, mntl. verb. m. Gr. *pelekus*, “byl”.

+ **pelloe:** (dial. v.) slang (in taal v. Kaapse Kleurlinge), wsk. uit tweede lid v. **koperkapel** (q.v.).

peloton: afdeling soldate; Ndl. *peloton* (blb. sedert 17e eeu) uit Fr. *peloton* (dim. v. *pelote*, “bal”) uit Ll. *pilotta* (dim. v. *pila*, “bal”), v. dies. herk. Eng. *platoon*, verb. m. Eng. *pellet*; sem. verb. onduidelik.

pels: dierevel; kledingstukke v. dierevel gemaak; Ndl. *pels* (Mnl. *pels(e)*), Hd. *pelz*, Eng. *pilch*, via Fr. *pelisse* uit Lat. *pellicia* (uit *pellis*, “vel”).

penarie: moeilikheid, verdriet; nog nie oud i. Afr. nie en via Ndl. *penarie/penurie* (18e eeu), soos Eng. *penury*, “armoede”, uit Fr. *pénurie*, “behoefte, gebrek”, uit Lat. *penuria*, “gebrek”, wat mntl. verb. hou m. Gr. *peina/peiné*, “honger”.

pendule: klokslinger; Ndl. (17e eeu) *pendule* uit Fr. (17e eeu) *pendule* uit Lat. *pendulus*, “neerhangend”, — Eng. (1578) *pendule*, soos Ndl./Afr. en (1660) *pendulum* direk uit Lat. *pendulum*, “slinger”.

penkop: jong man; jong burger (veral sedert Tweede Vryheidsoorlog, 1899–1902), wsk. n.a.v. “kort geskeerde hare”; vgl. Eng. (hist.) *Roundhead*.

pennie: muntstuk (12e deel v. 'n s(j)ieling); sedert 19e eeu uit Æng. *penny* (reeds Meng. *peni/peny*), hou m. Hd. *pfennig* en Ndl. *penning*, nog i. Afr. gebr. (bv. *erepenning*) in bet. "medalje"; herk. hoërop onseker (dVri J NEW).

penorent: "(pen)regop" v. **orent**.

pens: maag (veral v. dier); Ndl. *pens* (Mnl. *pe(i)nse/panse*, ook dial. Ndl. *pans*), Fri. en dial. Hd. *panse*, Eng. *paunch*, via Fr. *panse* uit Lat. *pantex* (gen. *panticis*), "ingewande", hou mntl. verb. met *pantser*.

pensioen: jaargeld na uitdienstreding; Ndl. *pensioen* (Mnl. *pencioen/pensioen*), Hd. en Eng. *pension*, via Fr. *pension* uit Lat. *pensio* (gen. *pensionis*), "afweging; betaling" (afl. v. *pendere* of v. *pensāre*, albei "weeg").

pensmis: mis (v. **mis** I) uit 'n dier se **pens** (q.v.) by Wik en Trig (v. Scho TWK/NR 7, 2, p. 18).

pensvel: vel oor pens v. dier (v. Scho TWK 14, 1, p. 27 m. vb. uit 1862, en NR 7, 2, p. 19 m. vb. uit Wik).

penswinkel(tjie): koopwarekissie d. rondgaande smous op sy maag gedra aan 'n band om sy nek (vroeër veral op boereplase aangetref, tans nog, hoewel gew. v. owerheidsweë verbied, as 'n vorm v. bedelary in stede).

pêpa: (dial. v.) abba, d.w.s. 'n kind op d. rug dra; NSo. *pepa*, wsk. verb. m. Zu. *beba* (Doke-Vil 70).

peper: skerp prikkelende spesery; Ndl. *peper* (Mnl. *peper*), Hd. *pfaffer*, Eng. *pepper*, vroeg ontl. aan Lat. *piper* (wu. Fr. *poivre*) uit Gr. *piperi* uit Skt. *pipali*.

peperboom I: bek. boom m. rooierige bessies m. ligte smaak v. peper; dit is herk. uit S.-Am. (*Schinus molle*, fam. *Anacardiaceae/Terebinthaceae*).

+ **peperboom II:** Oosterse boom, vroeër (vlgs. sommige ten onregte) genoem *peperboom* (*Aquilaria agallocha*, fam. *Thymelaeaceae*) v. **garoe**(boom), ook **aalwyn**.

peperbos: pln. (vlgs. Mar 65, 132 en 108 *Relhania genistifolia*, fam. *Compositae* en ook *Montinia caryophyllacea*, fam. *Saxifragaceae*, lg. ook by Thun FC v. Scho PD 72-3), blb. n.a.v. skerp reuk v. blare.

peperkorrel I: korrel uit bessie v. d. peperboom (v. **peperboom** I).

peperkorrel II: ineengekrulde haarknoppies by haargroei v. inboorlinge, reeds by Bor (v. Scho TWK/NR 7, 2, p. 19).

peperkruid: pln. (*Lepidium capense*, fam. *Cruciferae*); ook Ndl. *peperkruid* vir *spp. Lepidium* by Heuk 138.

peperment: — *pepermunt* —, 1. pln. (*Mentha piperita*, fam. *Labiatae* — by Mar 128 net “mint”, maar by dPl S 214 *peperment*); ook Ndl. *peperment/-mint/-munt* vir *spp. Mentha* by Heuk 155; 2. gegeurde lekkers m. skerp smaak (ben. aan geur v. plant ontl.); (oor wd. op *-ment* v. Kem WFA 429–30).

perd: ry- en trekdier (*Equus caballus*, fam. *Equidae*); Ndl. *paard* (Mnl. *pa(e)rt/pe(e)rt*, dial. Ndl. *peerd/pèrd*), Hd. *pferd*, uit Ll. *paraveredus* (hibr. Gall.-Ll. wd. uit Gr. *para*, “langsaaan”, en Gall. *verēdus*, “perd”), wsk. “ekstra perd” of “pakperd” — hieruit Eng. *palfrey* en Fr. *palefroi*.

perdebessie v. tandpynbessie.

perdekapok: pln. (*Lanaria plumosa*, fam. *Haemodoraceae*), reeds aan Thun bek. (Scho PD 73), eerste lid dui blb. aan dat d. plant groot is.

perdekraal: dokg. end 18e eeu (Scho TWK/NR 7, 2, p. 19), v. **perd** en **kraal II**.

perdepram(boom): pln. (*Fagara capensis*, fam. *Rutaceae*), ben. n.a.v. knoppies aan hout, vandaar ook bek. as *knophout*, *knoppiesdoring*, *pramdoring*, ens.

perdesiekte: dokg. sedert 1803 en verder by Bur en Del (Scho TWK/NR 7, 2, p. 19).

perdeskoen: (perde)hoefyster; gew. word *perdeskoen* as ’n Afr. leenw. uit Eng. *horseshoe* beskou, maar WNT XI 81 teken by *paardeschoen* aan: “alleen nog gewestelijk (bv. in Z.-Afrika) bekend”, maar noem dan onmiddellik daarop “*Paerden-schoen*” by Huygens, wat dit uit Eng. kon gekry het, dog dit bly nog (altans v. d. 17e eeu) dial. Ndl.; in Afr. ook nog *perde-yster*.

perdeslaai v. dodder.

perdevis: viss. (*Agriopus torvus* — by Gil 221, 230), vlgs. Frank (TB 129) mntl. ’n vert. v. verbasterde Port. *pisje cavallo* (vgl. ook Scho PD 24).

perdgerus: baie kalm; Malh DF AS 290 gee nie vglb. vb. uit Ndl. nie; vgl. nog Afr. *houtgerus*.

pêrel: sieraad uit mossel/oester; Ndl. *paarl/parel* (Mnl. *pa(e)rle/pe(e)rle*, dial. *peerl(e)/per(re)/perel*, by vRieb *paerl/peerl/pe(e)rel*), Hd. *perle*, Eng. *pearl*, Fr. *perle*, It. *perla*, wsk. verb. m. dial. It. *perna*, “pêrel”, en Lat. *perna*, “mossel”.

pergola: priedelwerk vir blomme, rankplante, ens.; Ndl. *pergola*, Eng. (17e eeu) *pergola*, It. *pergola*, uit Lat. *pergula*, “afdak; balkon” (verb. m. ww. *pergere*, “uitsteek”).

perkament: bereide vel vir skryf-, druk- of bindwerk; Ndl. *perkament* (Mnl. *parca-/percamment*) uit Ofr. *parcamin* (Fr. *parchemin*, vgl. Eng. *parchment*) uit Ll. *pergamentum* uit Lat. *pergamēna* (eint. *carta Pergamēna*, “Pergameense papier”), hou verb. m. naam v. stad Pergamon i. Klein-Asië.

perlemoen v. perlemoer.

perlemoer: blink binnekant v. skulpe; volkset. ook *perlemoen*; Ndl. *parelmoer/paar-/perlemoer* (Mnl. nog *moer van peerle*, by Kil *perlenmoeder*, dial. Ndl. *par-/peerlemoen/perelmoen*), vert. v. Ll. *mater perlarum*, “moe(de)r v. pêrels”, vgl. Eng. *mother-of-pearl*.

+ **permitasie:** afkoms, familie; Scho (TWK 14, 1, p. 28) gee S.A. vb. uit 1862 en 1873; Ndl. volkst. *palmentage/parmentasie* uit Ndl. *parentage/parentagie*, soos Eng. *parentage*, “afstamming” (ong. mid. 16e eeu), uit Fr. *parentage* (afl. v. Fr. *parent*, ouer”), verb. m. ww. Lat. *parere*, “voortbring”.

pernambuk(hout): hout- en pln. (*Caesalpinia echinata*, fam. *Leguminosae*); Ndl. *pernambukhout*, Eng. *pernambuco wood*, na die naam v. d. uitvoerhawestad, Pernambuco, in Brasilië; v. + **fer-nambuk(hout)**.

perron: stoep; platform (by spoorwegstasie); het blb. nog nie daarin geslaag om *platform* (uit Eng.) te verdring nie; ontl. aan Ndl. *perron*, cers in Nnl. herontln. aan Fr. *perron*, hou misk. verb. m. Fr. *pierre*, “klip”, It. *petrone* en Gr./Lat. *petra*, “klip, rots”, maar betwyfel.

pers: 1. s.nw., drukwerktuig; masjien v. drukwerk; kocerantwese, joernalistiek; Ndl. *pers* (Mnl. *perse/parse*), soos Eng. *press*, via Fr. *presse* uit Ll. *pressa* uit Lat. *pressus* (verl. dw. v. *premere* of verb. m. intens. *pressare*); 2. ww., “druk”, i.v.m. wynmakery gew. alleen *pars*; Ndl. *persen/parsen* (Mnl. *persen/parsen*), soos Eng. *press*, via Fr. *presser* uit Lat. *pressare*, “druk”.

pers II: rooiblou (kleur), m. gerekte vok.; Ndl. *paars* (Mnl. *pe(e)rs/paers*, dial. Ndl. *pears, peers*), uit Ofr. *pers* uit Ll. *persus*, “perske-kleurig” (vroeeër = “groenblou”), v. dVri J NEW.

- perseel:** stuk grond; Ndl. *perceel* (Mnl. *perc(h)eel/perseel*, naas *parc(h)eel/partseel*, “deel”), soos Eng. *parcel*, “deel; stuk”, uit Fr. *parcelle* uit Ll. *particella* uit Lat. *particula* (dim. v. *pars* (gen. *partis*), “deel”).
- persie:** — *parsie* —, vorm v. diarree/disenterie, gew. m. bloeding, vandaar *bloedparsie/bloedpersie*; Ndl. *perzing* (by vRieb *persing*, mntl. ook dial. vorme m. *pars-*), vgl. Scho (TWK/NR 7, 2, p. 19) m. vb. uit 18e eeu a. d. Kaap; sou Fr. *pression* mntl. invl. daarop gehad het?
- persimmon:** vrug- en pln. (*spp. Diospyros*, fam. *Ebenaceae*), ook bek. as *dadel-/lotus-/tamatiepruim* en as *kaki(e)vrug* (WAT s.v. **dadel=pruim** en **kaki(e)vrug**); nie in WNT nie, Eng. (begin 17e eeu) *persimmon*, m. ww. *pasimine/pessimin/putchamin*, uit ’n Am.-Inda. taal (wsk. v. Virginia), vandaar *Diospyros virginiana*, maar d. plant groei ook in Jap. (veral d. *Diospyros kaki*).
- perske:** vrug- en pln. (*Prunus persicae*, fam. *Amygdalaceae/Prunaceae*); Ndl. *perzik* (Mnl. *perseke/persike/persec-* in ss.), OFri. *persk/perske* (tDK II 715), Hd. *pfirsich*, uit Ll. *persica/pesca* uit Lat. *persicum* (aff. v. eien. *Persië*) — Eng. *peach* wsk. via Fr. *pêche* uit Ll. *pesca*, en Ndl./Afr./Hd. via Ll. *persica*, d. Afr. vorm meer bep. uit dial. Ndl.; in Afr. ook (bv. by Elf-Vil) *perskie* (wsk. ten onregte as dim. beskou), terwyl *sperskie(s)* m. anl. *s*-deur baie sprekers as substandaard beskou word en vgl. word m. *sturksvy(e)* v. *turksvy(e)*.
- persoon:** ’n mens; Ndl. *persoon* (Mnl. *persone/persoon*), Hd. *person*, Eng. *person*, “’n mens”, naas *parson*, “gemeentehoof”, òf via OFri. *persone* (Fr. *personne*) òf direk aan Lat. *persona*, “(toneel)=masker; (toneel)rol”, vgl. ook It. *persona*; herk. hoërop onseker.
- pesede:** (enigsins ouderwets v.) *gepasseerde*, “verlede” (vgl. **passado/passato**); wsk. Ndl. (*ge*)*passeerde*, “verbygegane” (soos reeds by Kil).
- peseta:** Sp. silwermuntstuk; Ndl. *peseta*, Eng. *peseta* naas *peso* — *peseta* is eint. dim. v. *pesa*, “’n bep. gewig”, en hou verb. m. Lat. *pensum*, “’n geweegde gedeelte” (*pensus*, verl. dw. v. Lat. *pendere*, “weeg”).
- peso:** muntstuk in Mid.-S.-Am. lande; Ndl. en Eng. *peso*; v. verder **peseta**.
- + **petache:** soort skippie; in Kaapse Stukke v. 1686, reeds by vRieb as *pataches* (mv.); Ndl. (17e eeu) *patas/patasje* (wu. wsk. Hd. *patas*), vlg. WNT XII 753 nog te Antwerpen in gebr., soos Eng. *patache* (1589) òf via Fr. *patache* òf via Sp. *patache*, vgl. ook Port. *patacho/pataxo*, It. *pataccia/pataschia*; herk. hoërop onseker; v. + **patache**.

petalje: — *petallie*/by WAT *ba-/betalje*, veroud. — , “affêre, kas=kenade(s), lawaai”; by vRieb *bat(t)ail(l)e*, “geveg” (WMnl. gee reeks wv. waaronder *bata(e)lge/bat(t)alie/betalie*) uit Ofr. *bataille* uit Ll. *batalia*, “geveg”, hou verb. m. Lat. *bat(t)uere*, “slaan” en m. Eng. *battle*, “geveg”.

petieterig: klein, swak, verdwerg; Ndl. *petieterig* (geen vroeë datg. by WNT XII 1415 nie), wsk. afl. v. Fr. *petit*, “klein”, herk. onseker.

petunia: blom- en pln. (*spp. Petunia*, fam. *Solanaceae*); Ndl., Eng. en Port. *petunia*, Hd. *petunie*, Fr. *pétunia* (afl. v. Fr. *petun*, Port. *petum*, uit Bras. vir “tabak”) in 1789 naam aan plant gegee d. Jussieu n.a.v. ooreenkoms m. tabakplant.

peul I: huls v. peulvrugte (fam. *Leguminosae*); Ndl. *peul* (Mnl. *pole/peule*, dial. *pool/poele*), hou verb. m. **puil** (q.v.) en m. Eng. *pulse*, “peulvrugplante”.

peul II: langwerpige onderkussing; Ndl. *peul/pe(u)luw* (Mnl. *poluwe/puehu(we)* e.a. wv.), Hd. *pfühl*, Eng. *pillow*, verb. m. Lat. *pulvinus*, “kussing”.

peul III v. puil.

peusel: onbelangrike dingetjies doen; langsaam en effentjies aan iets eet; Ndl. *peuzelen* (by Kil *peuselen*), Hd. *bosseln/posseln*, Ned. *pöseln/pusseln/busseln*, vlg. dVri J NEW mntl. “een affectieve bijvorm van *beuzelen*” en verw. aan Lat. *pusillus*, “baie klein”, vgl. Eng. *pusillanimous*.

peuter: nie-belangstellend aan iets werk; lastig val, lol; Ndl. *peuteren* (by Kil *peuteren/pöteren*) word beskou as frekw. by *poten* en as verw. aan Ndl. *peuren*, “roer, vroetel”; vgl. Eng. *pother*, “to make a fuss, to worry”.

pêvoel v. kwêvoel.

p'halla v. impala.

piano: bep. musiekinstrument; feit. intern. wd., eers sedert 19e eeu in afgekorte vorm v. It. *piano* (afk. v. *pianoforte*, eint. *piano e forte*, “sag en luid”, want juis hierdeur het hierdie instrument hom van sy voorgangers sedert d. 15e eeu ondersk.).

piaster: ou Sp.-Am. munt, nog in Egipte en Turkye in gebr.; Ndl. (sedert 17e eeu) *piaster*, Eng. (1611) *piaster/piastre*, Fr. *piastre*, It. *piastra*, verk. v. *piastra d'argento*, “pleister(werk) v. silwer”, hou verb. m. Lat. *emplastra/emplastrum*, “pleistering”, en m. Ndl./Afr. *pleister* en Eng. *plaster*.

piccolo: soort fluit; Ndl. en Eng. *piccolo* (albei 19e eeu) uit It. *piccolo*, “klein”, as dim. gesubst. in bet. “klein fluitjie” (met toonhoogte een oktaaf hoër as gew. fluit).

piedewiet I en II v. pierewiet I en II.

piekanien v. pikkenien.

piekel: dra; karwei; vervoer; Ndl. *pi(e)kelen/pikolen* (wsk. sedert 17e eeu, aangesien *picol/pikol* al by vLin en elders voorkom, v. Bosh VT 209–210) uit Mal.-Jav. *piko(e)l*, “dra” (veral m. draagstok oor skouers).

piekels: gew. mv., “in asyn ingemaakte groente”; Eng. *pickles*, wat verb. hou m. Ndl./Afr. *pekel* (q.v.), “soutwater”.

pieker: jou aftob/bekommer/kwel oor; Ndl. (nog nie by Kil nie) *piekeren/pikkeren* (geen vroeë datg. by WNT nie, wsk. 18e eeu), ontl. aan Jav.-Mal. s.nw. en ww. *pikir*, “bepeins(ing)”, berus op uitspr. v. Arab. *fikr*, “gedagte, oordenking, oorleg”.

piekfyn: besonder fyn/mooi/netjies; Ndl. (sedert 19e eeu) *piekfijn* uit Hd. *pi(e)kfein* uit Pd. *piek*, “voortreflik”, wat misk. verb. hou m. Fr. *pique(r)* en m. Ndl. *puik* (q.v.).

piekie: — *pikkie* —, “iets/iemand wat klein in sy soort is, dwergie, klein ventjie”; dim. v. dial. Ndl. (o.a. Gron. en ook Fri.) *piek*, “kuiken”, (later ook) “klein kind”, misk. kn. i.v.m. kuikens; vgl. **pielie-pielie**.

piekniek: vrolike partytjie m. volksdanse en spele i. d. veld; Ndl. (19e eeu) *picnic/picknick* uit Eng. *picnic* uit Fr. (17e eeu) *pique-nique*, herk. onbek.

piel: “*penis*”; dial. Ndl. *piel*, ongedift. vorm v. *pijl* uit Lat. *pilum*, “spies” (v. Frank TE 26).

pielie-pielie: lokw. v. eendjies en gansies; Ndl. dial. *piele, piele!*, misk. kn., maar ook i. verb. gebring m. Eng. *pile*, “donshaar”, uit Lat. *pilus*, “eerste donsveertjie(s) v. eendjies en gansies”, vgl. **piekie** en v. Frank TE 26 — dat ’n eend i. NSo. *pidipidi* heet, kan of toevallig (bv. kn.) wees of uit d. taal v. blankes oorgeneem wees.

pienang: vrug- en pln. (*Areca catechu*, fam. *Arecaceae*); via Ndl. (by Rum) *pinang* uit Mal. *pinang* — in Eng. as *areca* bek. (1599).

pienk: bep. ligrooi kleur; Eng. *pink*, na d. naam v. bep. blomme met so ’n kleur (*spp. Dianthus*).

pienter: gevat, oulik, slim; via Nnl. *pienter/piender* uit Jav. *pinter*, “slim”.

piep: soort hoendersiekte; nie-ernstige siekte (ipekonders) by mense; Ndl. *pip* (Mnl. *pip/pippe*), Eng. *pip*, Hd. *pfipfs*, uit 'n Rom. taal: It. *pipita*, Sp. *pepita*, Port. *pe-/pivide*, Fr. *pepie/pépie*, uit Ll. *pipita* uit Lat. *pituita*, “slym, snot”; vgl. Eng. *pituitary*.

pieperman(netjie): “*penis*” (in kindt.); hou wsk. verb. m. **piepie** (q.v.).

piepfyn: by Kem WfA 152 sonder sem. gegewens — gevorm na anal. v. *piekfyn* naas *piepjonk* en *piepklein* of kontamv. ?

piepie: 1. s.nw., “*penis*” (in kindt., vgl. **piepermannetjie**); 2. ww., “urineer, water” (in kindt.); in Ndl. is *piepie* 'n s.nw. in verbg. “piepie doen”, “water” (in kindt.), misk. uit Fr. *faire pipi*, maar mntl. selfst. in dial. Ndl. gevorm — in Ndl. klem op 2e en in Afr. op 1e letg. (v. WNT XII 1551).

piepjonk: baie jonk; Ndl. *piepjong* (in 1641 reeds verbg. *piepe en jonck*), eerste lid wsk. kn. (geluid v. klein voëltjies).

piepklein: baie klein; wsk. na anal. v. Ndl. *piepjong*, Afr. *piepjong* (attr.)/*piepjonk* (pred.) i.v.m. iets/iemand wat klein in sy soort is (soos 'n piepende kuikentjie of voëltjie), misk. m. byg. aan *piepe=rig*, “klaerig, skreeuerig”; vgl. **piepkuiken**.

piepkuiken: jong kuiken; Ndl. (1666) *piepkuiken* (by Comenius gedok. as *piepkuykens*); vgl. **piepklein**; al die kompo. m. *piep-* as 1e lid word ook op kinders toeg.

pier I: erdwurm (*Lumbricus agricola (terrestris)*, fam. *Lumbricidae*), kom hoofs. nog in enkele verbg. voor, bv. *so dood as 'n —*; Ndl. *pier* (by Kil *pier/pierworm*), herk. onbek.

pier II: landhoof aan seefront; Ndl. *pier* (19e eeu) ontl. aan Eng. *pier*; herk. uit Fr. *pierre* uit Lat. *petra*, “klip”, word in twyfel getrek; v. ook **perron**.

pier III: bedrieg, kul; Ndl. *pieren* (Mnl. *pieren*, “in 'n strik vang” — in Vl. nog *piere*, “strik”), later in bet. “bedrieg, fop, kul, vang”, herk. onbek.; aan d. Kaap gedok. i. d. 2e helfte v. d. 18e eeu (v. Frank TB 205 No. 67).

pierewiet I: — *piedewiet* —, voëls. (*Andropadus importunus* en *Phyllastrephus flavostriatus*, albei fam. *Pycnonotidae*), ook bek. as *bosvoël*, *groenpiet*-willie, *lemoenvoël* en *bostatara(t)*, selfs toeg. op *janpiede*-/*janpierewiet*, *janfrederik* en *bokmakierie*; aanv. seker kn. soos Eng. *pe(e)wit*, Am.-Eng. *pee(t)vee(t)*, S.A. Eng. *pilawit* (vgl. Ndl. *kievit* en Afr. *kiewiet*).

pierewiet II: “hofmaker” i. d. bek. liedjie, v. **Jan Piedewiet**.

piering: koppieskotteltjie; mntl. via Ndl. uit Mal. *pi(e)ring* (by Colenb DB in 1668–9, in ss. aldaar in 1679 en as simp. in *Oud-Holland* in 1685); v. ook **katjiepiering**.

piesang: vrug- en pln., ook bek. as **banana** (q.v.) (*Musa sapientum*, fam. *Musaceae*); via Ndl. *pisang* (reeds by vLin as *pysan*) uit Mal. *pisang*; by vRieb *pisangh*, by Trig *piesang*; ook wilde soorte is in S.A. bek., o.a. *spp. Strelitzia*, fam. *Musaceae*.

piesangvy(g): ’n bep. vyes.; WNT XII 1970 gee alleen d. Afr. gebr. op uit Mans (KHI), ook vermeld d. Bosh VT 305.

pieterkielie v. **partikulier**.

pieterselie: -- *pietersielie* -- , pln. (*Petroselinum sativum*, fam. *Apiaceae*); Ndl. *p(i)eterselie* (Mnl. *peter-/pietercelie/-celle/-sille*), Hd. *petersilie*, Eng. *parsley*, Fr. *persil*, It. *petrosillo/petrosellino*, uit Ll. *petrosilium/-cillum* uit Lat. *petroselinum*, Gr. *petroselinon* (Gr. *petra*, “rots”, *petros*, “klip”, en *selinon*, “(selie)plant”); by vRieb *pietersely*.

pietie v. **ipietie**.

pietmakou v. **makou I**.

piet-my-vrou: voëls. (*Cossypha dichroa*) reeds aan IVa bek. en naam kn. (Scho PD 62).

piets: afransel, slaan; Ndl. *pietsen/pitsen*, “slaan” (veral in dial.), verb. m. Ndl. *pietsen/pitsen*, “knyp” (ook veral in dial.) word betwyfel; kan dit misk. verb. hou m. Ndl./Afr. **peits** (q.v.) en m. Hd. *peitsche* (vgl. OFri. *pītsken*, “peitschen, schlagen” by tDK 722)?

piet-tjou-tjou: voëls. (*Parus afer*, fam. *Paridae*), kn. (Scho PD 63).

pigment: kleurstof; Nnl. *pigment*, “kleurstof” (Mnl. *pigment/piment*, “spesery; gekruide drank”), Hd., Eng. en Fr. *pigment*, uit Lat. *pigmentum*, “kleurstof” (hou verb. m. Lat. *pingere*, “skilder”); v. ook **piment**.

pijama v. **pajama**.

pik I: gomagtige stof uit naaldbome; Ndl. *pek/pik* (Mnl. *pec/pic*), Hd. *pech*, Eng. *pitch*, ’n vroeë ontln. aan Lat. *pix* (gen. *picis*), wu. It. *pece*, Fr. *poix*, “naaldboomgom”.

pik II: gereedskapstuk om grond los te kap, ens.; Ndl. *pik* (Mnl. *picke*, so ook by Kil) naas *piek*, dial. *pijk*, wat verb. skyn te hou

m. Fr. *pic* (ww. *piquer*, “steek”), vgl. Eng. *pike* naas *pick* — van dies. herk. ook die ww. *pik*, Ndl. *pikken*/*pieken* (Mnl. *picken*/*pecken*), Hd. *picken*, Eng. *pick*, wat verb. hou m. Sp. en Port. *picar*, Fr. *piquer*, It. *piccare*; herk. hoërop onseker.

pikant: prikkelend, skerp, treffend; Ndl. (blb. end 17e eeu) *pikant* uit Fr. *piquant* (teenw. dw. v. *piquer*) v. **pik** II.

pikée: weefstof; Ndl. *piqué* (ww. *pike(e)ren*), Eng. (1852) en Fr. *piqué*, “gestik” (verl. dw. v. Fr. *piquer*) v. **pik** II en **pikant**.

pikenien v. **pikkenien**.

pikkenien: — *piekanien*/*pikenien* — , kleinjong, klonkie; Eng. (sedert mid. 17e eeu) *piccaninny*/*pickaninny*, afl. in Wes-Inda. negertaal van Sp. *pequeño* of Port. *pequeno*/*piquenino*, “klein”; oudste dokg. v. gebr. in S.A. uit tyd v. vRieb (vgl. Frank TB 33) in vorm *pekenijn*.

pikkewyn: dié ben. is (mntl. al voor d. 16e eeu) eers aan ’n arktiese voëls. gegee wat soms ver na d. suide beweeg het en in Ndl. bek. was as *alk*, in Eng. as *auk* (*Pinguinus impennis*, fam. *Alcidae*) en is later tydens d. seereise v. Port. e.a. oorgedra op vglb. ant=arktiese voëls. v. d. fam. *Spheniscidae* wat soms ver na d. noorde beweeg het; Ndl. *pinguin* (oudste dokg. *fenguines* (mv.) in 1595 a. d. Kaapse kus; by vRieb almal vorme m. *n*-lose eerste letg., o.a. *peguins*/*peguyns*/*peguijnvogels*/*pequijns* *boutjen* (in WNT *bequijns* —); by But ± 1715 reeds *pickoweyjnen*/*pikowynen* (Scho PD 4 5) en ander ww., asook vorme in ander tale, in WNT; vlgs. NED is herk. “obscure”, terwyl Web sy afl. uit Wal. *pen*, “hoof”, en *gwyn*, “wit” (n.a.v. ’n wit voorgebergte op ’n pikke=wynryk eiland naby Newfoundland) handhaaf, en WNT (XII 1886) verkl. dat d. afl. v. Lat. *pinguis*, “vet”, “slechts een ver=onderstelling” is. Word daar egter rekening gehou m. die feite dat *pingue*, “vet”, sowel in Sp. as in Port. voorkom (gesubst. dim. *pingueno*/*pinguino*?) en dat die *Spheniscidae* vroeër in Ndl. bek. gestaan het as *vetganzen* (WNT t.a.p.), dan lyk dié “veronderstel=ling” redelik en mntl. selfs aanvaarbaarder as dié v. Web.

pikkie v. **piekie**.

piloot: bestuurder v. ’n skip of vliegtuig; Ndl. *piloot* (Mnl. *pi*-/*pylote*/*piloot*), soos Hd. en Eng. *pilot*, uit Fr. *pilote* (vroeër *pillotte*), soos It. *pilota* en Sp.-Port. *piloto*, uit Ll. *pilotus* naas It. (ww.) *pedot(t)a* wat wsk. verb. hou m. Gr. *pêdon*/*pêdos*, “roeierim”.

piment: st. kruie; Ndl. *piment* (Mnl. *pigment*/*piment*, “spesery; gekruide drank”), Fr. *piment*, It. *pimento*, Sp. *pimiento*/*pimienta*, Port. *pimenta*, “peper”. uit Lat. *pigmentum* wat later herontln. is in bet. “kleurstof” en in vorm **pigment** (q.v.).

pimpel: gew. i. verbg. *pimpel en pers*; Ndl. *pimpelpaars* (nog nie by Kil nie), 17e-eeuse Ndl. wel *pimpelpaars*, maar onseker of dit 'n verbg. v. *pimpel en paars* is en, indien wel, of *pimpel* uit d. verbg. los gemaak is, dan wel of dit verb. hou m. die kleur v. 'n voël, die *pimpel* of *pimpelmees* (*Parus coeruleus*, fam. *Paridae*) of m. die ww. *pimpelen*, “drink”, — neiging blb. om te aanvaar dat *pimpelpaars* na anal. v. *pimpelmees* gevorm is, dus eint. “mees= pers”, vgl. Hd. *blaumeise*; oor Ndl. *paars* v. *pers* II.

pimpernel: pln. (*Anagallis arvensis*, fam. *Primulaceae*); Ndl. *pimpernel* (Mnl. *pimpe(r)nelle*) uit Ofr. *pimprenele/pimpe(r)nelle* (Fr. *pimprenelle*) wu. Eng. *pimpernel*, vgl. Sp. *pimpinela*, Port. en It. *pimpinella*, uit Ll. *pipinella* wat wsk. verb. hou m. Lat. *piperinus*, “wat uit peperkorrels bestaan”.

+ **pinas:** soort klein seilskepie; Ndl. *pinas*, (eers “klein seilskepie”, later “oorlogskip”), sedert Kil *pinasse* uit Fr. *pinasse* uit It. *pinaccia*, “uit pynboomhout vervaardig”, hou verb. m. Lat. *pinus*, “pyn-/denneboom” — ook in Eng. is *pinnace* v. d. begin v. d. 18e eeu veroud.

pinda: (tot nog toe hoof. boekw. v.) *grondneut/grondboontjie* (*Arachis hypogaea*); Ndl. *pi(e)nda/piendel*, Eng. (1707) *pinda(I)/pindar/pinder*, Port. *pinda* uit Kongo *mpinda*, Mpo. *mbenda*, deur negers na Am. oorgebring; v. *grondboontjie/-neut*, *katjang*= (*boontjie*).

pingel: (nog enigszins boekw.); Ndl. *pingelen*, “op prys afding” (veral i. Ndl. dial., en herk. onseker).

pingpong: tafeltennis; Nnl. *ping-pong/pingpong* uit Eng. (1900) *ping-pong*, kn.

pink I: — (gew. dim.) *pinkie* — , kleinvinger; Ndl. *pink* (by Kil *pinck* en *pinkoy*), dial. Ndl. o.a. *ping/pingelijn/pingeling* en *pinke*; herk. onseker; by vRieb *pingh*; vgl. Kloe HGA 219, 305.

+ **pink II:** outydse vissersvaartuig; Ndl. *pink* (Mnl. *pinke*) deur Rom. en Slaw. tale oorgeneem, maar herk. onseker; by vRieb *pincken* (mv.).

+ **pink III:** jong kalf, blb. eerder op versie as op ossie of bulletjie toeg., hoewel soms d. een of d. ander bedoel word; Ndl. *pink* (Mnl. en nog dial. *pinke*); herk. onbek.

+ **pinkpinkie** v. **tinktinkie**.

Pinkster: 1. Isr. oesfees 50 dae na d. Paasfees; later herdenkingsfees i.v.m. die wetgewing op die berg Sinai; 2. Christelike herdenkings=

fees i.v.m. die uitstorting v. d. Heilige Gees; Ndl. *pinkster(en)* naas ouer *pinksten* (Mnl. *pīnxt(er)*/*pījnster(en)*/*pinster*), hou verb. m. Eng. *pentecost* uit Lat. *pentecoste* uit Gr. *pentēkostē* (afk. v. *pentēkostē* (*h*)*ēmera* (of) (*h*)*eortē*, (lett.) “vyftigste dag (of) fees”).

pinotie(bossie): reeds by Mans (KHI) in bet. *boetebossie* (*Xanthium spinosum*, fam. *Compositae*); Port. *pinote*, “sprong”, bevredig nie; Mal. *peniti*, “speld” (vlgs. Pet A uit Port. (*al*)*pinete*, “speld”) kan mntl. verb. hou m. dorinkies v. d. bossie, terwyl uitspr. *spinoesiebossie* en afl. v. Lat. *spinosum* enersyds aan uitspr. *sperskies* en *sturksvye* herinner en andersyds te “geleerd” voorkom; daar word met d. oog op d. boete derhalwe ook gedink aan mntl. vervorming i. d. mond v. nie-blankes v. Eng. *penalty*, “boete”, maar geeneen v. d. verkl. bevredig in alle opsigte nie.

pinsbek: ’n bep. allooï; Ndl. *pinsbek*, Fr. *peinchebec*, Hd. *pinscheback*, uit Eng. *pinchbeck*, na d. naam v. d. uitvinder, Christopher Pinchbeck v. Londen († 1732).

pinscher v. Dobermann-pinscher.

pioen: pln. (*Paeonia officinalis*, fam. *Ranunculaceae*); Ndl. *pioen/peoen* (Mnl. *pio-/peonie*) uit Ofr. *peone/peoine/pioine*, uit Lat. *paeonia*, wu. Hd. *päonie*, Eng. *peony/piony*, hou verb. m. Gr. *païōnia*, na die naam van d. heelmeester v. d. gode, Paion, n.a.v. die plant se geneesk. eienskappe.

pion: voetgangerstuk i. skaakspel; Nnl. *pion* uit Fr. *pion* uit Ll. *pedone* (Lat. *pedo* (gen. *pedonis*), “voetsoldaat”, hou verb. m. Lat. *pes* (gen. *pedis*), “voet”).

pionier: baanbreker; Nnl. *pionier*, soos Eng. *pioneer*, uit Fr. *pionnier*, “voetsoldaat” (eint. soldaat wat vooruit moet trek om loopgrawe voor te berei); vgl. **pion**.

piouter: bep. soort allooï; Ndl. *piouter/peauter* (so reeds by Kil), Eng. *pewter*, uit Ofr. *peau(l)tre/pialtre*, It. *peltro*, Sp. *peltre*, herk. hoërop onbek., maar hou op ’n tot nog toe onvoldoende verkl. wyse verb. m. vorme m. anl. s- soos: Ofr. *espiautre/espeautre*, Hd. *spiauter*, Pd. *spialter* en Eng. *spelter*.

piramide: Eg. grafmonument; iets in so ’n vorm; Ndl. (17e eeu) *piramide/piramied/pyramide*, Hd. *pyramide*, Eng. *pyramid*, mntl. via Fr. *pyramide* uit Lat. *pyramis* (gen. *pyramidis*), Gr. *puramis*; herk. hoërop onseker, wsk. Eg.

pis: s.nw. en ww., urine(er); Ndl. s.nw. *pis* (Mnl. *pis(se)*, dial. *pisse*), Hd. *pisse*, Eng. *piss*; Ndl. ww. *pissen* (Mnl. *pissen*), Hd. *pissen*, Eng. *piss*, vlgs. dVri J NEW ’n kn. wd. wat ook i. d. Rom. tale opgeneem is.

pisgoed: pln. (*spp. Euphorbia*, fam. *Euphorbiaceae*); ook 'n urineer-siekte by vee deur die vreet v. dié plant veroorsaak (Mar 67 en Scho TWK/NR 7, 2, p. 19 m. vb. v. lg. gebr. uit 1803).

pistool: handvuurwapen; Ndl. (17e eeu) *pistool* uit Hd. (15e eeu) *pistole* wu. Fr. (16e eeu) *pistole*, wu. Eng. (16e eeu) *pistol* — by vRieb *pistool* en *pistolen* (mv.); herk. (d.w.s. waar eerste en deur wie vervaardig) nog omstrede.

pitjies: gew. dim. mv., maar ook *pitte*, “geld”, kan fig. gebr. v. *pit*, “saad”, wees, maar berus wsk. op volkset. (vroeg 17e eeu) Ndl. *pitje(s)*, Eng. (vroeg 17e eeu) *pice*, uit Jav. *pitjis* of Mal. *pitis* (Hind. *paisā*), ben. v. versk. munte v. geringe waarde; ook alg. “geld” (v. ook Frank TB 115 No. 3); so reeds by Bosh VT 210.

piton: bep. soort slang v. d. soort *boa(konstriktor)*, ook bek. as *luislang* (*spp. Boa/Python*, fam. *Boidae/Pythonidae*); Ndl. (17e eeu) *pyt(hon)/pit(h)on*, Eng. (1590) *python*, uit Ll. *python* uit Gr. *puthōn*, na d. naam v. d. mitologiese draak, Puthon, deur Apollo gedood.

+ **pitsjaring**: skeepsraad; beraadslaging; Ndl. (begin 17e eeu, tans veroud.) *pitsjaring* (ww. *pitsjaren*, ou vorme: *bitsjaren/pasjaren*) uit Mal. s.nw. *bit(s)jara*, “oorlegpleging”.

pitso: vergadering (veral v. naturelle); SSo. en Tsw. *pitso*, NSo. *pitšo*, uitspr. ong. *pitsjo*, “(volks)vergadering”.

pla: — *plaag/plae* — ; hinder; terg; Ndl. *plagen* (so Mnl.), Hd. *plagen*, uit Ofr. *player* (geen verb. m. Eng. *play* nie) uit Ll. *plagare*, “slaan”, uit Lat. *plaga*, “slag”, *plangere*, “slaan”.

plaas: 1. (selde) plek; 2. (gew.) boerdery, boereplaas; Ndl. *plaats* (Mnl. *pla(e)tse/plache*), Hd. *platz*, Eng. *place*, ontl. aan Ofr. *place* uit Lat. *platea/platēa*, Gr. *plateia*, “straat” (eint. *plateia (h)odos*, “breë pad/weg”), dan later “oop ruimte”; bet. 2. hierbo al a. d. Kaap in 1699. in Nederland “veral in Fries-Saksiese dele bekend” (Scho TWK/NR 7, 2, p. 19); v. ook **plek**; by Trig *plaas*. *plaats* en *plek* blb. nog gelykwaardig (1Ro T DLT 257), vgl. ook Kloe HGA 310, 324.

plaasjapie v. dorpsjapie, japie.

plafon: — (vroeeër ook) *blafon* — , onderkant v. soldervloer; Ndl. (wsk. 17e eeu) *plafon(d)*, vroeeër ook *blafon*, soos Eng. *plafond* (17e eeu, tans veroud.), uit Fr. (16e eeu) *plafond* (uit *plat*, “vlak”, en *fond*, “grond”, eint. “ondervlak v. verdieping”).

plagiaat: letterdiefstal; Ndl. *plagiaat* uit Fr. (18e eeu) *plagiat* (*plagaire* egter reeds 16e eeu) hou verb. m. Lat. *plagiarius*, “mense-

rower”, later ook “letterdief”; en *plagium*, “menseroof”, afl. v. *plaga*, “net”; vgl. Eng. *plagiary* (16e eeu), *plagiarism* (17e eeu) en *plagiarize* (18e eeu).

plamuur: s.nw. en ww., mengsel aan mure gestryk om hulle glad te maak; glad maak v. mure m. mengsel; Ndl. *plamuur* en *plamuren*, hou wsk. verb. m. Fr. (end 17e eeu) *planure*, afl. v. *planer*, “glad maak” (uit Lat. *plānāre*), verb. m. Mnl. en Mhd. *plāmen*, “glad stryk”, onseker (v. dVri J NEW).

+ **plandoeka:** (dial. v.) bep. soort padda (*plandockje* by Pet A); Mal. *pelandoek*, “horinglose dwergghertjie” kan sem. nie bevredig nie; tweede lid kan misk. verb. hou m. Mal. *katak*, Jav. *kodok*, “kikker, kikvors, padda”, v. ook **oudak**, maar verb. v. eerste lid m. *plat* (vgl. **platanna**) nie oortuigend nie, o.a. omdat by Mal. kompo. die b.nw. op die s.nw. volg.

planeet: bep. hemelliggaam; Ndl. *planeet* (Mnl. *planete*), Hd. *planet*, Eng. *planet*, via Ofr. *planete* uit Ll. *planeta* (mv. *planetae* = *stellae errantes*) soos Gr. *planētēs* (mv. *planētai* = *asteres planētai*, “dwaalsterre, lett. “dwalende sterre”).

plankklip: (dial. v.) maklik snybare klip i. d. omgewing v. d. Kamiesberg (by Scho TWK/NR 7, 2, p. 19 uit Barr).

plankton: dierlike en plantaardige voedsel in (see)water; Ndl. *plankton* (19e eeu) uit Hd. *plankton* (± 1889) wu. Eng. *plankton* (1892), uit Gr. *plankton* (ons. vorm v. *planktos*, “drywend”, verb. m. *plazesthai*, “dryf/drywe”), d.w.s. gewasse wat nêrens pal groei nie, maar ronddryf.

plantasie: aangeplante bos bome; Ndl. (sedert 16e eeu) *plantage* (ouer vorm *plantagie*), soos Eng. (1606, tans veroud. en alleen *plantation*, 1450, direk uit Lat.) *plantage* en Hd. *plantage*, uit Ofr. *plantage* (afl. v. *planter* uit Lat. *plantare*, “aanplant”); by vRieb *plantage/plantagie*.

plastiek: modelleerkuns; Ndl. *plastiek*, soos Eng. (18e eeu in bet. “plastic art”) *plastic*, via Fr. *plastique*, “vormbaar”, uit Lat. *plasticus*, Gr. *plastikos* (afl. v. *plassein*, “uit klei vorm”).

plasto: — *plastoe* —, (dial.) uitr. v. koei om na haar vasmaakplek te gaan, wsk. uit *plaas*, “plek”, + *toe*.

plataan: pln. (*spp. Platanus*, fam. *Platanaceae*); Ndl. *plataan* (Mnl. *plataen/platāne*), Hd. *platane*, soos Eng. *platan(e)*, via Fr. *platane* (ouer *platan*), uit Lat. *platanus*, Gr. *platanos* (afl. v. *platus*, “breed”, n.a.v. breë blare).

platanna: vglb. m. padda (*Xenopus laevis*, fam. *Xenopidae*/*Pipidae*), die paddas is *Ranidae*; Pet A se afl. v. *plathander* (in aansl. by aanh. uit Gil) nie aanvaarbaar nie, verb. v. tweede lid m. *rana* lyk minder natuurlik as dié v. eien. Anna (vgl. *ougrietjie* en *ousanna*), v. ook **platkloet**.

plafdoring v. vlakdoring.

platform: verhoog; stoep langs spoorlyn by stasies; Eng. *platform* (in lg. bet. in 1838, in e.g. in 1820) in bet. “plat/vlak figuur” al in 1550 uit Fr. *plateforme* — wsk. d. gebr. by spoorweë in Afr. ingevoer, v. **perron**.

platina: ben. v. d. erts waarin d. metaal voorkom; die bewerkte metaal uit d. erts heet *platinum*; Ndl. *platina*, via Eng. *platina* (1750) of direk uit Sp. *platina* (dim. v. *plata*, “silwer”, n.a.v. die kleur); *platinum* is een v. d. “elemente” (Simbool Pt).

platkloet: vlgs. vWiel (183) = **platanna** (q.v.); tweede lid hou dan misk. verb. m. Ndl. *kloet/kloot/kluit*, “klomp, klont; lummel; iets belaglik”.

platkop v. baber.

platsak: “sonder geld”; bestrede geval v. d. adj. gebr. v. dié kompo. (vgl. Bosm AMP 78–9, OOA¹ 87, OOA² 86 en Hes HA³ 98–9) weer eens by Kem WFA 170–2 wu. gevolgtrekking dat so ’n “bousel” morfol. en sem. as “normaal” beskou kan word.

plavei: bestraat, met klippe uitlê; Ndl. *plaveien* (by Kil *plaveyen*, m. epent. / uit Mnl. *paveyen* via Fr. *paver* uit Lat. *pavire*, “plat stamp”), vgl. Eng. *pave(ment)*.

pleeg: doen, verrig; Ndl. *plegen* (Mnl. *plēghen/plien*, “instaan vir; jou besig hou met”), Hd. *pfliegen*, hou verb. m. Ndl. *plicht*, Afr. *plig* en Eng. *plight*, wsk. ook m. Eng. *play*, maar verw. m. Eng. *pledge* betwyfel; herk. hoërop hou nog onopgeloste vraagstukke in; v. ook **ploeg** II.

plegtig: ernstig, formeel, waardig; Ndl. *plechtig* (Mnl. *plechtich/plichtich*) afl. v. **plig** (q.v.).

pleidooi: betoog, pleitrede, verdediging; Ndl. *pleidooi* (1531) uit Ofr. *plaidoyer* (Fr. *plaidoyer*), hou verb. m. Ndl./Afr. **pleit** (q.v.), m. Eng. *plea* en *plead*, m. Fr. *plaid*, “geregshof, proessaak”, en verderop m. Lat. *placitum*, “beginsel; regspreuk, verordening; wilsuiting”, v. ook **pleit**.

plein: verfraaide oop ruimte in dorp of stad; Ndl. *plein* (Mnl. *plein*, “oop ruimte, vlakke”), soos Eng. *plain*, uit Ofr. *plain* uit Lat. *planum* (ons. vorm. v. *planus*, “gelyk”, eintl. dus “gelyk vlakke”).

pleister: s.nw. en ww., “mengsel waarmee mure bedek word; kle=werige, geneeskragtige stof m. band op wonde gelê” (s.nw.); “mure met mengsel gelyk maak” (ww.); Ndl. *pleister* en *pleisteren* (Mnl. *plaister/pla(e)ster* (s.nw.), *plaesteren* (ww.), afl. v. *plaester*) hou, soos Eng. *plaster*, verb. via Ofr. *plastre* (Fr. *plâtre*) as s.nw. en Ofr. *plastrer* (Fr. *plâtrer*) as ww. met Ll. *plastrum* uit Lat. *emplastrum* en Gr. *emplastron*, “pleister(ing)” en “salf”.

pleit: s.nw. en ww., hofsak; pleidooi; pleitrede; Ndl. *pleit* en *pleiten* (Mnl. *pleit/plait* as s.nw. en *pleiten/plaiten/pleten*, “prosedeer”), hou verb. m. **pleidooi** (q.v.).

plek: vaste oord, posisie, ruimte; Ndl. *plek* (Mnl. *plekke*), soos in Afr. soms sinon. v. *plaats* (v. **plaas**) — vb. v. gebr. *plaas/plek* en v. kompo. by Scho TWK/NR 7, 2, p. 20 n.a.v. Wik se taal wat in ’n mate ooreenstem met dié v. Trig (s.v. *plaas*).

pleks: mntl. kontamv. v.: “in d. *plek* van” en “in *plaas* van”. hoewel Ndl. *plets* (by Kil *pletse*, dial. Ndl. *plets*) as ww. v. *plaats* (WNT XII 2092, 2618) ’n rol kon gespeel het, sodat dit moeilik uit te maak is of die vorm in Ndl. (bv. dial.) of in Afr. ontw. het.

plesier: genot, vreugde; Ndl. *plezier/pleizier* (Kil noem *playsir* Vl.), soos Eng. *pleasure*, via Fr. *plaisir* uit Lat. *placere*, “behaag”; by Trig *plasier*, mntl. vir *plaisier* (1Ro T DLT 257).

pletie v. **kretie**.

plig: wat iemand behoort te doen; Ndl. *plicht* (Mnl. *plicht/plecht*, “beskerming; risiko; skuld; toedoen”), Eng. *plight*, “gevaar; risiko; toestand”, hou verb. m. **pleeg** (q.v.), v. ook **plegtig**.

ploeg I: as s.nw., mv. *ploeë*; as ww. ook ww. *ploe(ë)*; Ndl. *ploeg* (s.nw.) en *ploegen* (ww.); Ndl. s.nw. *ploeg* (Mnl. *ploech*), Hd. *pflug*, Eng. *plough* (vroeeër en in Am.-Eng. nog *plow*), ’n Germ. wd. wat in Ll. as *plo(v)um* verskyn; as ww. Mnl. *ploegen*, Hd. *pflügen*, verb. binne en buite Germ. onseker.

ploeg II: groep/span arbeiders; Ndl. *ploeg* (sedert 16e eeu in dié bet.), verb. m. **ploeg** I onwsk., hoewel byg. daaraan nie uitgesluit nie, eerder verb. m. **pleeg** (q.v.).

ploert: gemene vent, skurk; Ndl. *ploert* (18e eeu), daar is gedink aan verb. m. Fr. *pleutre*, “lammeling, mispunt”, en ook aan Vl. *pleute*, “lap, vod”, maar albei lewer besware op, asook Holl. *pluren/pluurten*, “met half toegeknypte oë loer” — herk. onseker.

ploeter: hard werk, sukkel, swaar kry; Ndl. (blb. 18e/19e eeu) *ploeteren*, frekw. by kn. wd. *ploeten*, “in d. water plas”, daar is

Ned. en OFri. dial. vorme wat morfol. en sem. vglb. is m. Hd. *plaudern*, “babbel”, en wat mntl. verw. kan wees aan Lat. *blaterāre*, “babbel; dom grootpraat”, en aan Gr. *phledōn*, “bab= belaar; grootprater”, albei (Lat. en Gr.) wsk. ook onom.

plooï: rimpel (in gesig); kreukel, vou (in materiaal); Ndl. *plooï* (Mnl. *plou(e)/plove/plooi*) uit OFr. *plou* (Fr. *pli*) uit Lat. *plicāre*, “vou”, hou verb. m. Eng. *plait* en *pleat*.

plotseling: meteens, onverwags, skielik; Ndl. *plotseling* (na Kil), wsk. na vb. v. Hd. *plötzlich* (dan ook vroeër — 17e eeu — in Ndl. *plotselijk*, tans veroud.) met byw. *-ling(s)* in bet. “met ’n slag” en wsk. kn.; i.s. vorm en funk. v. Kem WFA 405.

pluiens: — *pluiings* — , gew. mv., “vodde; verflenterde klere”; Nnl. *plunje/plundje*, dim. v. *plund(e)*, “lappe, vodde”, wat egter alleen in Mned. voorkom, vgl. ook Fri. *plunje/plo(a)nje*, mntl. verb. m. *plunder* — by Trig *pluijen* (1Ro T DLT 257).

pluimpic: kompliment; dim. v. *pluim*, “veer”; Ndl. *pluim* (Mnl. *plūme*, “veer”), Hd. *flaum*, ontl. aan Lat. *pluma*, “donsveer” — uit d. gebr. om iemand vir knap werk, ens., ’n veer op die hoed te steek, het die bet. “kompliment” ontw.

pluiskeil: ook *pluishoed*, “hoë hoed bedek m. ’n laag harige stof”, bek. as *pluis*; Ndl. *pluis* (na Kil) uit Fr. *p(e)luce*, wu. Eng. *plush*, gaan terug op Ll. *piluccare*, “pluk”, en hou verb. m. Lat. *pilare*, “donse/hare verwyder”, afl. v. Lat. *pilus*, “dons/haar” (vgl. *pielie-pielie*), v. verder *keil* II.

plunder: roof, steel; verniel; Ndl. *plunderen* (Mnl. *plon-/plunderen*), Hd. *plündern*, Eng. *plunder*, blb. ’n Germ. wd. — die s.nw. het o.a. bet. “huisraad, klere, linnegoed”, en die ww. “huisraad, ens., verwyder” (gew. m. geweld).

po: kamerpot; Ndl. *po*, Eng. *po*, albei wsk. uit Fr. *pot* (eint. *pot de chambre*, “kamer-/waterpot”).

podagra: bep. vorm v. voetjig; Ndl. *podagra* (Mnl. *podagra/podager*, by Kil *podaghel*), soos Eng. *podagra*, via Lat. *podagra* uit Gr. *podagra* (Gr. *pous*, “voet”, en *agra*, “jag, vangery”) eint. “voet=angel”, ong. = Afr. “slagyster”; in Ndl. volkst. volkset. of skert= send *pootje* (WNT XII 3411).

podsol: — *podzol* — , bep. grondsoort; Eng. *podsol/podzol* uit Rus. *podzol*, wat verb. hou m. *zola*, “as”, ’n gelaagde gronds. m. organiese en anorganiese bestanddele.

poe: uitr. v. afsku, veragting, ens. (veral t.o.v. slegte reuk); Ndl. *poe/pou/phoe/phou*, Hd. *pfu(h)/puh*, Eng. *phew*.

poedel: bep. honds.; Ndl. (19e eeu) *poedel* uit Hd. *pudel*, verk. v. *pudelhund* (1678), wu. ook Eng. (1825) *poodle*, verb. word aanvaar met ww. in Hd. *pudeln*, Ndl. *poedelen*, Eng. *puddle*, “in water plas/rondspring”, n.a.v. dié honde se voorliefde vir bedrywighede i. d. water.

poedelnaak: — *poedelnakend* — , heeltemal kaal; Ndl. *poedelnaakt*, ontl. (jonger of ouer as *poedel*?) aan Hd. *pudelnact/pudernackig*, blb. nog nie uitgemaak of *poedel* hier s.nw. of ww. is nie, terwyl verkl. dat dit gevorm is na anal. v. Hd. *pudelnass*, betwyfel word; v. ook Afr. *porrel* en *naak/nakend*, *splei-/splinternakend*.

poeding: nagereg; wsk. nie uit Ndl. (na Kil) *podding/pudding* nie, maar soos Ndl. uit Eng. *pudding* (wu. ook Fr. *pouding* en Hd. *pudding*); herk. v. Eng. *pudding* vlg. NED onbek., hoewel dit ouer is as bv. Ndl. *pod-/pudding* en vroeër ook vleisbestanddele bevat het, met d. gevolg dat dVri J NEW se verkl. dat dit ’n ontl. is aan Fr. *boudin*, “bloedwors” (verb. m. Lat. *botulus*, “wors”) voorlopig m. voorbehoud betrag moet word.

poega I: uitr. v. afsku, veragting, ens., versterking v. **poe** (q.v.) deur **ga** (q.v.).

poega II: — *poegaai* — , “moeg, uitgeput”, misk. ww. met gewysigde bet. (dan eint. doeb.) v. **bo(e)haai/pohaai** (q.v.), vgl. Ndl. *poechai*, mntl. het bet. “moeg” ontw. uit “(deur) drukte (uitgeput)”.

poehaai v. **bohaai**.

poeier: fyn verdeelde drogerye of grondstof; Ndl. *poeder/poeier* (Mnl. *poeder/po(u)der*, by Kil *poeder/poeyer*), Hd. *puder*, Eng. *powder*, Fr. *poudre* (ouer *pouldre*), verb. m. Lat. *pulvis*, “stof”, vgl. Ndl./Hd. *pulver*, Afr. *pulwer*.

poeierkwas: blom- en pln. (*Haemanthus albiflos*, fam. *Amaryllidaceae*); in Ndl. blb. nie i. dié bet. bek. nie.

poekoe: antiloops., soort waterbok (*Adenota/Cobus vardoni*, fam. *Bovidae*), Eng. *puku/pookoo*, vlg. NED uit Zu. *mpuku*, maar nie i. dié vorm en bet. by Doke-Vil nie; vgl. Tsw. *puđumo*, “blouwilde= bees”, NSo. *phudufudu*, “steenbok”, en *phuhu*, “elandsoort”; wsk. uit westelike Bant. en dan uit Tsw. (v. Sho II 536): o.a. *im-puku*, *im-pookoo*.

poelpetaan: — *poelpetaat/-petater* — , tarentaal (*Numida meleagris*, fam. *Numidae*); Ndl. *poelepetaat/-pintade/-petane* (na Kil) uit Fr. *poule pintade* (uit *poule*, “hoender”, en *pintade* (Sp. *pintado*), “gespikkeld” — Eng. het *pintado* as ben. v. dié voëls. sedert 1666.

poema: groot Am. katagtige dier (*Felis concolor*, fam. *Felidae*); Ndl. *poema*, Eng. *puma*, Sp. *puma*, Peru. *puma*.

poena: iemand/iets wat klein, kort en dik in sy soort is (bv. 'n seun, 'n geweer); Ndl. *poen* (dial. *poene/poenie*) toeg. o.a. op: dik, mollige kind; dik vrou; kort, dik man; dinge wat dik in hulle soort is, verb. m. ander wd. en bet. v. *poen* in Ndl. nie duidelik nie — slot-*a* in Afr. dui op “troetelnaam” (v. -a).

poenskop: — *bo(e)s-/koe(n)s-/koers-/po(e)ts-/poeskop* (etlike hiervan by Trig, v. 1Ro T DLT) —, blb. toeg. op: 1. soort dolfyn/walvis; 2. ander viss.; 3. olifante sonder tande; 4. beeste, bokke en skape sonder horings — *bossiekop* i.v.m. perde hoort wsk. nie hier tuis nie —; teenoor WNT (XII 2988) se afl. v. *poes(e)kop*, “katkop”, en Frank (TB 166 No. 14) se afl. v. *poen* (v. **poena**) stel Scho (PD 21–2, 49, 53) Ndl. *pots-/bots-/butskop* (Hd. *butskopf*) e.a. ww. wat o.a. by Dap, But, Hofm, IVa en Del voorkom en waarvan *poeskop* tot allerlei eufem. wysiginge aanl. gegee het, 'n bevreëdigende verkl. wat egter d. vraag laat rys hoe, as d. visn. *biskop* d. ontronding v. *buskop* v. *spp. Chrysophrys/Cymatoceps/Sparus/Austrosparus*, fam. *Sparidae*, ontst. het, Eng. *bishop*, Sp. *obispo* v. 'n soort arendrog (*Aetobatus narinari*, fam. *Myliobatidae*) verkl. moet word.

poep: wind (deur mens of dier gelaat), ook ww., windlaat; Ndl. *poep* en *poepen* (by Kil alleen ww. *poepen*, “submisie sive submissim pedere”, d.w.s.: “saggies wind opbreek”), word as kn. beskou.

poer: vlgs. Frank (TE 32) dial. v.: 1. (as s.nw.) “niksnuts”; 2. (as b.nw.) “oes” en dan “minderwaardig, sleg, swak”; 3. (as bw.) gew. redupv. *poer-poer*, “vir die skyn”, almal verb. m. Mal. *poera* en veral redupv. *poera-poera* (soos by vWel VAH 191).

+ **poerbasledan:** (dial. v.) tydverdryf, uit Fr. *pour passer le temps*, “om die tyd te verdryf” (soos by Mans KHI).

poes: “*cunnius*”; Frank (TE 25–6) toon aan dat in OFri., Ned. en dial. aan weerskante v. d. grens tussen Noord- en Suid-Nederland enersyds en Duitsland andersyds *poes* en ww. daarvan in bet. “*cunnius*” gebr. word, v. ook Mans (KHI) en Kloe (HGA 139).

poesaka: (dial. v.) erfstuk; via Ndl. (vWel VAH 191) *poesaka* uit Mal. *poesaka*, “erfgoed”.

poeskop v. **poenskop**.

+ **poespas:** mengelmoes; Ndl. (17c/18e eeu) *poespas*, “mengelmoes”, Hd. *puspas*, “gereg v. gesmoorde appels, pere en pruime”, Gron. *koeskas/koeskoes*, “deurengemeng”; Eng. *mishmash* en *pishpash*, ouer bet. blb. “papperige mengelmassa”, wsk. kn. n.a.v. die geluid by die omroer v. d. massa.

poetie v. ipietie.

poetoe: stywe pap; Ngu. *u(lu)-phuthu*, “dik pap” (Doke-Vil).

poets I: grap, streek; Ndl. *poets/pots*, “grap” (OMnl. *potse*, “streek”, nog nie by Kil nie), wsk. loop meer as een Ned. (bv. *putze*) en Ndl. dial. wd. (bv. *poets* by Cor-Ver) deureen, terwyl vorme m. anl. *p-* blb. nog deureenloop m. Ndl. vorme m. anl. *b-* (*boets/bots/boots*) van Rom. herk., asook die bet. “grap; katekwaad; streek”, en **poets II**.

poets II: borsel, blink vrywe, skoonmaak; Ndl. *poetsen/boetsen*, ontl. aan Hd. *putzen/butzen*, afl. v. Hd. *putz(e)/butz(e)*, ouer bet. ong. “vuil verwyder” (by Kil bv. *boetsen*, “snutten”, d.w.s. “neus snuit”).

poetskop v. poenskop.

poewasa: Moh. vaste; wsk. via Ndl. (vWel 191, 335) uit Mal. *poewasa* (uit *upa*, “by (’n plek)” + *vas*, “wees/bly”, d.w.s. ong. — “wag met ete”).

pofadder: slangs. (*Bitis arietans*) gedok. d. Pat (Scho PD 52), vlg. WNT (XII 3030) hou *pof* hier verb. m. Ndl. *poffen*, “stoot” (met die kop), maar dit sou ook verb. kon hou m. *poffen* in d. bet. “blaas”; kn.

poggel v. pokkel.

pogrom: grootskaalse vervolging (veral v. Jode in Rusland); Ndl. en Eng. (albei sedert begin 20ste eeu) *pogrom* via. Jid. uit Rus. *pogrom* (uit *po-*, “soos”, en *grom*, “donder”, ong. = “algehele vernietiging”).

pohaai v. bohaai.

poilu: Franse soldaat (sedert Eerste Wêreldoorlog, 1914–8); via Eng. uit Fr. *poilu*, “harig” (uit ouer Fr. *poil*, “haar”, hou verb. m. Lat. *pilum*, “spies”).

poinsettia: blom- en pln. (*spp. Euphorbia*, fam. *Euphorbiaceae*), na naam v. Am. diplomaat, Poinsett (†1851).

pointillisme: rigting i. d. skilderkuns om bep. effekte met puntjies en kort strepies te bereik; Ndl. en Eng. uit Fr. *pointillisme* (uit ww. *pointiller*, “stippel”, afl. v. *point*, “punt”).

poise: (min of meer intern. v.) eenheid v. viskositeit, na naam v. Fr. medikus en anatoom, Poiseuille (†1869).

pokkel: — **poggel** — , “dik, lomp mens”, e.g. vorm het blb. i. Afr. hoër frekw. as lg. en hulle kan verb. hou m. Ndl. en dial. *pochel* en *pokkel* wat blb. gelykwaardig is en albei o.a. “liggaam, rug” bet. By *pochel* betwyfel WNT verb. m. *bochel*, terwyl dVri J NEW dit as “jonge bijvorm van *bochel*” aanvaar, *pokkel* nie behandel nie en s.v. *pukkel* verwys na *pok*. By *pokkel* verwys WNT na Nnl. en Ned. *pukkel* en Hd. *puckel* en origins as feittl. — *pochel*. Ouer bet. blb. “kort, dik, rond”; vgl. ook Scho (TWK 14, 1, p. 28) m. vb. v. gebr. in S.A. in 19e eeu.

pokkiesblom: pln. (*spp. Hermannia*, fam. *Sterculiaceae*), ook bek. as *agdaegeneesbossie*.

pokkiesdoring v. **vlakdoring**.

poko(gras): *spp. Pennisetum*, fam. *Gramineae*; Ngu. *u(lu)-phoko*, “giersgras” (waarvan saad vir bier gebr. word); v. Doke-Vil 668.

polemiek: pennestryd; Ndl. *polemiek*, Eng. *polemic* (albei 17e eeu) via Fr. *polémique* (16e eeu) uit Gr. *polemikos*, wat verb. hou m. *polemos*, “oorlog”, eint. *polemikê teχνê*, “krygskuns”.

polenta: soort (It.) pap; Eng. uit It. *polenta* uit Lat. *pollenta*, hou verb. m. Eng. *pollen*, “stuifmeel”, en m. Lat. *pulvis*, “stof”; v. **poelier**, **paljas** 1.

polfyntjie: gew. dim., 1. bep. soort koekie (vgl. Leipoldt se *Polfyn=tjies vir die Proe*); 2. nôientjie (vgl. “Polfyntjie, kom dans met my”); 3. pand (by pandspele); 4. aandenking (vgl. Leipoldt se *Skoonheidstroos, Slampamperliedjie* VII: “Kom gee vir my polfyntjie”); of ons hier m. een wd. of meer te doen het, is nie sonder meer uit te maak nie, ook die tweede lid bly duister, maar d. eerste hou misk. verb. m. Ndl. *pol/polle*, “klein, ronde koekie”, en m. *pol/polle*, “mollige kindjie, menslike figuur, geliefde” — mntl. het **kolwyntjie** (q.v.) d. bet. beïnv., terwyl verb. m. **filippien** (q.v.) ook mntl. is.

poliep: bep. siekteverskynsel; Ndl. (17e eeu) *poliep* via Fr. *polype* (wu. Eng. *polyp/polype*) uit Lat. *polypus* (wu. Eng. *polypus*) uit Gr. *pōlupos/polupous* (*polu-*, “baie”, en *pous*, “voet”, eint. = “veelvoet”, op oktopus en viss. toeg., later op siekteverskynsel n.a.v. die vertakkings daarvan).

poliets: slim; vroegryp (kind); geslepe; wsk. nie uit Ndl. *poliet*, “glad” nie, maar uit dial. *p(o)liets* en verb. m. Pd. *p(o)lietsch/pōlitsch/politsig*, Hd. *politisch* (Lat. *politicus*, Gr. *politikos*), in dial. en “volks” soms “geslepe, uitgeslape”; v. ook Scho TWK 14, 1, p. 28, met vb. in S.A. uit 19e eeu.

polio: ook bek. as *kinderverlamming*; verk. v. *poliomiëlitis*; Eng. *polio(myelitis)* uit Gr. *polios*, “grys”, en *muelos*, “murg”, terwyl suf. *-itis* gew. ’n “ontsteking” te kenne gee.

polis: versekeringsbewys; Ndl. *polis* (1563 *police*) via Fr. (14e eeu) *police* uit It. *polizza* uit Ll. (*a*)*podixa* uit Gr. (*a*)*podeixis*, “bewys”, in Eng. (1565) in bet. “versekeringskontrak”.

polisie I: staatsliggaam v. bewaring v. openbare orde; Ndl. *politie* (vroeër o.a. ook *policie*, soos ook Lmnl., “bestuursake”) uit Lat. *politia* uit Gr. *politeia*, “stads- en staatsbestuur” (Gr. *polis*, “stad, staat”), huidige toep. sedert 17e/18e eeu; hierby Eng. *police*, Hd. *polizei*.

+ **polisie II:** d. Voortrekkers in Natal het ’n *Raad van Politie* benoem, na d. vb. v. d. ou Kaapse Politieke Raad, ’n soort voorstadium v. ’n Volksraad; hier misk. nader aansl. by Eng. *policy* as by *police*; vgl. H. B. Thom: *Die lewe van Gert Maritz* (2e dr., 1965, p. 151).

poljas v. paljas II.

polka: bep. dans en musiek; Ndl. (19e eeu) *polka*, soos Eng. *polka* (1844), wsk. uit Tsj. *polka* in bet. “Poolse vrou” en verb. m. **polonaise** en **polonys** (q.v.).

polo: spel m. stok en bal en spelers te peid; Ndl. *polo* (19e eeu) uit Eng. *polo* (vroeër ook *pulu*) uit Balti (Indië) *polo*, “bal” (in Eng. sedert tweede helfte 19e eeu).

polonaise: bep. musiek; Ndl., Eng. en Fr. (sedert 18e eeu) *polonaise*, eint. Fr. v. “Pools”, maar v. ook **polka**.

polonys: bep. volksdrag en volksdans; eint. doeb. v. **polonaise** (q.v.).

polvink v. parlevink.

polvy: hak v. skoen; Ndl. (sedert 18e eeu) *pollevie/pollevij/pol(le)vei*, Sp. *polevi*, wsk. albei uit Fr. *pont-levis*, eint. “ligte brug” — d. brug is hier d. oorg. tussen d. hak en d. voorste gedeelte v. d. ondervoet.

pomelo: vrug- en pln. (*spp. Citrus*), ook bek. as *bitterlemoen* (WAT I 654); daar is blb. verwarring tussen d. Oosterse *pampel-/pompelmoes* wat H. Kern in verb. bring m. *pam-/pompoen* (’n rankpl. m. groot vrug), terwyl Hob-Job s.v. *pommelo/pampelmoose* wys op Mal. *pumpulmas* (later i. Eng. bek. as *shaddock* na d. naam v. kapt. Shaddock) en d. Navorsingstasie op Nelspruit weer op d. naam v. d. dorpie Pampelmousses op Mauritius met sy “Royal

Botanical Gardens", en andersyds d. *pomelo* (soms as *pommelo/pummelo* geskrywe) op d. W.-Ind. eilande gekweek en as "grapefruit" uitgevoer, in Afr. bek. as *pomelo*/bitterlemoen en ondersk. v. d. *pampel-/pompelmoes*, 'n groter sitrusvrug. Verb. m. *pomum melo* is mntl., maar lewer ook bedenkinge op, v. ook **pomerans I** en **II** en **pampel-/pompelmoes**.

+ **pomerans I**: vrug v. 'n sitruss. en wel v. d. *bitterlemoen* (v. **pomelo**); Ndl. *pomerans* (by Kil *pomerantsche*), ontln. aan Hd. (15e eeu) *pomeranze*, ontl. aan Ll. *pomerancia* uit It. *pomo* (Lat. *pomum*), "boomvrug", en *arancio*, "oranje" (m. byg. aan Lat. *aurum*, "goud"), v. Lok s.v. *nārāng*; vgl. ook **pomelo**.

pomerans II: biljartstokpunt, dies. wd. as **pomerans I**, maar waar lg. in Afr. veroud. is of misk. nooit bestaan het nie, leef **pomerans II** nog by bep. biljartspelers; vgl. **pomelo** en **pomerans I**.

pompadoer: o.a. haarstyl; materiaal; modeartikels; Ndl. (18e eeu) *pompadour/pompedoer*, soos Eng. *pompadour*, uit Fr. *pompadour*, na Madame Pompadour, minnares v. Lodewyk XV.

pompelmoes: -- *pampelmoes* — , vrug- en pln. (*spp. Citrus*); herk. v. eerste lid nog omstrede (v. **pomelo** en **pomerans I** en vgl. NED en WNT), tweede lid hou wsk. verb. m. Jav. *limoes* uit Port. *limoes* (mv. v. *limão*, "lemoen") — ben. *pampel-/pompelmoes* ook toeg. op viss. (*Stromateus fiatola*, fam. *Stromateidae*), rede v. naamgewing (in S.A. Eng. ook bek. as *pampelmoes*, *Bluefish*, *Butterfish* en *Cape Lady*) nie duidelik nie; by vRieb alleen *pompelmoesboomen* in geselskap v. *orangie-* en *lemoenboomen*.

+ **pompemoer**: (dial. v.) bessie- en pln. (*Physalis peruviana*, fam. *Solanaceae*), ook bek. as **appelliefie** (q.v.), uit Fr. *pomme d'amour*, "appel v. d. liefde", maar dikw. (ten onregte) ook genoem *pampelmoesie*, v. **pompelmoes**.

pompoen v. **pampoer**.

pom-pom: snelvuurgeskut, meksim; Eng. *pom-pom* (bek. geraak tydens Tweede Vryheidsoorlog, 1899–1902), kn.

pond: 1. gewigseenheid; 2. geldnoot, geldstuk, geldwaarde; Ndl. *pond* (Mnl. *pont*, Kil *pond*), Hd. *pfund*, Eng. *pound*, vroeë ontl. aan Lat. *pondus/pondus* (verb. m. ww. *pendere*, "weeg").

pondok: — *pandok* (Bolands) — , hut, krot; via Ndl. (by Colenb DB in 1687 en elders in 18e eeu gedok.), uit Mal. *pondok*, "hut", hou dit misk. verb. m. Tam. *pandal/pendaul*, "skuur"?; vgl. Scho (TWK/NR 7, 2, p. 20) m. vb. uit 18e en 19e eeu.

ponie: gew. dim., maar ook *poon* — , kleinerige (ry)perd; soos Ndl. *ponnie/ponny/pon(e)y*, uit Eng. *pony* uit Sko. *powney/pownie*, misk. verb. m. Ofr. *poulenet*, “klein vulletjie”, dim. v. *poulain/polain* uit Ll. *pullanus* (Lat. *pullus*), “jong dier, vul”.

pons I: instrument om gate deur metaal te slaan; Ndl. *pons* òf uit Eng. *punch/pounce/puncheon* (vgl. Nnl. *ponsoen*, “stempel”, en Mnl. *poensoen*, “naald, priem”) òf uit Hd. *punze(n)*, Mhd. *punze*, “voorwerp om mee te steek”, albei (Eng. en Hd.) kan via Ofr. *poinçon/poinchon* en It. *punzione*, “stempel; stoot”, verb. hou m. Lat. *punctio*, “gaatjie, lekplek” en m. Lat. *punctus*, “geprik” (ww. *pingere*, “prik”); hierby ww. Ndl. *ponsen* (by Kil *pontsen/puntsen/ponssen*) en Afr. *pons*.

pons II: drankmengsel; Ndl. *pons/punch* (17e eeu) uit Eng. (17e eeu) *punch* uit Hindo. *pan(ts)ch* (in Pers. *panджа noesj*), lett. “vyfdrank”, bestaande uit arak, suiker, water, lemoensap en kruie (soms m. variasies).

pont: platboomvaartuig om mense, diere, rytuie, ens., oor (kanaal-/rivier)water te vervoer; Ndl. *pont* (Mnl. *ponte*), soos Eng. *pontoon*, via Fr. *ponton* uit Lat. *ponto*, “drywende brug” (afl. v. Lat. *pons* (gen. *pontis*), “brug”).

pontak: wysn.; Ndl. *pontak/pontac* (vroëer ook *pountac*), uit Fr. *Pontacq*, naam v. d. plek in S.W.-Frankryk waar wyn gemaak is.

pontjie: (dial. v.) melkemmertjie (gellinggrootte); Swaz. *im-pontshi*, “melkemmertjie”, Zu. *im-pontshi*, “velsakkie”.

poon v. ponie.

poort: deurgang tussen berge; Ndl. *poort* (Mnl. *po(o)rte*) wsk. via Fr. *porte* uit Lat. *porta* — in Ndl. “deurgang d. muur van gebou of stad, tussen huise”, ens., vlg. Scho (TWK/NR 7, 2, p. 20) kom Ndl. *poort* in Afr. bet. “net in vertaalde geografiese name voor”, hierby verder Afr. vb. by Lic en Wik.

poos v. pouse.

poot I: liggaamsorgaan by diere, beantw. by mense aan “voet” en/of “been”; Ndl. *poot* (Mnl. *poot/pōte*), Hd. *pfote*, in ’n beperkte (Germ. ?) gebied gebr. en blb. afkomstig uit die weste v. Eur. (v. dVri J NEW 539–540); wsk. verb. m. Eng. *paw* en Prov. *pauta*, maar nie noodwendig daarvan afkomstig nie.

poot II: ertappels, plante, steggies plant, d.w.s. in die grond sit om uit te loop en te groei; Ndl. *poten* (Mnl. *poten*), Eng. *put*, ouer bet. ong. = “steek, stoot”, hou ook verb. m. Ndl. *poot*, “loot, steggie, takkie”, reeds in dié bet. by Kil as *pote* en ook Eng. *pote* (nou veroud.).

pootjie I: 1. dim. v. **poot I** (q.v.); 2. ww., “iemand laat struikel” (deur bv. ’n voet voor te steek onderwyl hy beweeg); WNT (XII 3408) behandel dit s.v. die ww. *po(o)ten* (v. ook Kem WFA 60), maar dit sou ook beskou kan word as ’n denom. ww., gevorm v. d. dim. v. **poot I**; Frank (TE 17, voetnoot 3) se gebr. van *pootjie* onbek.

pootjie II: bep. vorm v. voetjig, bek. as *podagra*; ook Ndl. *pootje* vir **podagra** (q.v.).

popelien: tekstielstof; Nnl. *popeline* uit Eng. *poplin* uit Fr. *pope-/papeline* uit It. *papalino*, “pouslik”, na bewering n.a.v. vroegste vervaardiging i. d. pouslike residensie Avignon.

populier: pln. (*spp. Populus*, fam. *Salicaceae*); Ndl. *populier* (Mnl. *popelier(e)/populier*), soos Eng. *poplar*, via Ofr. *poplier* (Fr. *peuplier*) uit Lat. *pōpulus*, “populierboom”.

porie: sg. sweetgaatjie i. d. liggaam; Ndl. *porie* (Mnl. *pōre/porre*), soos Hd. en Eng. *pore*, uit Lat. *porus* uit Gr. *poros*, “deurgang”.

porrel: (dial. v.) “modderige mengsel” (by was v. grond by diamant-delwerye); Eng. *puddle*; v. ook **poedelnaak**.

porsie: deel, so bv. by Trig (1Ro T DLT 257); Ndl. *portie* (Mnl. *portie/porcie*), soos Hd. en Eng. *portion*, via Fr. *portion* uit Lat. *portio* (gen. *portionis*), “aandeel; gedeelte”.

porslein I: — *porselein* — , fyn erdewerk (veral as eetgerei); Ndl. *porcelein/porselein/postelein* e.a. dial. ww. (by Kil *porceleyne*), soos Eng. *porcelain* en Hd. *porzellan*, uit Fr. *porcelaine* (ouer *pourcelaine*) uit It. *porcellana*, “soort skulp” (*Concha Veneris*), oorgedra op erdewerk, veral uit Sjina ingevoer, later alg.

porslein II v. **postelein**.

port I: posgeld; verk. v. *porto* uit It. *porto*, “die dra”.

port II v. **portwyn**.

portaal: ingangskamer by gebou; Ndl. *portaal* (Mnl. *po(o)rtael*) uit Ofr. *portal* (Fr. *portail*) uit byv. afl. v. Lat. *porta*, “deur”; d.w.s. “wat by d. deur hoort”.

+ **portfisie(deur):** (dial. v.) soort dubbele deur (nog in ou Kaapse huise te sien); Ndl. *porte-brisée* en dial. ww. (in Fr. onbek. ben.) — *deur* is eint. oortollik, want *porte* bet. reeds “deur” (v. **portaal**), en *brisée* bet. “gebroke, in twee gesplits, wat maklik oopgaan”.

portier: deurbewaarder; Ndl. *portier* (Mnl. *portier*), soos Eng. *porter*, via Fr. *portier* uit Lat. *portārius*, “deurbewaarder”.

portland(ement): gew. sement; Ndl. *portlandcement* uit Eng. *Portland cement* na skiereiland Portland n.a.v. kleur v. d. sement wat soos *Portland stone* lyk — in Afr. wsk. uit Eng. (vroeër oorwegend i. d. handel).

portnatal-: in ss. met o.a. *boontjie, patat(ta)*; vroeër is na d. hawe en eerste vestiging by Durban as Port Natal verwys, later selfs na Natal as 'n geheel; Scho (TWK/NR 7, 2, p. 20) noem nog *portnatalsiekte* en *-skurfte* uit Del (1847).

portret: foto; Nnl. *portret* uit Fr. *portrait* (wu. Eng. *portrait*), 'n deverb. s.nw. by ww. *portraire*, “uitbeeld”, uit Lat. *protrahere*, “na vore/aan die lig bring — die s.nw. *portraiture/pourtraicture*, “teken-/skilderwerk”, reeds Mnl.

Portugans: soldt. uit Eerste Wêreldoorlog (1914–8); Eng. mv. *Portuguese* lok woordspeling uit m. Eng. *geese*, “ganse” — van= daar *Portuganse* wu. weer ekv. *Portugans* geabstr. is.

portulak v. porslein II, postelein.

portuur v. partuur.

port(wyn): bep. soort wyn; Ndl. *port* verk. uit *portwijn* uit Eng. *portwine*, eint. v. *Oporto wine* na d. naam v. d. Port. hawe van waar dié wyn (*vinho do Porto*) vroeër veral verskeep is.

posjeer: (hoofs. boekw. ter vert. v. Eng. *poached egg*, d.w.s. in water gekookte eier, ook bek. as *kalfsoog*); Ndl. *pocheren* uit Fr. *pocher*, “laat stol”.

+ **Posmianer:** vroeër ben. v. lid v. d. Geref. Kerk i. S.A., beter bek. as **Dopper** (q.v.), na die stigter v. dié Kerk, ds. (later prof.) D. Postma.

postelein: — *porslein* — , pln. (*spp. Portulaca*, fam. *Portulacaceae*); Ndl. *postelein/porcelein/porselein* (by vRieb *porceleyn(groente)/posteleyn* (1659) seker d. dokg. d. dVri J NEW bedoel), Eng. *purslane/purslain*, Fr. *porcelain*, It. *porcellana* naas *porcillaca* (onder invl. v. Lat. *porcus*, “vark”, omdat varke graag d. plant vreet) naas *portulaca* (verb. m. Lat. *portula*, dim. v. *porta*, “hek, poort”, n.a.v. vorm v. vrugkapsel); v. **porslein II** en **portulak**.

potdig v. botdig.

potjierol: dikkerd, vetsak; Frank (TE 21–2) verwerp WNT (XII 3716) se verkl. v. *potjierol* as s.nw. (nl. “styfgestopte wors”; “dik, vet vrou”) en laat byv. gebr. (nl. as “versadig”; “dronk”) links, om te betoog dat Ndl. *potjierol* en Afr. *potjierol* albei tout. ss. is “waarvan beide dele iets wat rond en dik is, aandui”.

potlood: stafie grafiet in houthuls as skryfmiddel; Ndl. (sedert 16e eeu) *potlood* as ss. v. *pot* en *lood*, omdat grafiet by pottbakkerij gebr. is en vroeër met loodstafies geskryf is (vgl. Ndl. *loodpennetje*, Hd. *bleistift* en Eng. *leadpencil*).

potpourri: saamgeflanst reeks populêre melodieë; (alg.) mengelmoes; Ndl. *potpourri* (na Kil) uit Fr. *potpourri*, “vrot pot” (ss. v. *pot* en ww. *pourrir*, uit Lat. *putrere*, “vrot word/wees”) as lett. vert. v. Sp. *olla podrida*, “vrot pot”, d.w.s. “opgewarmde ou kos, huuts= pot”, wu. bet. “musikale melodieëmengeling” ontw. het.

poetsierlik: gek, komieklik, snaaks; Ndl. (18e/19e eeu) uit Hd. (16e eeu) *possierlich* (afl. v. *possieren*, “skerts”), hou verb. m. *poets* I (q.v.).

potskop v. **poenskop**.

potvis v. **poenskop**.

pou: voëls.; Ndl. *pauw* (Mnl. *pa(e)uw*), Hd. *pfau*, vroeë ontl. aan Lat. *pāvo* — gemeen word dat Fr. *paon* en Eng. *pea(cock)* uit verboë vorme hiervan ontw. het.

poublom v. **uiltjie** II.

pous: hoof v. d. R.K. Kerk; Ndl. *paus* (Mnl. *paus/paewes/paves/paefs*), Hd. *papst*, Eng. *pope*, Fr. *pape* (Ofr. *papes/pape*), gaan terug op Lat. *papa*, Lgr. *papas/pappas*, “vader”.

pouse: onderbreking, rustyd; Ndl. (16e eeu) *pauze* as geleerde ontl. aan Lat. *pausa* uit Gr. *pausis*, “onderbreking” (wu. ook Eng. *pause*), daarnaas ouer Ndl. *poos* (Mnl. *pōse*), “onderbreking, rustyd”, in Afr. o.a. “oomblik, rukkie, tydjie”.

power: swak, treurig; Ndl. *pover* (Lmnl. *pōver*), soos Eng. *poor*, via Ofr. *poure/povre* (Fr. *pauvre*) uit Lat. *pauper*, “arm”; vgl. Eng. *pauper*, *pauperism*, *pauperize*.

+**praai:** (’n skip) aanroep; uitvra; Ndl. *praaien* (na Kil) naas *preien*, mntl. uit Ned. of Meng. *preien* (Eng. *pray*), “met nadruk vra; bid”, via Ofr. *preier* (Fr. *prier*) uit Lat. *precāri*, “smeeek, versoek”; by vRieb o. a. *preyen*, *preyende*, *ongeprayt*.

praal: luister, prag, vertoning; Ndl. *praal* (Kil *prael*) deverb. s.nw. by ww. *pralen* (Kil *praelen*), uit Hd. *prahlen*, “grootpraat”.

praat: gesels, spreek; Ndl. *praten* (Mnl. *praten*), Mned. *prāten*, Meng. *praten* (Eng. *prate*, frekw. *prattle*, “babbel”), misk. kn., vgl. **pruttel**, **prewel**.

prag: glans, luister, praal; Ndl. *pracht* (Kil *pracht*), uit Hd. *pracht*; ouer bet. wsk. “gekraak, lawaai”, misk. verb. m. Lat. *frangere*, “breek”.

praksasie: beplanning; versinsel; vlg. Kem WFA 340 blb. ’n Afr. afl.; v. verder **prakseer**, **praktiseer**, **praktisyn**, **praktyk**.

prakseer: (be)dink; in Afr. doeb. v. **praktiseer** (q.v.); in Ndl. en dial. *prakke-/prakkize(e)ren* en *practi-/praktize(e)ren* soms ww. en soms doeb.; by vRieb o.a. *practiseeren* in bet. “bedink, beplan”, v. verder **praktiseer**.

praktiseer: bedryf/beroep beoefen; Ndl. *practi-/praktize(e)ren* (ouer *praktikeeren/-queeren*, Mnl. *practiseren*, o.a. “regsake behandel”), Hd. *praktizieren*, Eng. *practise*, Fr. *pratiquer* (ouer *pra(c)tiquer/pra(c)tiser*) uit Ll. *practizare/practicare*, hou verb. m. Gr. *pragma*, “daad”, en *praktikos*, “doenlik, prakties”; vgl. **prakseer**.

praktisyn: beoefenaar v. ’n beroep (veral by geneeskunde en regs=pleging), vgl. **praktiseer**.

praktyk: beroepswerkzaamheid; teenoorgestelde v. teorie; Ndl. *praktijk* (Mnl. *pra(k)tīke*), Hd. *praxis*, Eng. *practice*, via Ofr. *pra(c)tique* uit Lat. *practica* uit Gr. *praktikê*.

pram: vrouebors; Ndl. *pram* (na Kil), deverb. s.nw. by ww. *pramen*, “druk, knel, pers” (Lmnl. *prāmen*), verb. m. Lat. *premere*, “druk”, word d. dVri J NEW as “zeer gewaagd” beskou.

predikant: dominee, leraar, Prot. geestelike; (skertsend) wegwyser langs pad; Ndl. *predikant* (1530), afl. v. *prediken* en toeg. op R.K. geestelike; v. ook **preek**.

prediker: (soms maar selde) predikant; preker (nie ’n predikant v. beroep nie); Ndl. *prediker* (Mnl. *predicare/predicaer/predicaert*, vgl. Afr. *leraard* naas *leraar*), vroeër ook i.v.m. R.K. geestelikes gebr.; v. ook **predikant**.

preek: 1. (as s.nw.) kerklike, geestelike rede; vermanende (ver=velende) aanspreking; Ndl. *preek* (Kil *preke/prekinghe*), Hd. *predigt*, uit Ll. *pr(a)edica*, “aanspreking”; 2. (as ww.) ’n preek (in albei bg. bet.) lewer; Ndl. *prediken/pre(e)ken* (Kil *preken/prediken*), Mnl. nog *prēdiken* maar reeds Lmnl. *prēken*, Hd. *predigen*, Eng. *preach*, Fr. *prêcher*, uit Ll. *predicare* uit Lat. *praedicare*, “aanspreek, bekend maak”.

prei: groentes. (*Allium porrum*, fam. *Liliaceae*); Ndl. *prei* (Mnl. *por(r)eye/par(r)eye/par(r)eide*, by vRieb o.a. *prei/p(o)rey*), via Ofr. *porée* (Fr. *poireau/porreau*) uit Lat. *porrum*, “look”.

prekêr: onseker, gevaarlik; Ndl. *precair* (na Kil), Eng. *precarious*, uit Fr. *précaire* uit Lat. *precarius* (*prex* (gen. *precis*), “gebed, versoek”, + *-arius*, afl. v. ww. *precari*, “bid, versoek”).

premie: betaalbare bedrag i.v.m. versekering; beloning, bonus; prys; Ndl. *premie* (na Kil), wsk. uit Lat. mv. *praemia* (by *praemium*, “buit; wins”) wu. ook Hd. *prämie*, terwyl Eng. *premium* op d. vorm v. d. ekv. berus.

+**prendeles**: bedees, beteuterd; Scho (TWK 14, 1, p. 28) gee S.A. vb. uit 1845 en verkl. “maar die herkoms van die woord is my duister”; sou dit verb. kan hou m. Fr. (oorg. en onoorg. ww.) *prendre*, “opneem, vat”; “inslaan, indruk maak, ingang vind”, met mntl. byg. aan *comprendre*, “begryp”? Die suf. *-(I)eus(e)* skyn op Fr. herk. te wys, vgl. *frauduleus(e)*.

prière: boomlose grasland (veral i. Am.); Ndl. en Eng. *prairie* uit Fr. *prairie*, hou blb. verb. m. Lat. *pratium* “grasland” (NED).

presies: korrek, noukeurig, stip; Ndl. *precies*, soos Eng. *precise*, uit Fr. *precis* uit Lat. *praecisus*, “afgebroke, beknop” (*prae-/pre-*, “vooraf”, + *caedere*, “sny”, naas *praecidere*, “verkort”).

presteer: bereik; sukses behaal; verrig; Ndl. (16e/17e eeu) *preste(e)=ren* uit Ofr. *prester* uit Lat. *praestare*, “jou onderskei; oortref; borg staan”, vroeër veral as regsterm.

presumasie: vermoede, veronderstelling; nie in WNT nie, wel *presumptie* (Mnl. *presumptie*) en *presume(e)ren* (Mnl. *presumeren*), Fr. *presumption* en *présumer* (wu. Eng. *presumption* en *presume*) uit Lat. *praesumere*, “veronderstel, vooraf verwag” — uit Afr. *presumasie* is wsk. *spesmaas*, “vermoede”, ontst.; *presumasie* by Scho (TWK 14, 1, p. 29) met vb. uit 1866.

presumeer: vermoed, veronderstel; Ndl. *presume(e)ren* (Mnl. *presumeren*), v. verder **presumasie** — soos *spesmaas* uit *presumasie* wsk. ook *spesmeer*, “vermoed”, uit *presumeer*.

+**pretendeer**: regtelik te laat vasstel, by Trig (1Ro T DLT 257) *pretendeeren*; Ndl. (16e eeu) *pretende(e)ren* uit Fr. (15e eeu) *prétendre* uit Lat. *praetendere*, “voorhou”, vroeër veral as regsterm in bet. “aanspraak maak op”; vgl. Eng. *pretend*, *pretendant*.

preuts: oorsedig, oorskaam; Ndl. *preuts(ch)*, met reeks ww. (Mnl. *preus*, ook ww.), bet. o.a. “moedig, regskepe, trots”, mntl. via Ofr. *pros/preus* (Fr. *preux*), “flink, degelik”, uit Ll. *prode*, “voor=deel”, geabstr. uit Lat. *prodest*, “is nuttig” — naas Fr. *preux* ook *prude* (vgl. Eng. *prude*) in bet. “oorsedig”, maar fonet. en sem. ontw. nie almal duidelik nie.

prewel: sag, byna onverstaanbaar praat; Ndl. *prevelen* (na Kil) wel verb. m. OFri. *prefeln/pröfeln* en Fri. *prevelje*, “mompel”; vgl. **pruttel**.

priebie v. priewie.

prieel: — *prinjeel* — , (gew.) pergola v. druiwestokke, (maar ook) pergola v. rankplante; Ndl. *prieel* (Mnl. *pra-/proyeel/prieel*), uit OFr. *prail/prieil* (Fr. *préau*, ouer ook *prael/prieel*), “grasveld; lushof; speelplek”, uit Ll. *pratellum*, dim. v. *pratum* (v. **prêrie**) — van waar epent. *n* in Afr. *prinjeel*?

priemie v. priewie.

priester: geestelike; Ndl. *priester* (Mnl. *priester*), Hd. *priester*, Eng. *priest*, Fr. *prêtre*, hou verb. m. Lat. *presbyter* (kerkt.) uit Gr. *presbuteros*, “ouderling”.

priewie: — (minder gew.) *priebie* en *priemie* — , gemak(s)huisie, latrine, privaat, sekreet; Ndl. *privé* (uit OFr. *privé*) sedert 16e eeu in bet. “persoonlik, privaat” (soos by vRieb “in het privé alleen”), maar reeds in Mnl. *privaet/priveye*, soos *privaet* by Kil, in bet. “latrine, sekreet”, tot in 19e eeu op skepe gebr. en in S.A. misk. behou onder invl. v. Eng. *privy*.

pril: “jonk” (alleen attr., bv. “in sy prille jeug”); Ndl. *pril* (Mnl. o.a. *pral*, “mooi” (vgl. **praal**), maar by Kil *pril*, “lieflik, mooi”), verb. is gesoek m. Eng. *prill*, “stroompie lopende water”, m. Ndl. *pralen* en Hd. *prahlen* en met bet. “fris, lewendig”, maar verkl. v. herk. as kn. en v. bet. onseker.

prinjeel v. prieel.

prisma: bep. vorm v. liggaam m. sykante as parallelogramme; Ndl. (sedert 16e eeu) *prisma* uit Lat. *prisma* uit Gr. *prisma*, “driekantige pilaar; meetkundige liggaam”, eint. “gesaagde ding”, verb. met ww. *prizein*, “saag”.

probeer v. proe, proef.

proe: deur smaak ondervind; keur (drank, ens.); Ndl. *proeven* (Mnl. *proe-/prouven*, “ervaar, merk, smaak”), Hd. *prüfen*, Eng. *prove*, hou via ’n Rom. vorm (vgl. Fr. *prouver*) verb. m. Lat. *probare*, “toets, goedkeur, bewys”, en dan ook m. **probeer**.

proef: ondersoek, toets, bewys; Ndl. *proef/proeve* (Mnl. *proeve/prouve*, by vRieb o.a. *proeff* en *preuve*), Hd. *probe*, Eng. *proof*, via OFr. *prueve* (Fr. *preuve*) of direk uit Lat. *proba*, vgl. **proe**.

profeteer: voorspel; Ndl. *profete(e)ren* (Mnl. *propheteren*), via Ofr. *propheter* of direk uit Lat. *prophetare* uit Gr. *prophēteuein*, “voorspel”, denom. ww. by *prophētês*, “profeet”.

profiel: gesig v. sykant gesien; deursneebeeld v. voorwerp; Ndl. *profiel* (na Kil) uit Fr. (16e eeu) *profil* uit It. *profilo*, “syaansig”, deverb. s.n.w. by It. ww. *profilare*, “teken” (hou verb. m. It. *filo* en Lat. *filum*, “draad” — hierby ook Hd. *profil* en Eng. *profile*).

profiteer: voordeel behaal; wins maak; Ndl. *profite(e)ren* (Mnl. *profiteren*), soos Hd. *profitieren* en Eng. *profit* (ww.), via Ofr. *profiter* uit Lat. *proficere*, “vordering maak”.

profumeer: neol. in bet. “onaangename reuk versprei” (in teenstelling m. *parfumeer*) n.a.v. ongeurige berigte omtrent d. doen en late v. d. Brit. Minister v. Oorlog in 1963, J. Profumo.

profyt: wins, voordeel; Ndl. *profijt* (Mnl. *profijt*, “voordeel”), soos Hd. en Eng. *profit*, via Ofr. *profit* uit Lat. *profectus*, “vordering”, later “voordeel, wins”; v. ook **profiteer**.

pronk: spog, vertoon maak; Ndl. *pronken* (Mnl. *proncken*, “praal” (ww.), by Kil *pronken*, “nors/stuurs wees”); ouer bet. skyn te wees “lawaaï maak” en verskil n.g.v. “vrolike” of “nukkerige” lawaaï.

pronkbok v. springbok, trekbok.

pronsaal(boontjie): groente- en pln. (*spp. Phaseolus*, fam. *Leguminosae*), wsk. uit *pro(ve)nsaalboontjie*, na bewering afkomstig uit Provence; vgl. Eng. *Provence oil* v. “olyfolie afkomstig v. Provence”.

prooi: buit; slagoffer; Ndl. *prooi* (Mnl. *proye*), soos Eng. *prey*, via Fr. *proei* (Ofr. *preie*), “buit”, uit Lat. *pr(a)eda*, “buit; wins”.

propaganda: advertensie/reklame v. iemand of iets; Ndl. (19e eeu) *propaganda* n.a.v. instelling v. d. R.K. Kerk ter bevordering v. d. geloof, nl. *De propaganda fide*, wat verb. hou m. Lat. *propagāre*, “uitbrei, voortplant”.

proponent: (in Prot. Kerk) opgeleide teologiese student wat as predikant beroepbaar is; Ndl. *proponent* (16e eeu), hou verb. m. Lat. *proponere*, “aanbied” — in Eng. is ’n proponent i. d. alg. “iemand wat ’n voorstel doen”, maar Fr. *proposant* sluit in bet. nader by Ndl./Afr. *proponent* aan.

proseliet: afvallige v. sy kerk/party; Nnl. *proseliet*, wsk. via Fr. *prosélyte* uit Lat. *proselytus* uit Gr. *prosēlutos*, “iemand wat na ’n plek (d.w.s. kerk/party) gekom het”.

Protestant: aanv. “iemand wat tydens d. Hervorming teen die R.K. leer en praktyke geprotesteer het”; later “lid v. d. een of ander Prot. Kerk”; Ndl. *Protestant* (16e eeu), via Fr. *protestant*, teenw. dw. v. *protester*, “protesteer”, uit teenw. dw. v. Lat. *protestari*, “jou versit, protesteer”.

protesteer v. Protestant.

protokol: amptelike ooreenkoms/verslag; reëling i.s. rangorde/prosedure by amptelike geleenthede/seremonies, ens.; Ndl. (16e eeu) *protocol/protokol*, wsk. via Fr. *protocole* (14e eeu) uit Ll. *protocollum* (wu. ook Eng. *protocol*) uit Gr. *prōtokollon*, eint. “vooraan geplakt blad papier, waarop de korte inhoud van een akte vermeld staat” (WNT XII 4532).

proviand: kosvoorraad, lewensmiddele; Ndl. (16e eeu) *proviand* (by Kil *provande*, “voorrade”) uit Hd. (2e helfte 15e eeu) *proviand* uit It. *provianda*, onder invl. v. Lat. *providēre*, “sorg vir”, ontst. uit Lat. *praebenda*, “wat verskaf moet word” — hieruit reeks Germ. en Rom. vorme.

provisie v. mondprovisie.

pruik: kunsmatige hoofhaar; Ndl. *pruik* (by Kil *perruycke/perhuycke*, later *paruik/paruike*), soos Hd. *perücke* en Eng. *periwig* en *peruke*, via Fr. *perruque* uit It. *perrucca*, “pruik”, verb. m. Lat. *pilus*, “haar”, word bestry (dVri J NEW).

pruim I: vrug- en pln. (*Prunus domestica*, fam. *Amygdalaceae/Rosaceae*); Ndl. *pruim* (Mnl. *prūme*), Hd. *pflaume*, Eng. *plum* en *prune*, Fr. *prune*, It. *pruno*, gaan terug op Lat. *prunum*, “pruim”, mntl. v. Oosterse herk.

pruim II: tabak kou; Ndl. *pruimen*, word beskou as ’n denom. ww. by **pruim I**, d.w.s. “’n hoeveelheid tabak soos ’n pruim kou”; Kem WFA 193 wys ook nog op d. gebr. v. *pruim* as bw. in *pruim kijken/zien* (WNT XII 4624).

pruimpie: Kem (WFA 38) stel d. vraag of *pruimpie* (en ander dgl. gevalle, bv. *herkoutjie*) sonder meer as ’n dim. v. **pruim I** of misk. as ’n dim. deverb. by **pruim II** beskou moet word; vgl. **pootjie** wat dikw. ww. is, terwyl *pruimpie* gew. s.nw. is.

prul: minderwaardige, waardelose ding; Ndl. *prul* (na Kil), kom ook in Ned. en Fri. voor, maar die omstrede etim. het nog geen uitsluitel opgelewer nie (v. dVri J NEW).

pruttel: brom, mor; Ndl. *pruttelen*, vroeër ook *prutelen* (na Kil wat egter *prōtelen/preutelen*, “brom, mopper”, vermeld, en reeds Lmnl. *prōtelen* in dié bet.), vgl. WFA. *prötteln/prütteln* en Fri. *prottelje*, almal wsk. kn.; vgl. **prewel**.

prys I: waarde; lof; beloningsgeskenk; Ndl. *prijs* (Mnl. *prijs*), Hd. *preis*, Eng. *price*, via Ofr. *pris* (Fr. *prix*) uit Lat. *prētium*, “prys; waarde”.

prys II: lof toebting, loof, roem, verheerlik; Ndl. *prijzen* (Mnl. *prisen/priesen*, “waarde skat; roem”), Hd. *preisen*, Eng. *prize*, via Ofr. *prisier* (Fr. *priser*) uit ’n Ll. ww. wat verb. hou m. Lat. *prētium* (v. **prys I**) — Eng. *praise* egter via Ofr. *preisier* uit Ll. *preciare*, “waardeer”, vgl. Eng. *appreciate*. By **prys II** tans ook ’n neol. ww. *prys*, “iets van ’n prysaanduiding voorsien”, ook Ndl. *prijzen*.

psalm: gewyde lied (inhoud v. deel v. d. Bybel en v. beryming daarvan); Ndl. *psalm* (Mnl. *salm(e)*/*psalm*, by Kil *salm*), Hd. en Eng. *psalm*, Fr. *psaume*, uit Kerkl. *psalmus* uit Gr. *psalmos* (verb. m. ww. *psallein*, “tokkel” (v. snare) by begeleiding v. snaarinstrument).

pst v. sjt, sjoot, st, sus I.

publiek: openbaar (s.n.w., b.n.w. en bw.); so ook Ndl. *publiek* (by Kil alleen b.n.w. en bw.), soos Hd. *publik* en Eng. *public*, via Fr. *public* uit Lat. *publicus*, “openbaar” — Afr. gebr. in bet. “beslis, duidelik, presies of”, soos by Trig (1Ro T DLT 258), sluit aan by blb. veroud. gebr. in Ndl. (vgl. WNT XII 4702).

pufaro v. bafaro.

puik: (cliché in hedendaagse joernalistiek v.) goed, mooi, uitstekend; Ndl. *puik*, s.n.w., “die beste gehalte van iets” (Mnl. *puuc*, “die beste soort laken of wol”), Ned. *pük*, Eng. *puke*, herk. hoërop onseker (dVri J NEW); vgl. ook Kem (WFA 51).

puil: — *peul* — , na buite uitstaan/-steek/-swel (bv. oë), gew. in ss. *uitpuil*; Ndl. *puilen*, gew. in ss. *uitpuilen*, “swel, bol staan” (by Kil *puylen*, soos Mnl. wat daarnaas nog *pülen/pullen*, “uitpuil”, ken) hou wsk. verb. m. *buidel*, “sakkie”, en m. *buil*, “swelling”, wat albei op ouer bet. “swel” dui.

puin: klippe, sand, stene en allerlei voorwerpe deureen (gew. by omgevalle mure of ingestorte geboue, ens.); Nnl. *puin*, meer bep. NHoll. besuide die Y, herk. onbek.

puis: (gew. dim.) *puisie*, klein geswel m. etterpuntjie; Ndl. *puist* (Mnl. *puust*), Mned. *pūst*, “iets wat opgeswel is”, v. **puil**.

pulwer v. poeier.

puntenerig: — *punteneurig* — , op sy eer gesteld, kieskeurig; Ndl. (dial. en “volks”) *ponteneurig* uit Fr. *point d'honneur*, “punt van eer”, + suf. *-ig*.

puruutjie: blom- en pln. (*spp. Cyrtanthus*, fam. *Amaryllidaceae*), ook bek. as *brandlelie* (Mar 139) en as *vuurlelie* (vWiel 106, 229), albei na bewering n.a.v. die feit dat d. rooi blomme na veldbrande verskyn, terwyl ben. *puruutjie* wsk. kn. is (geluid gehoor as op blomhulsie geblaas word).

puts I: (enigsins veroud. v.) emmer (veral v. leer of seil), leef o.a. nog in ss. *teerputs* (lett. en fig.); Ndl. en dial. *puts(e)/pu(t)s* (by Kil reeds *putse*) wsk. uit Holl.-Se. seemt. in bet. “skeepssemmertjie v. leer of seil”, ’n enkele keer d. vRieb as “balie” aangedui, origins aldaar *puds*, *pudsen*, *waterputs*, kan verb. hou m. Ndl. *put* (s.nw.) of m. *putten* (ww.) en in lg. geval kn. wees.

puts II: (dial. v.) *put*, gegrawe gat v. watervoorraad e.a. doeleindes; Ndl. *put* (Mnl. *put(te)/piu(te)/pet*), Hd. *pfütze*, Eng. *pit*, vroeër aanvaarde ontl. aan Lat. *puteus*, “waterput”, word tans be-twyfel (dVri J NEW) — is slot-s hier in Afr. beïnv. d. **puts I** of is daar ’n ander verkl. ? (vgl. bv. **kats I** en II).

puttie: “beenwindsel v. soldate”; Ndl. *puttie* (20e eeu) uit Eng. *puttee*, maar Afr. het dit wsk. direk aan Eng. ontleen tydens d. Tweede Vryheidsoorlog, 1899–1902 (v. Bosh VT 415) — Eng. *puttee* uit Hindo. *patti*, “band, windsel”.

+ **py:** skippersbaadjie; Ndl. *pij* (Mnl. *piē/pije*, by vRieb *peyen en baytjens*, *pijen en baeytjes*), Eng. het *courtepy* (14e eeu) en *pee* (15e eeu) in bet. “coat of coarse woollen stuff”, maar daar be-staan twyfel daaraan of Ndl. *korte piē* en *piē* daaraan ontl. is of andersom; die wd. hoort tuis by d. 17e-eeuse seemt.

pyl: skag wat m. ’n boog afgeskiet word; Ndl. *pijl* (Mnl. *pijl/pile*), Hd. *pfeil*, Eng. *pile*, uit Lat. *pilum*, “werpspies”.

+ **pylhout:** vlg. Scho PD 31 “nou onbekend”, maar vermeld in 1705 en blb. = *as(se)gaaihout* (*Curtisca faginea*, fam. *Cornaceae*) “deurdat die Hottentotte hulle assegaai en pyle van die hout van hierdie plante gemaak het”; v. ook **asgaaios**.

pylstert I: vgl. Scho PD 17 “vermoedelik die *Pomeros cafer*”; deur Stav gedok. en aanh. by Pet A 372, hoewel dit nie vas staan dat dit dies. voëls. is nie; Ndl. ken etlike voëls. m. dié naam (WNT XII 1637).

pylstert II: ben. v. etlike viss., bv. *spp. Dasyatis*, fam. *Dasyatidae*, *spp. Myliobatis*, fam. *Myliobatidae*, *spp. Trygon*, fam. *Trygonidae*/*Dasyatidae* (v. Pet A 372, Bul 2, p. 57–9 en Barn 27); Ndl. ken ook etlike viss. m. dié naam, nl. *pijlstaart/pijlsteert* (WNT XII 1638).

pylvak: laaste stuk v. renbaan wat pylreguit loop (by atletiekbane en perdewedrenbane); blb. nie in Ndl. bek. onder dié naam nie, in Eng. *the straight*; in Afr. soms verwar m. **peilvlak** (q.v.).

pyn I: lyding, seer, smart; Ndl. *pijn* (Mnl. *pīne*), Hd. *pein*, Eng. *pain* (ouer en veroud. *pine*), via Ofr. *peine* uit Ll. *pēna*, "straf" (v. d. hel), uit Lat. *poena*, Gr. *poinë*, albei "boete".

pyn II: denne-/pynboom (*spp. Pinus*, fam. *Coniferae/Pinaceae/Taxodiaceae*); Ndl. *pijn* (Mnl. *pijn*), Eng. *pine(tree)* via Ofr. en Fr. *pin* uit Lat. *pinus*, "pyn-/denneboom".

+ **pynappel** I: tans bek. as *dan(n)e-/dennebol* (v. **dan(n)e-**); Ndl. *pijnappel* (Mnl. *pijnappel*), "keëlvormige vrug v. d. denneboom" (WNT XII 1657).

pynappel II: vrug- en pln. (*spp. Ananas*, fam. *Bromeliaceae*); ten onregte word soms nog gemeen dat dit in Afr. in hierdie bet. 'n leenv. uit Eng. *pineapple* is; Bosh (VT 194) het m. gegewens uit vLin, dLae, GMS, Dod en Vet aangetoon dat dié toep. in 17e-eeuse Ndl. gew. was; by genoemde bronne kan nou nog gevoeg word Bog (I 456, 463-4) en WNT XII 1658.

+ **pynkelder**: ben. v. enigeen v. d. pynstillende geneesmiddels i. d. volksgeneesk.; volkset. v. Eng. *pain-killer* (alg. handelaars, gew. Engelspr., kon vroeër vanweë skaarste aan geneesh. dgl. middels ruimskoots aan d. plattelandse bevolking verkoop).

pyp: hol voorwerp (bv. *broekspyp*), buis, bep. fluitinstrument, rook=werktuig, ens.; Ndl. *pijp* (Mnl. *pyp|pipe*), Hd. *pfeife*, Eng. *pipe*, uit Ll. *pipa*, verb. m. Lat. ww. *pīpāre*, "piep" (v. voëls), by Ndl. ww. *pijpen*.

pypgras: grass. (*Ehrharta villosa*, fam. *Gramineae*) wsk. n.a.v. sy buisvormige groeiwyse; blb. nòg in Ndl. nòg in Eng. bek.

pypie: 1. dim. v. *pyp*; 2. versk. blom- en pln. (o.a. *spp. Antholyza, Gladiolus* en *Watsonia*, vgl. Mar 66 en Scho PD 89).

pypkan I: melkfles met tiet vir baba; so Ndl. (sedert 17e eeu) *pijpkam*.

pypkan II: ww., bedrieg, fop, mislei; so Ndl. (blb. sedert 18e eeu) *pijpkannen*, maar in dié bet. is *pypkan* in Afr. 'n neol. wd. wat veral in sportkringe (meer bep. by rugby) 'n rol speel en dit dui op 'n mntl. leenv. uit Eng. "to give/sell a player the dummy", m.a.w. "'n speler d. pypkan gee", ontw. tot "'n speler pypkan".

pypklip: kleurryke klip waaruit boere vir hulle pype gesny het; Scho (TWK/NR 7, 2, p. 21) noem dokg. by Bur, Trig en Spo B¹, maar bewyse ontbreek om dit te vereenselwig m. die Am. *catlinite*, "the sacred pipe-stone of the American Indians" (NED).